

**'N MODEL VIR DIE PROSESSERING VAN  
DEMOGRAFIE  
AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL**

**R.F.A. Maarman**

**'N MODEL VIR DIE PROSESSERING VAN  
DEMOGRAFIE  
AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL**

**Rouaan Francois Alexander Maarman  
B.A., B.Ed., M.Ed., H.O.D.**

**Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad  
Philosophiae Doctor  
in vergelykende opvoedkunde in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe  
aan die  
Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus)**

**Promotor: Prof. S.C. Steyn  
Hulppromotor: Prof. C.C. Wolhuter**

**POTCHEFSTROOM  
2005**

Oppedra aan my ouers, **Donald en Marlene Maarman**, wat uit hul omstandighede gestyg het en deur hul voorbeeld en harde werk insigte by ons kinders gevestig het om alle uitdagings te benader met sukses alreeds in die vooruitsig.

---

---

## DANKBETUIGING

---

---

Opregte dank gaan aan die volgende rolspelers in my persoonlike en akademiese lewe:

- My promotor, prof. S.C. Steyn vir kundige, professionele en vriendelike leiding tydens die studie en mentorsrol in my vroeë akademiese loopbaan.
- My hulppromotor, prof. C.C. Wolhuter vir inspirasie en kundige leiding tydens die studie.
- Statistiese konsultasiediens van die Noordwes-Universiteit se Potchefstroom-kampus, en in die besonder prof. F. Steyn en mev. W. Breytenbach vir leiding en statistiese verwerking.
- Die Noordwes Departement van Onderwys (Suidelike streek) onder andere Mnr. M. Mooljee, vir die hulp met statistiek.
- Dr. A. van der Merwe vir die professionele taalversorging van die proefskrif.
- Mev. S.C. de Bruyn vir die tegniese versorging van die dokument.
- My direkteur, prof. Kobus Mentz vir professionele leiding, belangstelling en inspirasie tydens die studie.
- My dierbare vrou, Yolanda, vir die bystand, liefde en geloof in beide ons huwelik en my akademiese pogings, asook vir die keurige tikwerk.
- My broers en susters Rosheen, Rouché, Rauiri, Roneen en Ronan wat my altyd onvoorwaardelik ondersteun en ons gesinseenheid vir niks kompromitteer nie.

DR AMANDA VAN DER MERWE

(DLitt et Phil)

ACCREDITED LANGUAGE PRACTITIONER • GEAKKREDITEERDE TAALPRAKTIJSYN

(Afrikaans-English/English-Afrikaans)

SATI MEMBER NO • SAVI-LIDNR. 1000547

Retiefstr. 91 Retief St, Potchefstroom, 2531, RSA

Tel. + 27182943319

Fax + 27182943319

---

24 Mei 2005

Mnr RFA Maarman

Geagte Mnr. Maarman

**Redigering van proefskrif**

Ek bevestig hiermee dat ek u verhandeling, *'n Model vir die prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel*, geredigeer het en alle nodige en tersaaklike taalkundige, stilistiese en tipografiese verbeteringe op die teks aangedui het. Sorg asb. dat u dit so op die finale weergawe aanbring.

Vriendelike groete

---

AM van der Merwe

---

---

## OPSOMMING

---

---

### **'N MODEL VIR DIE PROSESSERING VAN DEMOGRAFIE AS DETERMINANT VAN DIE ONDERWYSSTELSEL**

Hierdie navorsing is gemik op die formulering van 'n model vir die prosesering van demografie as determinant van die onderwysstelsel. Die ontoereikende begrip van demografie in die onderwysstelsel lei tot gebrekkige hantering van die teikengroep deur onderwysvoorsieners wêreldwyd. Onderwysinskrywings, skoolleuensverwagting, suksesvolle vordering deur skoolgrade en skoolvoltooiingskoerse (veral in ontwikkelende streke) is steeds nie na wense in die meeste lande nie. Alhoewel ontwikkelde streke sekere van die bogenoemde aspekte bevredigend of soms goed beheers, word weer ander onderwysstelselaspekte soos onder andere inklusiwiteit en gelykheid as uitdagings ervaar.

Om die formulering van die model vir prosesering te stuur is 'n literatuurstudie onderneem wat demografie as determinant kan verklaar in onderwysstelselverband. Die konsep demografie is ondersoek vanuit 'n teoretiese perspektief. Navorsing aangaande wêreldwye demografiese tendense is onderneem en die onderskeie aspekte van demografiese uitdagings is uitgelig. Daarna is 'n studie van demografiese uitdagings ten opsigte van die vier komponente van die onderwysstelsel gedoen. Die literatuur het duidelik aangedui dat die manier waarop demografiese imperatiewe die verskillende elemente van die vier komponente raak, die kriteria bepaal waaraan 'n spesifieke onderwysstelsel se sukses gemeet kan word. Binne hierdie konteks is demografie as determinant van die onderwysstelsel verklaar en 'n bewustheid gekweek van hoe demografiese eise van die teikengroep benader kan word deur die onderwysvoorsiener.

'n Plaaslike ondersoek is onderneem om binne streekverband demografie te begryp. Die Noordwesprovinsie is as gevallestudie gebruik om 'n plaaslike perspektief op demografiese eise aan die onderwysstelsel te bied. Aangesien Noordwes een van die nege provinsies van Suid-Afrika is, was dit ook noodsaaklik om die breër Suid-Afrikaanse demografiese opset aangaande die nasionale tendense bloot te lê. Die Noordwesprovinsie toon wel sekere gemeenskaplike demografiese uitdagings met die nasionale opset, maar het ook 'n eie karakter ten opsigte van byvoorbeeld geografie en ekonomie wat direkte demografiese implikasies vir die onderwysstelsel inhou. Die algemene bevolkingsdata en die onderwysdata van die provinsie is in onderwysstreekverband ontleed ten einde die implikasies wat die onderwysdepartement in die gesig staar te beklemtoon. Tipiese demografiese imperatiewe (veral migrasie tussen streke binne die provinsie en migrasie na en van die provinsie) wat werksaam in die Noordwesprovinsie is, kan byvoorbeeld toegeskryf word aan die boerdery-en mynbedrywe van die provinsie.

Die empiriese ondersoek van die navorsing was gerig op die belewenisse van skole in die Noordwesprovinsie ten opsigte van demografiese uitdagings. In die ondersoek is gefokus op die leiding en bestuur van die skoolbesture ten opsigte van demografiese uitdagings. Die demografiese impak in skool-en streekverband is ook onder die vergrootglas geplaas. Administratiewe probleme wat skoolhoofde ervaar as gevolg van gebrekkige strukturele beplanning is ondersoek en 'n beleidsontleding is vanuit 'n bestuursoogpunt gedoen. Die response aangaande bogenoemde aspekte toon oorwegend dat groot uitdagings die onderwysdepartement in die gesig staar as gevolg van die demografiese impak op die onderwysstelsel.

'n Model is geformuleer met onder andere algemene demografiese voorvereistes, relevante demografiese imperatiewe en 'n strukturele onderwysstelselbenadering. 'n Voorstel is ook gemaak aangaande die toereikende toepassing van die model. Hierdie bydrae tot demografiese prosessering behoort onderwysvoorsieners se begrip van demografie as 'n

determinant van die onderwysstelsel te verbreed en sodoende leemtes in onderwysvoorsiening en -bestuur in die onderwysstelsel aan te spreek.

Trefwoorde vir indeksering: *demografie, onderwysstelsel, determinante, model, prosessering, getalle, onderwysstreke.*

---

---

## ABSTRACT

---

---

### **A MODEL FOR THE PROCESSING OF DEMOGRAPHY AS A DETERMINANT OF THE EDUCATION SYSTEM**

This research is aimed at the formulation of a model for the processing of demography as a determinant of the education system. The inadequate understanding of demography in the education system causes flawed management of the target group by educational providers worldwide. Enrolment rates, school life expectancy, put-through rates and school completion rates (especially in developing countries) are not up to standard in most countries. Although developed regions manage most of these imperatives satisfactory, other education system aspects are experienced as challenges, for example inclusivity and equality.

To steer the formulation of the model for the processing, a literature study was undertaken to elucidate demography in the context of the education system. The concept *demography* is investigated from a theoretical perspective. Research about the worldwide demographic tendencies was undertaken and the different aspects concerning demographic challenges were exposed. This was followed by a study concerning demographic challenges with respect to the four components of the education system. The literature clearly showed that the way in which demographic imperatives influence the four components, determines the criteria according to which a particular education system might measure its success. Within this context demography as determinant of the education system is explained and an awareness is cultivated about how demographic demands of the target group can be approached by the education provider.

A local investigation was undertaken to understand demographic demands in regional context. The North-West Province was used as a case study to present a local perspective of demographic demands on the education system. As the North-West Province is one of the nine provinces of South Africa, it was also necessary to indicate the wider South African demographic trends. Although the North-West Province does experience certain demographic challenges similar to those of the South African set-up as a whole, it also possesses a number of unique aspects, for instance its geography and economy, which have direct demographic influence on the education system. The general population data and the education data of the province was scrutinised in the context of the educational region to emphasise the implications for the Department of Education. Typical examples of demographic imperatives (especially migration between regions of the province and migration to and from the province) which operate in the North-West Province can be attributed to the farming and mining activities prevalent in the province.

The empirical investigation of the research was aimed at the experiences of schools in the North-West Province concerning demographic challenges. The investigation is focused on the leadership of schools and the management of the school leaders regarding demography. The demographic impact in the school- and regional context is also investigated in detail. Administrative problems experienced by principals as a result of inefficient planning are investigated and a policy analysis is done from a management perspective. The responses regarding the above-mentioned aspects show the challenges facing the Department of Education because of the demographic impact.

A model is formulated with general demographic guidelines, relevant demographic imperatives and a structural education system approach. Suggestions are made about the adequate application of the model. This contribution to demographic processing is intended to broaden the

understanding of educational providers regarding demography as a determinant of the education system and to address the gaps in educational provision and management.

Keywords for indexing: *demography, education system, determinants, model, processing, numbers, educational regions.*

---

---

## INHOUD

---

---

OPSOMMING.....	i
ABSTRACT .....	iv
LYS VAN TABELLE.....	xi
LYS VAN FIGURE.....	xiv

### HOOFSTUK 1

AGTERGROND VAN STUDIE .....	1
1.1 DOEL- EN / PROBLEEMFORMULERING .....	1
1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS.....	6
1.3 METODE VAN ONDERSOEK .....	7
1.3.1 Literatuurstudie .....	7
1.3.2 Kwantitatiewe ondersoek .....	7
1.3.2.1 Populasie en steekproef.....	7
1.3.2.2 Meetinstrument .....	7
1.3.2.3 Data-ontleding.....	8
1.3.3 Prosedure .....	8
1.4 HOOFSTUKINDELING .....	8

### HOOFSTUK 2

DEMOGRAFIE AS DETERMINANT VAN ONDERWYSSTELSELS .....	9
2.1 INLEIDING .....	9
2.1.1 Vergelykende opvoedkunde: begripsverheldering en funksies .....	9
2.1.2 Fokus van die vergelykende opvoedkunde .....	14
2.1.3 Doel van vergelykende opvoedkunde .....	15
2.2 ONDERWYSSTELSEL .....	20
2.2.1 Omskrywing van onderwysstelsel .....	20
2.2.2 Soorte onderwysstelsels .....	21
2.2.3 Struktuur van onderwysstelsels .....	22
2.2.3.1 Onderwysstelselbeleid .....	22
2.2.3.2 Onderwysstelseladministrasie.....	23
2.2.3.3 Onderwyskundige struktuur (skoolstelsel).....	27
2.2.3.4 Ondersteuningsdienste .....	28
2.3 DETERMINANTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL.....	30
2.3.1 Interne determinante.....	30
2.3.2 Eksterne determinante .....	31

2.4	DEMOGRAFIE .....	32
2.4.1	Teoretiese verklaring .....	32
2.4.2	Wêreldwye onderwystendense ten opsigte van leerdergetalle .....	36
2.5	INVLOED VAN DEMOGRAFIE OP DIE ONDERWYSSTELSEL ...	45
2.5.1	Invloed van demografie op onderwysstelselbeleid .....	48
2.5.2	Invloed van demografie op onderwysstelseladministrasie .....	57
2.5.3	Invloed van demografie op die onderwyskundige struktuur .....	65
2.5.4	Invloed van demografie op ondersteuningsdienste .....	76
2.6	SAMEVATTING .....	79

### HOOFSTUK 3

#### DEMOGRAFIE EN ONDERWYSSTELSEL VAN NOORDWES .....

81

3.1	INLEIDING .....	81
3.2	SUID-AFRIKAANSE DEMOGRAFIESE TENDENSE .....	83
3.3	ONDERWYSDATA .....	91
3.4	DEMOGRAFIESE ONTLEDING VAN ONDERWYSSTREKE .....	97
3.4.1:	Bojanala-onderwysstreek .....	98
3.4.1.1	Demografiese agtergrond .....	98
3.4.1.2	Onderwysdata .....	101
3.4.1.3	Demografiese eise van Bojanala-onderwysstreek .....	102
3.4.2	Sentrale onderwysstreek .....	106
3.4.2.1	Demografiese agtergrond .....	106
3.4.2.2	Onderwysdata .....	109
3.4.3	Suidelike onderwysstreek .....	112
3.4.3.1	Demografiese agtergrond .....	112
3.4.3.2	Onderwysdata .....	115
3.4.3.3	Demografiese eise van die Suidelike onderwysstreek .....	115
3.4.4.	Bophirima-onderwysstreek .....	118
3.4.4.1	Demografiese agtergrond .....	118
3.4.4.2	Onderwysdata .....	121
3.4.4.3	Demografiese eise van die Bophirima-onderwysstreek .....	122
3.5	PROVINSIALE DEMOGRAFIESE ASPEKTE .....	124
3.5.1	Opvoeder-tot-leerderratio-dilemma in die Noordwesprovinsie .....	124
3.5.2	Moedertaalopvoeders .....	126
3.5.3	Beleidsontleding: Norme en standaarde vir skoolbefondsing .....	127
3.5.3.1	Analiserings van beleide aangaande voorsiening van onderwys ...	127
3.5.3.2	Analiserings van meetinstrumente aangaande demografiese data van die teikengroep .....	130
3.6	SAMEVATTING .....	132

### HOOFSTUK 4

#### EMPIRIESE NAVORSING .....

134

4.1	INLEIDING .....	134
-----	-----------------	-----

4.2	DIE ONDERSOEKMETODE.....	135
4.2.1	Populasie en steekproef.....	135
4.2.1.1	Gestratifiseerde ewekansige steekproef.....	136
4.2.2	Administratiewe prosedure.....	137
4.2.3	Struktuur van die vraelys.....	137
4.2.3.1	Begripsoms krywing.....	137
4.2.3.2	Uitleg van vraelys.....	139
4.3	RESULTATE, INTERPRETERING VAN DATA EN BESPREKING.....	142
4.3.1	Inleiding.....	142
4.3.2	Interpretering van biografiese besonderhede (en ander relevante data).....	143
4.3.3	Interpretering van data uit Afdeling B wat verband hou met die leiding en bestuur aan skoolhoofde ten opsigte van die hantering van demografie in streekverband.....	147
4.3.4	Die interpretering van data uit Afdeling C handel ten opsigte van die beleidsimpak (C1) op die hantering van demografie by skole en die administratiewe hantering (C2) van demografie in skole... ..	156
4.3.5	Interpretering van data uit Afdeling C as verbandhoudend met die mate waartoe die Noordwes Departement van Onderwys beantwoord aan die demografiese eise van skole.....	168
4.3.6	Cronbach alfabetroubaarheid op verskillende afdelings van die vraelys.....	172
4.4	SAMEVATTING.....	173

## HOOFSTUK 5

	MODEL VIR DEMOGRAFIESE PROSESSERING IN DIE ONDERWYS- STELSEL.....	175
5.1	INLEIDING.....	175
5.2	DIE BEGRIP <i>MODEL</i> .....	175
5.3	MODEL VIR DIE PROSESSERING VAN DEMOGRAFIE AS DETERMINANT VAN 'N ONDERWYSSTELSEL.....	177
5.3.1	Inleiding.....	177
5.3.2	Algemene demografiese voorvereistes.....	178
5.3.3	Relevante demografiese imperatiewe.....	181
5.3.4	Strukturele onderwysstelselbenadering.....	183
5.3.4.1	Onderwysstelselbeleid.....	184
5.3.4.2	Onderwysstelseladministrasie.....	185
5.3.4.3	Onderwyskundige struktuur.....	186
5.3.4.4	Ondersteuningsdienste.....	187
5.4	IMPLEMENTERING VAN DIE MODEL.....	190
5.5	ONDERWYSBEPLANNING AAN DIE HAND VAN DIE MODEL..	193
5.5.1	Voorstel aangaande onderwysbeplanning.....	193
5.5.2	Struktuur vir die prosessering van demografiese tendense.....	194
5.6	SAMEVATTING.....	196

## HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS .....	198
---	-----

6.1	INLEIDING .....	198
6.2	SAMEVATTING .....	198
6.3	BEVINDINGS .....	200
6.3.1	Bevindings aangaande die literatuur .....	200
6.3.2	Bevindings aangaande die Noordwesondersoek .....	202
6.4	AANBEVELINGS .....	204
6.5	AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING .....	206
6.6	TEN SLOTTE .....	207

BIBLIOGRAFIE .....	208
--------------------	-----

BYLAAG A

BYLAAG B

BYLAAG C

---

---

## LYS VAN TABELLE

---

---

Tabel 2.1	Skematiese voorstelling van demografie .....	35
Tabel 2.2:	Verskille tussen die ouderdomstrukture van die vernaamste lande/streke van die wêreld: 1985 en 2025 .....	39
Tabel 2.3:	Vordering van leerders deur die onderwysstelsel .....	42
Tabel 2.4:	Groei van die nasionale onderwysstelsel van Ierland, 1831-1870 .....	46
Tabel 2.5:	Demografiese struktuur per ouderdomsgroep van Meksiko 1970-1990 .....	50
Tabel 2.6:	Versnellings- en vertragingseffek van geboortegetalte op die onderwysstelsel .....	74
Tabel 3.1	Halfjaarskattings vir Suid-Afrika per bevolkingsgroep en geslag .....	84
Tabel 3.2	Halfjaarskattings per etniese verband, ouderdom en geslag sonder inagneming van die MIV/vigs faktor vir 2004 .....	85
Tabel 3.3:	Halfjaarskattings per etniese verband, ouderdom en geslag met inagneming van die MIV/vigs faktor vir 2004 .....	86
Tabel 3.4:	Provinsiale MIV-voorkoms vir bywoners van voorgeboorte- klinieke in Suid-Afrika: 1998-2000 .....	88
Tabel 3.5:	MIV-voorkoms tendense per ouderdomsgroep vir bywoners van voorgeboorteklinieke in Suid-Afrika: 1998-2000.....	89
Tabel 3.6	Totale migrasie strome (Gauteng, Wes-Kaap, Noordwes) 2001-2006 .....	91
Tabel 3.7:	Basiese skooldata, 2001.....	92
Tabel 3.8:	Vergelyking van leerders, opvoeders en skole in openbare skole van die Noordwesprovinsie, 1999-2001 .....	93

Tabel 3.9: Redes waarom personeel die Noordwes Onderwysdepartement verlaat, 2003/2004 .....	94
Tabel 3.10: Subprogram: openbare primêre skole, 2000-2004 .....	95
Tabel 3.11: Ouderdomgegewens van primêre-skoolgroep .....	99
Tabel 3.12: Prominente moedertaalsprekers .....	99
Tabel 3.13: Prominente ekonomiese aktiwiteite .....	100
Tabel 3.14: Arbeidstatus .....	100
Tabel 3.15: Primêre skool: Leerdergetalle .....	101
Tabel 3.16: Regering betaalde opvoeders: primêre fase .....	102
Tabel 3.17: Ouderdomgegewens van primêre-skoolgroep .....	107
Tabel 3.18: Prominente moedertaalsprekers .....	107
Tabel 3.19: Prominente ekonomiese aktiwiteite .....	108
Tabel 3.20: Arbeidstatus .....	108
Tabel 3.21: Primêreskoolleerdergetalle .....	109
Tabel 3.22: Regeringsbetaalde opvoeders (primêre skoolfase) .....	109
Tabel 3.23: Ouderdomsgegewens van primêre-skoolgroep .....	113
Tabel 3.24: Prominente moedertaalsprekers .....	113
Tabel 3.25: Prominente ekonomiese aktiwiteite .....	114
Tabel 3.26: Arbeidstatus .....	114
Tabel 3.27: Primêreskoolleerdergetalle .....	115
Tabel 3.28: Regeringsbetaalde opvoeders (primêre skoolfase) .....	115
Tabel 3.29: Ouderdomgegewens van primêre-skoolgroep .....	119
Tabel 3.30: Prominente moedertaalsprekers .....	119
Tabel 3.31: Prominente ekonomiese aktiwiteite .....	120
Tabel 3.32: Arbeidstatus .....	120
Tabel 3.33: Primêreskoolleerdergetalle .....	121
Tabel 3.34: Regeringsbetaalde opvoeders (primêre skoolfase) .....	121
Tabel 4.1: Steekproefgrootte en terugvoerrespons .....	136
Tabel 4.2: Biografiese besonderhede van skoolhoofde en skole .....	143
Tabel 4.3: Mate van leiding en bestuur ten opsigte van die hantering van demografies vir skoolbesture .....	147

Tabel 4.4: Mate van leiding en bestuur ten opsigte van die hantering van demografie met betrekking tot streekbeplanning .....	150
Tabel 4.5 Demografiese impak in skoolverband: Beleidsfokus.....	156
Tabel 4.6: Demografiese impak in skoolverband: Administratiewe fokus	162
Tabel 4.7: Beantwoording aan demografiese eise deur Onderwysdepartement .....	168
Tabel 4.8: Betroubaarheid van vraelys .....	172
Tabel 4.9: Verskille tussen plattelandse gebiede en dorp/stedelike gebiede .....	173
Tabel 4.10: Verskille tussen die status van onderrigtaal: Groepe: enkelmedium en parallel/dubbelmedium .....	173

---

---

## LYS VAN FIGURE

---

---

Figuur 2.1	Verandering in die verspreiding van die wêreldbevolking .....	37
Figuur 2.2:	Skoolleuensverwagting in jare per land (primêre en sekondêre onderwys) .....	41
Figuur 2.3:	Verandering in deelname aan die onderwysstelsel in Afrika sedert 1990.....	43
Figuur 2.4:	Universele primêre onderwys (Verspreiding van nasionale primêre netto inskrywingskoerse per inkomstegroep en streek 2001) % lande in streek .....	44
Figuur 2.5:	Totale fertiliteitskoerse vir Europa en Sentraal Asië (ESA) lande .....	66
Figuur 3.1	Nasionale MIV tendense vir bywoners van voorgeboorte klinieke In Suid-Afrika: 1990 – 2000 .....	87
Figuur 3.2:	Bojanala munisipaliteit/onderwysstreek .....	98
Figuur 3.3:	Sentrale munisipaliteit/onderwysstreek.....	106
Figuur 3.4:	Suidelike munisipaliteit/onderwysstreek .....	112
Figuur 3.5:	Bophirima munisipaliteit/onderwysstreek.....	118
Figuur 5.1	'n Model vir die prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel.....	188
Figuur 5.2:	Prosessering en toepassing van onderwysbeplanning aan die hand van demografiese tendense .....	195

en skoolhoofde, het 'n duidelike leemte na vore gekom aangaande die provinsiale onderwysstelsel se begrip en verrekening van demografie as determinant van die provinsie se onderwysstelsel. Wolhuter (2002:36) vra die vraag of Vergelykende Opvoedkunde, in die lig van samelewingstendense nie homself behoort aan te pas nie, ten einde 'n relevante en waardevolle wetenskap te bly nie. Hierdie studie wat die demografie van die onderwysstelsel binne provinsiale verband wil blootlê is juis die soort inisiatiewe wat die wetenskap nie net relevant en waardevol hou nie, maar ook die ontwikkeling van die vak verseker. Volgens Riekert (2003) beskik die Noordwes Departement van Onderwys nie oor navorsingsinisiatiewe en kapasiteit buite die Publieke Diens Regulasiewet (105 van 1994b) om getalle te ondersoek nie, as gevolg van 'n tekort aan finansies. Die eise wat demografie aan die onderwysstelsel in die Noordwesprovinsie stel moet dus ondersoek word en aan die administrateurs en opvoeders van die provinsie gekommunikeer word. Daarbenewens kan demografie nie slegs as 'n determinant van die onderwysstelsel gesien word nie, maar dit beklee ook 'n bepalende prioriteitsposisie in die onderwyskundige struktuur, tesame met finansiering en hulpbronvoorsiening. Die onderwyskundige struktuur bekom juis die temas van sy missie vanaf die demografiese realiteit van die teikengroep. Demografie het uiteenlopende invloede op die onderwysstelsel. Die aantal geboortes, sterftes, opvoeders, leerders, veranderende aard van die teikengroep ten opsigte van demografie, speel alles 'n rol in die strewe na suksesvolle onderwysvoorsiening.

Voor die bestelverandering in die onderwysstelsel 'n werklikheid geword het, het Van Aardt (1994:32) alreeds die groot getal leerders in verhouding tot die getal opvoeders en die tekort aan wetenskap, wiskunde en tegniese opvoeders geïdentifiseer as moontlike oorsake van 'n onderwys- en opleiding krisis in Suid-Afrika. Alhoewel Riekert (2003) aanvoer dat die Noordwes Departement van Onderwys sy begroting korreleer met die getalle van die leerders om onderwysvoorsiening in die provinsie binne die aangewese opvoeder-tot-leerderratio te hou, ervaar skoolhoofde soos Jacobs (2003) steeds, 'n lys tekorte

ten opsigte van die skool se basiese behoeftes aangaande demografiese eise. Kwessies soos die beskikbaarstelling van remediërende taalopvoeders, aflospersoneel, permanente opvoeders, en demografiese inligting aan skole word beskou as leemtes in die skoolopset. Volgens Lion (2003) bied die veeltalige aard van skole tans die grootste uitdaging. Hy beskou hierdie tendens as die grootste demografiese uitdaging van ons tyd, aangesien daar nie voldoende opvoeders is om die skool vanaf dubbelmedium na parallelmedium te verander nie. Hy verklaar verder dat dit groot administratiewe, didaktiese en finansiële implikasies vir die skool inhou en skryf die situasie toe aan die feit dat die onderwysdepartement nie demografiese ondersoeke loods en daarvolgens in streekverband voorsien nie. Volgens Du Preez (2003:11) beweer Molefe dat dit belangrik bly om voortdurend aandag te gee aan internasionale ontwikkelinge. Alhoewel die Noordwes op gebiedsbesondere eise moet fokus, kan ontwikkelingsinisiatiewe binne die nasionale onderwysstelsel nie buite rekening gelaat word nie. 'n Demografiese "hanteringsmodel" wat universeel toepaslik is, gekombineer met 'n plaaslike demografiese hulpentrum met akademiese kundigheid, kan help om 'n effektiewe onderwysstelselinisiatief te ondersteun.

Uit hierdie loods ondersoek blyk twee aspekte baie duidelik;

- (i) Die Noordwes Departement van Onderwys word uitgedaag om die demografiese impak op die onderwysstelsel toereikend te begryp en te bestuur en
- (ii) daar bestaan nie 'n model om demografie te evalueer, te interpreteer en te hanteer met betrekking tot die onderwysstelsel nie.

Hieruit blyk dit duidelik dat demografie as determinant van die Noordwes-provinsie se onderwysstelsel 'n noodsaaklike navorsingsgeleentheid bied, ten einde hierdie determinant te begryp en oordeelkundig te hanteer.

Daar bestaan wel genoeg betroubare data aangaande statistiek en projeksies van die Noordwesprovinsie. Demografiese inligting is tans beskikbaar in die Noordwes Departement van Onderwys se jaarverslag en die nasionale

Departement van Onderwys stel ook twee-jaarliks 'n boek beskikbaar met onderwysstatistieke. Daar is egter 'n tekort aan meganismes en inisiatiewe aan die kant van die onderwysdepartement om demografie te verstaan en ooreenkomstig te beplan en om toereikend te voorsien in die Noordwes se onderwysbehoefte.

In die loodsondersoek het die behoefte aan 'n "model" vir demografiese analisering, interpretasie en hantering na vore gekom. Onderwyskenners is dit eens dat demografie nie meer net as suiwer getalle beskou kan word nie, maar dat dit beide akademies en prakties geëvalueer en hanteer moet word, na aanleiding van die Suid-Afrikaanse realiteit. Die meriete daarvan is dat so 'n "model" provinsiaal, nasionaal en selfs internasionaal kan geld, aangesien demografie as determinant van die onderwysstelsel oral geld. Basson (2003:2) verduidelik dat provinsies hulp gaan kry om onderwysgeld te bestee na aanleiding van die voormalige minister Asmal se verslag oor die koste van onderwys. Die beplande "model" kan help met hierdie probleme in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel waar finansies oneffektief aangewend en bestuur word. Eybers (2003) skryf dat multikulturele parallelmediumskole "verarm" aangesien baie leerders uit arm gemeenskappe tans die skole bywoon. Hierdie skole word gesubsidieer volgens 'n armoede-indeks wat gebiedsgebonde is, en daarom kry hulle kleiner subsidies.

Parallelmedium skole beweer dat aangesien hulle nie meer opvoeders kan betaal nie, hulle noodgedwonge vakkeuses sal moet inkort. Toerusting soos rekenaars is ook nie meer bekostigbaar nie, omdat geen leerders toelating tot 'n skool geweier kan word op grond van finansies nie. Voorts bly taalremediëring met behulp van rekenaars ook in die slag. Bovermelde is enkele voorbeelde van hoe divers demografie manifesteer in ons onderwysstelsel, wat die behoefte aan 'n demografiese "model" onderstreep. Daar kan akkoord gegaan word met Laubscher (2003:6) dat Suid-Afrikans die nodige vaardighede moet kry, om in die arbeidsmark opgeneem te kan word. As te veel aan armoedeverligting bestee word, sal daar nie geld vir mense-ontwikkeling wees nie. Die

voorgestelde demografiese “model” sal verseker dat getalle verstaan word en met visionêre inisiatiewe vorendag kom, in plaas daarvan om bloot geld toe te voeg tot ‘n probleemsituasie. Alhoewel die Noordwes op gebiedsbesondere eise moet fokus, kan ontwikkelingsinisiatiewe binne die nasionale onderwysstelsel nie buite rekening gelaat word nie. ‘n Demografiese “model” wat universeel toepaslik is, gekombineer met ‘n voorstel vir die aanwending daarvan deur die funksionariese van die onderwysstelsel kan help om ‘n effektiewe onderwysstelselinisiatief tot gevolg te hê. Die geleentheid sal geskep word vir onder meer:

- die daarstel van akkurate data,
- die interpretering van die onderwysdepartement se ontwikkelingsplanne,
- die begrip en hantering van provinsiale eise,
- die praktiese hantering van demografie,
- beleidsontleding vir skole,
- multikulturele begrip van demografie,
- siklus-uitruiling van opvoeders om taal of kulturele insig op te doen,
- die nastreef van Suid-Afrikanisme; en
- die moontlikheid van ‘n streek-aflospersoneelsplan.

Só ‘n model moet ‘n teoretiese, praktiese en beleidsnut hê. Dit moet ook die kapasiteit hê om die provinsiale en nasionale onderwysstelselprioriteite te dien. Hierdie studie sal aansluit by Steyn *et al.* (2002:54) wat beweer dat ‘n groot tekortkoming in die bestudering van onderwysstelsels die feit is dat daar met groottes of veranderlikes van determinante gewerk word, maar dat nie aangetoon word hoe die relevante inligting ten opsigte van die onderwysstelsel geïdentifiseer en georden word vir gebruik in die onderwysstelsel nie. Demografie as determinant van die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel sal noodwendig tydens hierdie studie georden word (deur die teoretiese studie van

die determinant) en gebruik word in die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel, deur die model vir die hantering van demografie.

Na aanleiding van bogenoemde kom die volgende probleemvrae na vore:

1. Wat is die aard en omvang van demografie as determinant van die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel?
2. Watter implikasies hou demografie as determinant in vir die onderwysdepartement as onderwysvoorsiener?
3. In watter mate sal 'n model vir hantering van demografie beantwoord aan die demografiese eise wat deur die determinant aan onderwysstelsels gestel word?
4. Hoe sou 'n demografiese model en voorstel vir aanwending in die onderwysstelsel daaruit sien?

Bogenoemde navorsingsvrae lei tot die identifisering van 'n aantal navorsingsdoelstellings, wat vervolgens geformuleer word.

## **1.2 NAVORSINGSDOELSTELLINGS**

Die oorkoepelende doel van hierdie studie is om kriteria vir die evaluering van die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel te ontwikkel. Om hierdie doel te bereik sal:

- die demografiese eise aan onderwysstelsels ontleed word;
- daar bepaal word tot watter mate die onderwysstelsel aan die demografiese eise beantwoord,
- 'n model ontwikkel word om demografie as determinant van die onderwysstelsel te begryp en pro-aktief te benader; en
- voorstelle na aanleiding van die ondersoek gemaak word met die oog daarop om die toereikende aanwending van die model te verseker.

## **1.3 METODE VAN ONDERSOEK**

Die metode van ondersoek behels 'n literatuurstudie, en 'n kwantitatiewe ondersoek.

### **1.3.1 Literatuurstudie**

Die volgende inligtingsbronne is gebruik om relevante literatuur op te spoor: Ferdinand Postma Biblioteek (Potchefstroom kampus van die Noordwes Universiteit) :

- hoofkatalogus,
- tydskrifte en
- elektroniese bronne waaronder EBSCOhost.

Die volgende trefwoorde is gebruik: *demography, determinants, North-West Province, education systems, comparative education.*

### **1.3.2 Kwantitatiewe ondersoek**

#### **1.3.2.1 Populasie en steekproef**

'n Verteenwoordigende gestratifiseerde steekproef (N=150) uit al die primêre skole in die Noordwesprovinsie het aan die ondersoek deelgeneem.

1. die vyf onderwysstreek in die Noordwesprovinsie;
2. stedelike(dorp) - en plattelandse skole; en
3. Afrikaans-, Engels- en swarttalige skole.

#### **1.3.2.2 Meetinstrument**

Vraelyste is gebruik om 'n gedifferensieerde beeld te verkry van die demografiese realiteit in die Noordwes skole. Skoolhoofde het die vraelyste voltooi.

### **1.3.2.3 Data-ontleding**

Die Statistiese Konsultasiedienste van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) is genader word om die data te ontleed. Daar is hoofsaaklik van beskrywende statistiek gebruik gemaak.

### **1.3.3 Prosedure**

Die prosedure van die kwantitatiewe ondersoek het die volgende twee stappe behels:

- Toestemming vir die ondersoek is verkry vanaf die provinsiale onderwyshef (Superintendent-generaal).
- Die kringinspekteurs van die vyf onderwysstreek van die Noordwesprovinsie is genader om te help met die verspreiding van die vraelyste in die onderskeie streek deur opvoeders te identifiseer.

## **1.4 HOOFSTUKINDELING**

Hoofstuk 1: Agtergrond van studie.

Hoofstuk 2: Demografie as determinant van onderwysstelsels.

Hoofstuk 3: Demografie en onderwys in Noordwes.

Hoofstuk 4: Empiriese ondersoek.

Hoofstuk 5: Demografiese model

Hoofstuk 6: Samevatting, bevindinge en aanbevelings.

---

---

## HOOFSTUK 2

---

---

### DEMOGRAFIE AS DETERMINANT VAN ONDERWYSSTELSELS

#### 2.1 INLEIDING

Die doel van die hoofstuk is 'n literatuuroorsig rakende demografie as determinant van die onderwysstelsel. Dit is essensieel om die begrippe wat die basis van die studie vorm te verhelder ten einde 'n insiggewende begrip van demografie as determinant te vorm. Begrippe van die Vergelykende Opvoedkunde, die onderwysstelsel, determinante en demografie sal verhelder word deur 'n studie na die akademiese omvang daarvan. Die hoofstuk handel oor vergelykende opvoedkunde as wetenskap, verskillende onderwysstelsels, determinante van onderwysstelsels en die invloed van demografie op die onderwysstelsel.

#### 2.1.1 Vergelykende Opvoedkunde: begripsverheldering en funksies

Verskeie skrywers openbaar uiteenlopende menings rakende Vergelykende Opvoedkunde. Ooreenkomste in hierdie definisie fokus hoofsaaklik op twee aspekte, naamlik die bestudering van nasionale en internasionale onderwysstelsels, en die verbetering van die eie. Jones (1971:22) gee die toon aan vir definisies omdat hy sy klem op 'n egte internasionale fokus van Vergelykende Opvoedkunde plaas: “...it would be a pity to confine Comparative Education to established and hence, by implication, largely Western educational systems, or to restrict it to static descriptions, thus ignoring the dynamics of change in education and society which vitally concern the comparativist.”

Bereday (1964:5) verklaar ook die internasionale aard van Vergelykende Opvoedkunde soos volg: “...*Comparative Education seeks to make sense of the similarities and differences among educational systems. It catalogues educational methods across national frontiers; and in this catalogue each country appears as one variant of the total store of mankind's educational experience. If well set off, the like and contrasting colours of the world perspective will make each country a potential beneficiary of the lessons thus received.*”

Bereday *et al.*(1960:ix) regverdig die bestaan van Vergelykende Opvoedkunde as 'n onafhanklike dissipline deur aan te voer dat “ Vergelykende Opvoedkunde intellektueel is. Die mens bestudeer vreemde onderwysstelsels bloot omdat hy wil weet ... Kennis vir homself is die enigste grondige rede waarop Vergelykende Opvoedkunde sy staan maak vir insluiting tussen ander akademiese velde.” Kandel (1933) lê ook klem op kennis vir die belang van die eie, deur te skryf dat die studie van vreemde onderwysstelsels 'n kritiese benadering en uitdaging tot mens se eie filosofie beteken, asook 'n duidelike analise van die agtergrond en basis wat jou eie onderwysstelsel onderlê. Noah en Eckstein (1969) sluit hierby aan deur te postuleer dat Vergelykende Opvoedkunde verkeerdlik geïdentifiseer is as die bestudering van onderwys in 'n ander land of met studies wat onderneem is uit meer as een land. Hierdie siening van wat Vergelykende Opvoedkunde konstitueer geniet die aansien van beide algemene sin en algemene gebruik. Mens vind uit wat elders gebeur en vergelyk dit met wat plaaslik gebeur; meestal met 'n praktiese program vir verbetering in gedagte. Vir Noah en Eckstein (1969:114) en King (1973) het Vergelykende Opvoedkunde na vore getree as die poging om kruisnasionale data sistematies te versamel en te gebruik om proposisie aangaande die verhouding tussen onderwys en die samelewing en onderwyspraktyke en leeruitkomste te toets van onderwysstelsels en hul kontekste.

Sommige skrywers fokus sterk op die kultuuraspek in hul definisie van Vergelykende Opvoedkunde. Mallinson (1957) definieer Vergelykende Opvoedkunde as 'n “*systematic examination of other cultures and other systems*

*of education deriving from those cultures in order to discover resemblances and differences, and why variant solutions have been attempted (and with what result) to problems that are often common to all.*" Stone (1981:62) poneer dat die Vergelykende Opvoedkunde vanuit 'n vergelykende perspektief na die opvoeding in verskillende lande kyk ten einde insig te bekom in wat algemeen en essensieel in die opvoeding is, asook watter vergestaltingsmoontlikhede daar vir die algemene in 'n bepaalde land, samelewing of kultuur is, en dat dit gaan om die vergelyking van onderwysstelsels as die besondere samelewings se kultuurprodukte op die terrein van die opvoeding, en ook om 'n vergelyking daarvan ten einde die essensiële in die opvoeding en onderwys te ontdek asook die realiseringsmoontlikhede en -variasies daarvan. De Witt (1983:109) verwoord laasgenoemde skrywer se definisie van Vergelykende Opvoedkunde soos volg: "Die Vergelykende Pedagogiek is daardie deeldisipline van die Pedagogiek wat beskrywend, vergelykend, verklarend en evaluerend kennis neem van die gedifferensieerde onderwysstelsels van die wêreld – as vergestaltinge van die opvoeding in die konteks van gedifferensieerde kulture – ten einde beter begrip te verkry van die opvoedingstruktuur en al sy realiseringe."

Vos en Barnard (1984:14) verklaar Vergelykende Opvoedkunde deur die funksie van die dissipline te beklemtoon; *"Comparative Education seeks to elucidate educational phenomena within systems of education. It searches for and attempts to explain the relationship between education and society. To achieve these goals it is imperative that use is made of data and information gathered from outside the national boundaries."* Samevattend uit bogenoemde kan die volgende verklaring van vergelykende opvoedkunde aangebied word:

- Die universaliteit en individualiteit (ooreenkomste en verskille) in die opvoedkundige diversiteit van die wêreld word ontbloot deur vergelykende opvoedkundiges. Die bewustheid van ooreenkomste, gemeenskaplikheid en diversiteit in opvoedkunde val saam met die ontstaan van nasionale onderwysstelsels.

- Vergelykende Opvoedkundiges bestudeer die bepalende faktore en kragte (nasionaal en kultureel sowel as die religieuse krag of grondmotief) waarbinne die onderwysstelsel funksioneer.
- Die wetenskaplike metode wat gebruik word is gewoonlik vergelyking.
- Uit die voorafgaande is dit duidelik dat Vergelykende Opvoedkunde die onderrig van onderwysstelsels as die studie-objek het. As gevolg van hierdie perspektief kan Vergelykende Opvoedkunde 'n unieke bydrae maak tot die uitbreiding van opvoedkundige kennis saam met ander deeldisiplines soos didaktiese-, empiriese-, historiese -en fundamentele opvoedkunde.

Trethewey (1976:2) se stelling dat "*Comparative Education has always directed attention to educational ideas, processes and practices in other societies,*" sluit by dié van bogenoemde outeurs aan. Van Schalkwyk (1981:9) beskou Vergelykende Opvoedkunde as die deeldisipline van die Pedagogiek wat die verskynsel van die onderwysstelsel, bestudeer. Hy is ook van mening dat die Vergelykende Opvoedkunde primêr en fundamenteel 'n vergelykende perspektief op die opvoedingsverskynsel het, juis vanweë die ontiese grondtrek van universaliteit-individualiteit van die werklikheid en dus ook van die opvoedingswerklikheid.

Steyn *et al.*(2002:43) is van mening dat soos wat opvoedkunde die wetenskap van die opvoeding is, kan Vergelykende Opvoedkunde as die wetenskap van die onderwysstelsel beskou word. Die onderwysstelsel word in sy konkrete gegewendheid ondersoek, begrond, ontleed en sistematies beskryf. Die vergelykende opvoedkundige moet antwoord verskaf op die "hoe?", "waarom?", "wat?" en "waarvoor?" van die onderwysstelsel. Steyn *et al.*(2002:42) beskou die Vergelykende Opvoedkunde as 'n deeldisipline van die opvoedkunde ten opsigte van die onderwysstelsel wat ook opvoedende onderwys en opleiding as sentrale fokus het. Hy brei daarop uit en toon aan dat die ontstaan en ontwikkeling van Vergelykende Opvoedkunde gekenmerk is deur pogings om 'n

bepaalde onderwysstelsel in staat te stel om effektief in die onderwysbehoefte van die teikengroep te voorsien. Die pogings het onder andere die volgende ingesluit, naamlik:

- Die bestudering van ander onderwysstelsels ten einde probleme in die eie onderwysstelsel op te los of om in nuwe situasies te voorsien.
- Die bestudering van die eie onderwysstelsel in die konteks van die faktore wat bydrae tot die besondere aard en kenmerke van 'n bepaalde onderwysstelsel.
- Die bestudering van eie onderwysstelsel ten opsigte van daardie onderwysstelsel se eie aard en inhoud.
- Die bestudering van didaktiese en organisatoriese aangeleenthede in die lig van die faktore wat deur middel van die onderwysstelsel op daardie aangeleenthede 'n invloed uitoefen.
- Die naam *Vergelykende Opvoedkunde* en die internasionale aard daarvan het dus meegebring dat die neiging (waarskynlik verkeerdelik) posgevat het dat:
  - enige vergelykings as deel van die studieveld van Vergelykende Opvoedkunde beskou word, byvoorbeeld die vergelyking van assessering in Wiskunde tussen twee lande;
  - enige opvoedende onderwys aangeleentheid in die studieveld val, byvoorbeeld die eienskappe van kleuters uit 'n bepaalde kultuurgroep; en
  - enige onderwysaangeleentheid van internasionale aard onder Vergelykende Opvoedkunde gereken word, byvoorbeeld dissipline in verskillende lande.

Wat dus wel gemeenskaplik beskou kan word tussen verskeie outeurs se menings aangaande Vergelykende Opvoedkunde is die prominensie van die bestudering van die onderwysstelsel of onderwysstelsels en die gepaardgaande

opvoedkundige faktore. Die aard van hierdie studie sluit dus hierby aan indien in ag geneem word dat 'n model vir prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel nagevors word.

### **2.1.2 Fokus van die Vergelykende Opvoedkunde**

Die fokus van Vergelykende Opvoedkunde soos hieronder uiteengesit kan die definisie en begrip van die dissipline aanvul.

Steyn *et al.* (2002:44-46) en Van Schalkwyk (1981:9) klaar die fokus van Vergelykende Opvoedkunde uit deur na die volgende drie perspektiewe te verwys:

- Die onderwysstelselperspektief waartydens die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel bestudeer word om vas te stel in watter mate 'n spesifieke onderwysstelsel in staat is om in die onderwysbehoefte van die teikengroep te voorsien.
- Die determinante perspektief wat die eiesoortigheid van die struktuur en funksionering van die onderwysstelsel behels as gevolg van die verskillende faktore (determinante) wat 'n invloed op die onderwysstelsel uitoefen. Determinante soos demografie, ekonomie, politiek, kultuur en klimaat is voorbeelde van hierdie faktore.
- Die vergelykende perspektief verwys na die rol van ander onderwysstelsels op die eie deurdadige vergelyking as 'n instrument beskou word wat inligting voorsien om die eie onderwysstelsel te evalueer en aanpassings vir verdere ontwikkeling te bekom.

Cowen (1996) beweer dat die probleem met Vergelykende Opvoedkunde die afgelope dertig jaar minder te doen gehad het met identiteit (wat hy aanvaar wel bestaan), maar meer met 'n bekommernis vir begrip aangaande die komplekse verhoudings wat die skoolstelsel vorm en 'n bekommernis vir die meting van

verskillende aspekte van onderwys as 'n gids vir beleidmakers. Watson (1998: 12) is van mening dat voorgenoemde benadering verander het as gevolg van die meting van hoe suksesvol skoolstelsels is. Dit word toegeskryf aan die Wêreldbank se strewe om uit te vind waarom sekere onderwysstelsels beter funksioneer as ander en wat die sleutelindikator is van kwaliteit verbetering sodat hulp agentskappe hulp meer effektief kan aanwend. Vergelykende Opvoedkunde het versplinter in verskillende spesialisareas wat fokus op aspekte van kolonialisme tot kurrikulumstudies (Arnove, 1980; Ramirez & Boli-Bennet, 1982; Ilon, 1994; McGinn, 1994).

### **2.1.3 Doel van Vergelykende Opvoedkunde**

Trethewey (1976:24-25) se mening dat, vergelykende opvoedkunde 'n aantal verskillende doelwitte vir verskillende groepe behels en dat verskillende metodes en prosedures gevolg word om dit te bereik, dui die rigting aan waarin die meeste outeurs beweeg ten opsigte van hul verklaring van die doelwitte van vergelykende opvoedkunde.

Steyn *et al.* (2002:46-47) onderskei tussen teoretiese en praktiese doelstellings binne die konteks van die vergelykende opvoedkunde. Ingevolge hierdie onderskeid ressorteer die karakterisering en struktuurfunksionering van die onderwysstelsel as doelstelling, die bestudering van onderwysstelsels vanuit 'n determinante perspektief en die evaluering van onderwysstelsels onder die teoretiese doelstellings. Onder die praktiese doelstellings word die verbetering van die onderwysstelsel, die bevordering van kommunikasie en die bevordering van internasionalisme aangedui.

Berkhout en Bondesio (1992:17-21) onderskei tussen beskrywingsgerigte doelstellings, verklaringsgerigte doelstellings en beheergerigte doelstellings. Beskrywingsgerigte doelstellings dui op:

- Verdieping van kennis en insig in die eie sowel as ander onderwysstelsels. Hierby word aanvaar dat begrip vergroot en verbeter word deur die beskrywende naasmekaarstelling van die gekollektiveerde onderwyspraktyke of –vorme van verskillende lande.
- Inligting vir onderwysbeleidsvorming en –beplanning. Alternatiewe vorme of oplossings vir probleme word beskikbaar, soos byvoorbeeld verskillende finansieringsmeganismes van onderwysstelsels, differensiasievorme vir sekondêre onderwys, vorme van onderwysersopleiding, ensovoorts.
- Blootlegging van evaluatiewe kriteria of indikatore. Die ontwikkeling van ratio's en/of standaarde aan die hand waarvan die prestasie van onderwysstelsels geëvalueer word, word moontlik gemaak deur die gebruik van vergelykende data of statistieke oor onderwysstelsels.

Die skrywers verduidelik dat verklaringsgerigte doelstellings (in teenstelling met beskrywing, wat basies 'n antwoord is op die vraag “wat?”) gerig is op verklaring of die beantwoording van die vraag “waarom?” Antwoorde word gesoek op vrae soos:

- Waarom bestaan onderwysstelsels?
- Watter implikasies het die verandering van die onderwysstelsels?
- Hoe kan 'n onderwysstelsel (of 'n gedeelte daarvan) verander word?
- Watter onderwysstelsel is beter en waarom?
- Watter rol speel onderwysstelsels in die algemene ontwikkeling en die verbetering van die samelewing?

Beheergerigte doelstellings word verklaar as beheergerigte navorsing wat fokus op die oplossing van kontekstueel bepaalde probleme binne die onderwyswerklikheid/onderwysstelsel. Waarde-oordele is ter sprake omdat onderwys nou skakel met 'n bepaalde samelewing of praktyk. Die navorsers moet dus sekerheid

hê aangaande uitgangspunte en voorveronderstellings ten einde geldige voorspellings en ontwerpe vir 'n onderwysstelsel te kan maak.

Jones (1971:22-24) verwys na vier doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde, naamlik:

- praktiese belang;
- humanitêre belang;
- begrips- en kommunikatiewe belang; en
- beplanningsbelang.

Barnard (1984:282-283) beskryf die vier doelstellings van vergelykende opvoedkunde soos volg:

- Gebeurtenisse en opvattinge in vreemde lande behoort in gedagte gehou te word by die voortdurende beplanning en evaluering van die eie onderwysstelsel. Deur die eie sowel as vreemde stelsels te bestudeer, kom die voortreflikhede en gebreke van die eie beter aan die lig.
- Vergelykende Opvoedkunde het internasionale betekenis aangesien die vergelyking van onderwysstelsels waarde buite die grense van die stelsels kry.
- Internasionale verhoudings en samewerking kan bevorder word deur die vergelykende opvoedkunde, asook die gepaardgaande kennis en respek vir ander as gevolg van die blootstelling.
- Nagraadse studie figureer hoofsaaklik in die vergelykende opvoedkunde as gevolg van die hoë mate van geestesinspanning, vindingrykheid, gevorderde opvoedkundige skoling en wye praktiese onderwyskennis en –ervaring van die beoefenaars van die deelwetenskap.

Kandel (1933:19) is van mening dat die doelstellings van Vergelykende Opvoedkunde opgesom kan word as: ‘ ... *The chief value of a comparative approach to such problems (problems of education) lies in an analysis of the causes which have produced them, in a comparison of the differences between the various systems and the reasons underlying them, and finally in a study of the solutions attempted.*’ *An important aim of Comparative Education lies in the promotion or fostering of harmony and sound relationships between the different peoples of the world. This aim of internationalism could be enhanced by an understanding and appreciation of foreign systems of education and the indigenous system.*”

Chaube en Chaube (1993:22) stem saam met laasgenoemde outeur en druk die doel van vergelykende opvoedkunde soos volg uit: “*Thus Comparative Education highlights the universality of general principles in the existing differences. Needless to say that Comparative Education aims at strengthening international unity by drawing our attention to the universal general principles.*” Die outeurs gaan verder deur ‘n meer spesifieke doel van Vergelykende Opvoedkunde by te voeg, naamlik: “*The purpose of Comparative Education is also to understand why the educational systems of some countries are progressive and of others, backward.*”

Jones (2002:140) is van mening dat een van die take van Vergelykende Opvoedkunde “*is to make the familiar strange*”, of om die aanvaarde uit te daag deur gebruik te maak van sistematiese verduidelikings van dieselfde verskynsels in verskillende kulturele, geografiese, sosiale en kronologiese orde.

Marginson en Mollis (2001:581) fokus hulle doel van Vergelykende Opvoedkunde op die nasionale belang van lande. Baie van die werk is versamelings van grootskaalse kruisnasionale data wat deur regerings en globale agentskappe gefinansier word. Die outeurs is van mening dat

Vergelykende Opvoedkunde wel intellektuele outonomie het en insigte en tegnieke daarstel wat deure oopmaak vir regerings en onderwysbestuur.

Wilson (1994:452) beskou die doel van Vergelykende Opvoedkunde as die verbetering van nasionale onderwysstelsels deur die toevoeging van modelle, praktyke, innovasies ensovoorts wat geleen of oorgedra word van ander nasionale onderwysstelsels, terwyl Altbach (1991:492) die praktiese doel uitlig deur te verklaar dat Vergelykende Opvoedkunde goed gebruik is in praktiserende kontekste, byvoorbeeld om die Wêreldbank te help om leenprogramme te vorm, of om die beleide van buitelandse hulpagentskappe of regerings te vorm.

Thomas (1990:3) gee 'n redelike uiteenlopende lys van "verbruikers" van Vergelykende Opvoedkunde. Die lys sluit in onderwysbeplanners, buitelandse hulpagentskappe, opvoedkundige konsultante, universiteitstudiante en professore, sake- en industriële firmas en die algemene publiek.

#### **2.1.4 Sintese**

Uit bogenoemde bespreking blyk dit dat hierdie navorsing binne Vergelykende Opvoedkunde as wetenskap 'n bydrae lewer deur die toevoeging van modelle, praktyke en innovasies wat geleen en oorgedra kan word tussen verskillende onderwysstelsels (vergelyk 1.2). Hierdie navorsing fokus ook op die vervaardiging van tegnieke wat deure oopmaak vir regerings en onderwysbestuur, as gevolg van die ontwikkeling van 'n model vir prosessering in die onderwysstelsel. Die voortreflikhede en die gebreke van die eie onderwysstelsel kom aan die lig as gevolg van die bestudering van ander onderwysstelsels. Die praktiese belang van die navorsing word in die afgelope bespreking (vergelyk 2.1.3) beklemtoon en kom na vore in hierdie navorsing deurdat alternatiewe vorme of oplossings vir probleme beskikbaar word, byvoorbeeld verskillende finansieringsmeganismes, differensiasievorme vir onderwysvoorsiening en 'n evaluering van vorme van onderwysbeplanning. Die

blootlegging van evaluatiewe kriteria of indikatore wat lei tot die ontwikkeling van ratio's en/of standarde aan die hand van prestasie van onderwysstelsels word moontlik gemaak deur die gebruik van vergelykende data en statistieke oor onderwysstelsels. Die doel van Vergelykende Opvoedkunde sluit dus nou aan by die doelstellings van hierdie navorsing (vergelyk 1.2).

## **2.2 ONDERWYSSTELSEL**

### **2.2.1 Omskrywing van onderwysstelsel**

Verskillende skrywers bring verskillende fokuspeunte na vore in hul definisies van 'n onderwysstelsel. Barnard (1981:38-39) is van mening dat met onderwysstelsel verwys na die organisatoriese raamwerk, naamlik beplanning (insluitende navorsing, beraadslaging en beleidsformulering); onderwyswetgewing (parlementêre onderwyswette, provinsiale onderwysordonnansies, regulasies ingevolge die wette en ordonnansies, ensovoorts); die uitvoering van die onderwyswetgewing (deur middel van administratiewe liggame en persone soos onder andere onderwysdepartemente, skoolrade, beheerrade, skoolkomitees, inspekteurs van onderwys, ensovoorts); hulpdienste; en die skoolstelsel waarbinne die onderwyser en kind mekaar ontmoet sodat die formele skoolopvoeding en onderwys kan plaasvind.

Stone (1972:141) definieer die onderwysstelsel as die kultureel-opvoedkundige vervlegtingstruktuur wat sy bestemming vind in beplande, georganiseerde en versnelde ontsluiting van diegene wat onderwys ontvang binne 'n bepaalde staatsgebied op so 'n wyse dat dit met die samelewingsdifferensiëring, gekoördineerd is, en wat plaasvind onder leiding van ('n) religieuse grondmotief (of –motiewe). Archer (1984:19) beskryf weer 'n onderwysstelsel as “ *a nationwide and differentiated collection of institutions devoted to formal education, whose overall control and supervision is at least partly governmental, and whose component parts and processes are related to one another*”.

Van Schalkwyk (1986:6) definieer 'n onderwysstelsel as 'n middel of instrument wat deur 'n gemeenskap (ouers, staat, privaatsektor, kerk, ensovoorts) geskep word om onderwys aan sy lede op 'n doelgerigte, beplande en geordende wyse te voorsien. Dit behels die totaliteit van onderwysaktiwiteite wat formeel en informeel aangebied word ten einde die gemeenskap se onderwysbegeertes en –doelstellinge te verwerklik. Die outeur gaan voort deur te sê dat die totaliteit van al die onderwys wat in 'n gemeenskap op 'n doelgerigte en beplande wyse voorsien word, hetsy formeel of informeel, deel vorm van die onderwysstelsel (Van Schalkwyk, 1986:6).

Steyn *et al.* (2002:56) definieer die onderwysstelsel meer volledig deur te verwys na die onderwysstelsel as 'n logistieke struktuur met bepaalde komponente. Die onderwysstelsel voorsien effektiewe onderwys wat die kernaktiwiteit van die onderwysstelsel is. Onderwysbehoefte (behoefte wat deur onderwys bevredig kan word) van 'n sekere groep mense word deur die onderwysstelsel aangespreek, binne 'n bepaalde staatsgebied.

### **2.2.2 Soorte onderwysstelsels**

Vier soorte onderwysstelsels word onderskei naamlik:

- die nasionale onderwysstelsel wat effektiewe onderwys aan al die inwoners in 'n bepaalde staatsgebied voorsien;
  - die mini-onderwysstelsel, wat gerig is op die spesifieke onderwysbehoefte van 'n identifiseerbare groep mense binne 'n staatsgebied;
  - die afhanklike onderwysstelsel, wat daarop dui dat daar 'n sterk wederkerige verhouding tussen die onderwysstelsel en die teikengroep is;
- en

die voorsiening en instandhouding van geboue en toerusting. Downey (1988:10) beskryf die klem van beleid as 'n instrument van 'n regering soos volg:

- 'n Beleid is 'n gesaghebbende bepaling, deur 'n regerende gesag van 'n samelewing se intensies en prioriteite en 'n gesaghebbende toekenning van hulpbronne vir die planne en prioriteite.
- 'n Beleid is ook 'n gesaghebbende riglyn vir instellings deur die gesag wat hulle beheer, oor wat hulle intensies veronderstel is om te wees en hoe hulle moet te werk gaan om dit te bereik.

Kerr (1976:15) tref 'n onderskeid tussen beleid en konsepte soos plan, program, programdoel, beginsel, manier van doen en belofte. Steyn *et al.* (2002:72) beskou onderwysstelselbeleid as die uitdrukking of die verbalisering van die wyse waarop aan die geïdentifiseerde onderwysbehoefte van die teikengroep voldoen gaan word. Die onderwysstelselbeleid is bindend van aard en behels die vaslegging van die besluite ten opsigte van die strukture wat geskep moet word, die fasiliteite wat verskaf moet word, die dienste wat gelewer moet word en die handeling wat uitgevoer moet word. Die onderwysstelselbeleid verteenwoordig dus die basis of vertrekpunt vir die inrigting en samestelling van die onderwysstelsel ten einde aan die onderwysbehoefte van die teikengroep te voldoen. Die onderwysstelselbeleid is die instrument waardeur verseker moet word dat die gestelde doelstellings en doelwitte van 'n bepaalde onderwysstelsel in die praktyk nagestreef en bereik word. Die onderwysstelselbeleid verskaf die riglyne waarvolgens die doelstellings van die onderwysstelsel verwesenlik moet word.

### **2.2.3.2 Onderwysstelseladministrasie**

Lane *et al.* (1966:4) wys daarop dat administrasie en bestuur soms as sinonieme gebruik word en dat die verskil tussen die twee woorde hoofsaaklik polities is. 'Administrasie' word verkies wanneer gepaste organisatoriese vaardigheid beskryf word met verwysing na openbare of geregtelike regeringsondernemings,

terwyl 'bestuur' voorkeur geniet het in die beskrywing van kapitalistiese ondernemings. Hoy en Miskel (1991:302) beskou administrasie as die optrede van die besluitnemende proses deur 'n individu of groep in 'n organisatoriese konteks. Die besluitnemende proses is 'n stel interafhanklike fases wat geïsoleerd en abstrak beskryf kan word. Administrasie wat getaak word met verantwoordelikheid van besluitneming, het 'n aantal belangrike eienskappe:

- Dit neig om dit self te laat voortbestaan.
- Dit poog om dit self te beskerm van ontwrigting en beskadiging van binne en is gevolglik gefokus op die moraal en bevrediging van die werknemers.
- Dit poog om te oorleef en kompeteer daarom met ander gedragspatrone.
- Dit poog om vooruit te gaan en te groei.

Campbell *et al.* (1977:22) begin deur aan te dui dat administrasie 'n probleem-oplossende dimensie het, en dat die sentrale doel van administrasie in enige organisasie die koördinering van die mense se pogings is tot die bereiking van die organisasie se doel. In onderwys is dié doel gemoeid met onderrig en leer. Administrasie in 'n onderwysorganisasie het dus as die sentrale doel die verbetering van onderrig en leer. Die sentrale doel van administrasie in 'n onderwysorganisasie is daarom die verbetering van onderrig en leer. Alle aktiwiteite van die administrateur, of dit skakeling met die publiek, die onderwysowerhede of die professionele personeel is, moet uiteindelik bydra tot hierdie doel.

Campbell *et al.* (1983:1-2) beweer dat onderwysstelseladministrasie die bestuur insluit van instellings wat onderrig en leer beoefen. Die skrywers wys naamlik daarop dat onderwysstelseladministrasie 'n toegepaste veld is en nie 'n dissipline in die sin dat chemie en geskiedenis dit is nie. As 'n toegepaste veld, het onderwysstelseladministrasie baie in gemeen met ander toegepaste velde soos ingenieurswese en medisyne. Net soos ingenieurswese moet bou op

dissiplines soos wiskunde en fisika, en soos medisyne moet bou op dissiplines soos anatomie en biologie, moet onderwysstelseladministrasie bou op 'n aantal dissiplines soos sielkunde, sosiologie, politieke wetenskap en ekonomie. Die konsepte uit hierdie velde kan egter nie sonder voorbehoud geleen word nie, maar moet aangepas en getoets word in opvoedkundige organisasies. Black (1979:42) beklemtoon die juridiese eienskappe deur aan te voer dat administrasie handeling uitvoer "*which are necessary to be done to carry out legislative policies and purposes already declared by the legislative body or such as are devoted upon it by the organic law of its existence*". Oosthuizen (2003:227) is van mening dat administrasie 'n uitvoerende handeling is wat binne die struktuur van 'n organisasie plaasvind en wat onderhewig is aan sekere wetlike en beleidsvereistes.

Orlosky *et al.* (1984:3) onderskei in hul omskrywing van administrasie tussen die allesomsluitende, drie interafhanklike, maar redelik beperkende kategorieë, naamlik:

- tegniese bestuur,
- organisatoriese leierskap en rigting, en
- langtermynbeplanning en beleidmaking.

Bogenoemde outeurs is ook van mening dat administrasie op die eenvoudigste vlak verduidelik kan word as 'n proses wat beplanning, besluitneming en implementering van besluite, die monitering van implementering, assessering van resultate en herbepanning behels. Hierdie fases van die proses kan kompleks van aard wees, oor 'n lang tyd strek en gesofistikeerde kennis en vaardighede vereis.

Volgens Fayol (aangehaal deur Hoy, 1978:3) bestaan administratiewe gedrag uit die volgende vyf funksies:

### **2.2.3.3 Onderwyskundige struktuur (skoolstelsel)**

Vos en Brits (1987:39) is van mening dat elke samelewing 'n eie skoolstelsel vorm om in die behoefte van georganiseerde onderwys te voorsien. Die outeurs verbind die soort skoolstelsel met die vlak van sofistikasie en kulturele ontwikkeling van 'n samelewing. Steyn *et al.* (2002:86) voer aan dat die onderwyskundige struktuur in die nasionale onderwysstelsel op die gestruktureerde en georganiseerde versameling van alle onderwysinrigtings op al vier die onderwysvlakke dui. Die preprimêre, primêre, sekondêre en tersiêre onderwysvlakke, en die horisontale en vertikale bewegingsmoontlikhede (binne en tussen die verskillende onderwysinrigtings) van die leerders volgens hulle gedifferensieerde onderwysbehoefte is ingesluit in die onderwyskundige struktuur. Onderrig leersituasies word geskep en georden dat so effektief moontlik voorsiening gemaak word vir die verskillende vermoëns, belangstellings en keuses van leerders en om voorsiening te maak vir die eise wat die samelewing en/of teikengroep stel. Die struktuur vir leergeleenthede, die leerlinge/leerders, die onderriggewers, die medium van onderrig en die fisiese fasiliteite word ingesluit deur die onderwyskundige struktuur.

Die skool as 'n komponent van die onderwyskundige struktuur vervul 'n belangrike funksie. Van der Stoep en Van der Stoep (1973:9) beweer dat hierdie taak die aanbieding van kulturele erfenis, wat toereikend deur die leerder geassimileer moet word, behels. Aangesien hierdie taak 'n invloed op die hele gemeenskap het, moet die skool deur die gemeenskap ondersteun word. Steyn (1991:43) wys daarop dat vir onderwys om plaas te vind, fisiese strukture soos lesingsale, klaskamers of gimnasiums opgerig moet word om leer te promoveer, maar dat dit nie buite rekening gelaat moet word dat onderrig ook buite kan plaasvind nie, byvoorbeeld op die sportveld. Pedagogiese oorwegings moet die keuse van areas vir die promovering van onderrig en leer bepaal.

#### **2.2.3.4 Ondersteuningsdienste**

Van Schalkwyk (1981: 194) glo dat wanneer 'n skool gestig word, daar ook 'n ondersteuningsdiens gevorm word. Steyn (1992: 58) voer aan dat dit vanself spreek dat daar 'n spesifieke komponent in die onderwysstelsel is wat die bereiking van doeltreffende onderrig-leer ondersteun, naamlik die ondersteuningsdienste. Die outeur dui aan dat ondersteuningsdienste gewoonlik deur spesialiste op hul vakgebied gelewer word.

Volgens Steyn *et al.* (2002: 106-107) kan ondersteuningsdienste in drie elemente verdeel word.

Eerstens moet ondersteuning gebied word aan die *onderriggewer* (die onderwyser/dosent/opleier). Hierdie element verwys na daardie dienste wat nodig is om die onderriggewer in staat te stel om onderrig op die mees effektiewe wyse te voorsien. Onderriggewers benodig ondersteuning ten opsigte van:

- persoonlike probleme (byvoorbeeld behuisingsprobleme, gesinsprobleme en gesondheidsprobleme);
- persoonlikheidsprobleme (byvoorbeeld probleme ten opsigte van 'n oop of geslote persoonlikheid, die gesagstyl of die bestaan van bepaalde aanwensels);
- omgewingsprobleme (byvoorbeeld die bestaan van tipiese samelewingsprobleme wat die werk beïnvloed soos armoede, politieke onverdraagsaamheid en dwelmmiddels);
- en probleme ten opsigte van beroepsvaardighede (byvoorbeeld ten opsigte van die aanbieding van nuwe inhoude en die gebruik van nuwe onderrig tegnieke).

Voorts is ondersteuningsdienste aan die *onderrigaktiwiteite en onderrigstrukture* nodig, wat verwys na spesiale dienste waardeur die werklike onderriggebeure ondersteun word. Voorbeelde van hierdie element is onder andere:

- die ondersteuning om effektiewe onderrigprogramme saam te stel (byvoorbeeld die gebruik van kundige vakpraktisyns by die samestelling van die kurrikula en sillabusse);
- die voorsiening van fisiese fasiliteite (byvoorbeeld die gebruikmaking van argitekte vir die oprigting van geboue en kunstenaars vir die vervaardiging van effektiewe media);
- die ondersteuning van die werklike onderrigsituasie (byvoorbeeld ten opsigte van inhoud, metodiek, evaluering en sertifisering); en
- ondersteuning ten opsigte van die bestuursverantwoordelikhede (byvoorbeeld die gebruik van konsultante vir strategiese beplanning of die invoering van 'n geskikte boekhoustelsel).

Die ondersteuning aan die *leerder* behels dat ondersteuningsdienste aan die gespesialiseerde dienste toegewys word wat aan die leerder gelewer word om hom te ondersteun ten opsigte van die bereiking van maksimale leersukses. Voorbeelde van hierdie dienste is onder andere:

- die ondersteuning van die leerder ten opsigte van persoonlike probleme (byvoorbeeld voedingsprobleme, finansiële probleme of beroepskeuses);
- fisiese en psigiese probleme (byvoorbeeld geremdhede of gestremdhede, leerprobleme of gebreke in die motoriese vaardigheid); en
- omgewingsprobleme (byvoorbeeld dwelmverslawing, armoede of misdaad).

Linn (2004: 84) onderskei tussen “goedere” en “nie-onderwysdienste” as aspekte van ondersteuningsdienste, waar goedere verwys na handboeke, werkboeke, opvoedergidse, onderwyshulpmiddels soos kaarte en laboratorium toerusting, voertuie en rekenaars. Die outeur beskou “nie-onderwysdienste” as instand-

houdingsdienste vir boudoeleindes en gereedskap asook mediese personeel, kokke, skoonmakers, onderwysopleiers en sekuriteitswagte.

## **2.3 DETERMINANTE VAN DIE ONDERWYSSTELSEL**

Steyn (1992: 65) beskryf determinante as bepaalde kragte of faktore wat op 'n besondere onderwysstelsel inwerk om aan die universele kenmerke van daardie onderwysstelsel 'n eie besondere inhoud te gee. Van Schalkwyk (1988: 237-263) onderskei tussen 'n aantal groepe determinante, naamlik die beginseleise, die leefwêreldse, die samelewingsse en die interne eise. Berkhout en Bondesio (1992: 92-120) beklemtoon weer die samelewingskragte as determinante van die onderwysstelsel en gebruik die Idenburg-model om 'n aantal determinante te identifiseer, naamlik demografiese faktore, ekonomiese faktore, wetenskap en tegnologie, die sosiale sisteem, godsdiens- en wêreldbeskouing en die politieke sisteem. Determinante kan as interne of eksterne determinante geklassifiseer word.

### **2.3.1 Interne determinante**

Volgens Steyn *et al.* (2002: 140-141) verwys interne determinante na die kragte en faktore wat in die onderwysstelsel geleë is en waarvolgens die wisselwerking tussen die verskillende komponente van die onderwysstelsel die een komponent beperkend of stimulerend op die ander inwerk. Interne determinante kan opvoedkundig, histories of wisselwerkend van aard wees. Interne determinante van opvoedkundige aard fokus op die leerders en die onderrig-leerproses. Interne determinante van historiese aard verwys na die beperkende of stimulerende aard van die komponente en elemente van die onderwysstelsel; en interne determinante van wederkerige aard verwys na die wisselende of wederkerige effek wat komponente of elemente op die aard of inhoud van ander komponente of elemente in die onderwysstelsel het.

bepaalde gebiede of gekonsentreer wees op sekere punte. Hoë bevolkingsgroeï in bepaalde dele van die wêreld en lae bevolkingsgroeï in ander dele lei tans tot 'n buitengewoon onegalige verspreiding van die wêreldbevolking. 'n Oormatige konsentrasie van mense in stedelike groeipunte en die ontvolking van plattelandse gebiede lei ook tot 'n onegalige verspreiding van bevolkings. Die term *samestelling* verwys na die relatiewe grootte van die verskillende kategorieë of groepe in 'n bevolking. Twee kategorieë wat 'n baie belangrike rol speel in die demografiese beskrywing van bevolkings se samestelling is geslag en ouderdom. Wat demograwe hier interesseer is die relatiewe verspreiding van die lede van 'n bevolking volgens die verskillende kategorieë van geslag en ouderdom.

Ander sake wat 'n invloed het op die samestelling van 'n bevolking en gewoonlik ook deur demograwe bestudeer word, is onder meer huwelikstaat, onderwyspeil, beroep, inkomste, godsdienstverband, taal en etniese verband. Nog 'n aspek van bevolkings wat deur demograwe bestudeer word, is die veranderings (groeï) van bevolkings. Wanneer na die grootte of samestelling van bevolkings gekyk word, word gefokus op die statiese aspekte van die betrokke bevolkings. Dit beteken dat gekyk word na die kenmerke van die bevolkings op 'n gegewe tydstip. Wanneer egter gekyk word na bevolkingsverandering (bevolkingsgroeï) verskuif die fokus na die dinamiese en word gekyk na die wyse waarop die grootte en samestelling van bevolkings oor tyd verander. In hierdie verband word aandag geskenk aan drie sleutelprosesse, naamlik mortaliteit, fertiliteit en migrasie, wat ook "komponente" van bevolkingsgroeï genoem word. Mortaliteit verwys na die sterftes en fertiliteit na die geboortes wat in bevolkings plaasvind, terwyl migrasie dui op die beweging van mense in en uit bepaalde geografiese gebiede (Mostert *et al.*, 1998:1-2).

**Tabel 2.1 Skematiese voorstelling van demografie**

<b>Bevolkingsgrootte</b>	<b>Bevolkingsamestelling</b>		<b>Bevolkingsverandering</b>
		Huwelikstaat	
Absolute grootte		Onderwyspeil	Mortaliteit
Digtheid	Geslag	Beroep	Fertiliteit
Relatiewe grootte		Inkomste	Migrasie
		Godsdienstverband	
	Ouderdom	Taal	
		Etniese verband	
<b>OP GEGEWE TYDSTIP</b>			<b>OOR GEGEWE TYDPERK</b>

Bogenoemde tabel is 'n opsomming deur Mostert *et al.* (1998:1-2) van die komponente van demografie.

Volgens Riley (2003:36) is daar vrae onder demografiese of demografie werk buite die grense van suiwer wiskunde moet insluit. Daar was sentimente vir die beperking van "demografie" tot die bestudering van demografiese gebeure, byvoorbeeld geboortekoerse, sterftekoerse, migrasie en ouderdomverspreiding en vir die gebruik van die term *bevolkingstudies* vir die bestudering van sosiale, ekonomiese en kulturele oorsake en gevolge. Daar was egter 'n skuif na 'n breër definisie van demografie om die suiwer kwantitatiewe, soms wiskundige, aspekte van bevolkingsdinamiek in te sluit, tesame met die evaluering van oorsake en gevolge van demografiese verandering deur die meerderheid navorsers.


'n Duidelike begrip van die term *demografie* is nodig as navorsers die invloed van die determinant op die onderwysstelsel wil verstaan en ook hoe die determinant in konteks kan manifesteer. Vir die onderwysvoorsiener sou die doelstellings van die onderwysstelsel ondermyn word deur die omvattende begrip (met inbegrip van komponente en elemente) van demografie te ignoreer. Hierdie navorsing is 'n projek wat aansluit by die breër definisie van demografie aangesien demografie as determinant ondersoek word in beide die statistiese en sosiale kontekste van die onderwysstelsel, ten einde 'n model te formuleer vir toereikende prosessering.

#### **2.4.2 Wêreldwye onderwystendense ten opsigte van leerdergetalle**

Om demografie se omvattende invloed op onderwysstelsels toereikend te begryp is 'n wêreldwye blik op demografiese imperatiewe soos positiewe, zero- en negatiewe bevolkingsverandering, asook aspekte soos ouderdomstruktuur en migrasie nodig. Bevolkingsgroei word in die moderne tyd as die sentrale element van demografie beskou, veral vanweë die impak daarvan op onderwysvoorsiening. Demograwe onderskei hoofsaaklik tussen meer ontwikkelde lande/streke en minder ontwikkelde lande/streke wanneer bevolkingsgroei bestudeer word. Figuur 2.1 beeld die verandering in die verspreiding van die wêreldbevolking uit.

Die een groot onderskeid wat in figuur 2.1 ter sprake is, is die feit dat die bevolking in die meer ontwikkelde streke van die wêreld afneem met tyd, terwyl die bevolking van minder ontwikkelde streke aan die toeneem is (Mostert *et al.*, 1998:24). Hierdie tendens het implikasies vir beide minder en meer ontwikkelde streke ten opsigte van onderwysvoorsiening. Vir die minder ontwikkelde streke voorspel die toekoms dus toenemende druk om aan die groeiende bevolking voldoende onderwysvoorsiening te bied. Die balans tussen 'n kwantitatiewe- en kwalitatiewe klem in onderwysvoorsiening sal daarom 'n uitdaging bly in hierdie streke. Vir die meer ontwikkelde streke sal die voorsiening van nuwe onderwysbehoefte hoofsaaklik die fokus van die onderwysstelsels wees as gevolg van 'n vinnig veranderende tegnologiese samelewing en in baie gevalle die afneem en stabilisering van bevolkingsgetalle.

**Figuur 2.1 (vervolg) Verandering in die verspreiding van die wêreldbevolking**



Bron: Mostert *et al.*, 1998.

Ouderdomstrukture het ook 'n noemenswaardige invloed op die fokus van onderwysvoorsiening.

**Tabel 2.2: Verskille tussen die ouderdomstrukture van die vernaamste lande/streke van die wêreld: 1985 en 2025**

Verskille tussen die ouderdomstrukture van die vernaamste lande/streke van die wêreld: 1985 en 2025

Lande/ Streke	1985				2025			
	Onder 15 (%)	65+ (%)	Mediaan- ouderdom (jaar)	Afhanklik- heidsratio	Onder 15 (%)	65+(%)	Mediaan- ouderdom (jaar)	Afhanklik- heidsratio
Meer ontwikkelde lande/streke	22,2	11,5	32,5	50,6	17,9	18,9	40,7	58,3
Minder ontwikkelde lande/streke	37,2	4,2	21,0	70,6	25,6	8,0	29,7	50,6
Europa	20,8	12,7	33,9	50,3	16,6	20,1	42,9	57,9
Noord-Amerika	21,7	11,8	31,5	50,3	18,0	19,7	40,8	60,5
(Eertydse) USSR	25,2	9,6	30,0	53,4	20,8	14,8	36,4	55,4
Oseanië*	27,8	8,5	27,7	57,0	22,1	13,4	34,5	55,0
Asië**	34,9	4,7	22,2	65,3	22,5	9,6	32,5	47,2
Latyns-Amerika	37,6	4,5	20,9	72,5	25,7	8,5	30,2	52,1
Afrika	45,3	3,1	17,3	93,7	34,2	4,1	22,6	62,2

Bron: Mostert *et al.*, 1998.

\* Gemengde streek - oorwegend minder ontwikkelde maar sluit die meer ontwikkelde lande Australië en Nieu-Seeland in.

\*\* Gemengde streek oorwegend minder ontwikkelde maar sluit meer ontwikkelde lande soos

China, Suid-Korea, Taiwan, Hong Kong en Singapoer asook Japan in

Tabel 2.2 toon opmerklike verskille tussen die ouderdomstrukture van die meer en minder ontwikkelde lande/streke. Wanneer die gemengde streke, Oseanië en Asië, buite rekening gelaat word, is verskille wat dadelik opval die persentasie van die bevolking jonger as 15 jaar wat in die meer ontwikkelde streke in 1985 gewissel het tussen 20,8% en 25,2% en in die minder ontwikkelde streke tussen 37,6% en 45,3%. Dit beteken dat die proporsie persone jonger as 15 jaar in die minder ontwikkelde streke byna twee keer so groot was as dié in die meer ontwikkelde streke (Mostert *et al.*, 1998: 41).


Hierdie bevolkingstendense hou groot beplanningsimplikasies vir die betrokke onderwysstelsels in, veral ten opsigte van:

- huidige voorsiening van onderwys op primêre vlak;
- die toekomstige beskouing van sekondêre onderwys;
- die heroorweging van opleidingsbehoefte vir primêre, sekondêre en tersiêre opvoeders; en
- die begrotingsoorwegings van onderwys.

Effektiewe hantering of prosessering van demografie in onderwysstelsels noodsaak die beskouing van onderwysdata binne die konteks van universele demografiese tendense.

**Figuur 2.2: Skool lewensverwagting in jare per land (primêre en sekondêre onderwys)**

**Gemiddelde skoollebensverwagting vir primêre en sekondêre onderwys en BBP per capita in VS\$ KKP, 2001.**



0-14(gemiddelde skoollebensverwagting in jare)

Lae inkomste	Middellae inkomste	Middelhoë inkomste	Hoë inkomste
--------------	--------------------	--------------------	--------------

BBP per capita in VS\$ KKP

Bron: UNESCO Instituut vir Statistiek (2004d).

Nota: BBP = Bruto binnelandse produk  
 VS\$ = Verenigde State Dollar  
 KKP = Koopkrag Pariteit

Die gemiddelde aantal jare wat leerders kan verwag om in primêre en sekondêre onderwys te spandeer korreleer grootliks met die ouderdomstrukture (tabel 2.2) en die verspreiding van die wêreldbevolkings (figuur 2.1). Leerders in die minder ontwikkelde lande/streke se skoollebensverwagting is gemiddeld minder as 5 jaar tot 9 jaar, met uitsonderlike gevalle van lande soos Libië, Malawi, Gaboen

en Sri Lanka wat 'n gemiddelde skoollebensverwagting van meer as 11 jaar toon. Die afleiding kan dus gemaak word dat alhoewel dit moontlik kan wees om in minder ontwikkelde lande/streke 'n redelike hoë skool lewensverwagting te handhaaf, moet hierdie gemiddeldes in samehang met die sukseskoers van vordering beskou word ten einde 'n meer akkurate perspektief op die standaard en sukses van 'n spesifieke onderwysstelsels te bekom.


**Tabel 2.3: Vordering van leerders deur die onderwysstelsel**

	% HERHALERS	
	2000/ 2001	2001/2002
<b>Malawi</b>	15	14
<b>Gaboen</b>	37	34

Bron: UNESCO Instituut vir Statistiek (2004d).

Tabel 2.3 toon duidelik dat die gemiddelde skoollebensverwagting in minder ontwikkelde lande/streke nie in dieselfde lig beskou kan word as dieselfde gemiddelde skoollebensverwagting in meer ontwikkelde lande/streke nie. Skoollebensverwagting (soos bruto inskrywingskoerse) verteenwoordig die volume eerder as die verspreiding van skooljare. Dit word dan ook belangrik om indikatore wat die effektiwiteit van die onderwysstelsel assesser in oënskou te neem ten einde 'n meer akkurate beeld van sukses te bekom (UNESCO, 2004b). Dis egter interessant om te let op die vordering ten opsigte van deelname aan onderwys en die oorkoepelende styging van skoollebensverwagting die afgelope dekade (1990-2001) in Afrika.

**Figuur 2.3: Verandering in deelname aan die onderwysstelsel in Afrika sedert 1990**




Bron: UNESCO Instituut vir Statistiek (2004d)

Nota: Die lande is georden volgens dalende skoollebensverwagting vir 1990.

Van die lande in Figuur 2.3 toon die meerderheid 'n gemiddelde verhoging in skoollebensverwagting van 0,3 jaar vir die tydperk 1990 tot 2001. Sekere lande toon 'n dramatiese styging (byvoorbeeld Kaap Verde, Ethiopië, Mali, Mauritanië, Marokko, Rwanda en Tunisië) van meer as twee jaar, terwyl uitsonderings soos Benin, Malawi en Uganda 'n styging van meer as drie jaar en selfs vier jaar toon. Enkele lande (byvoorbeeld Kongo, Zimbabwe, Zambië en Angola) toon 'n daling in die skoollebensverwagting sedert 1990.

Primêre onderwysgetalle kan 'n beduidende tendens voorstel van die sukses van onderwysvoorsiening in die lande van die wêreld. Indikatore soos die inname koers, primêre netto inskrywingskoerse en voltooiingskoerse help om te evalueer hoe goed onderwysstelsels in die doel slaag om elke kind die geleentheid te bied om die onderwysstelsel te betree en die volle siklus van primêre onderwys te voltooi (UNESCO: 2004a).

**Figuur 2.4: Universele primêre onderwys (Verspreiding van nasionale primêre netto inskrywingskoerse per inkomstegroep en streek 2001) % lande in streek**



Bron: UNESCO Instituut vir Statistiek (2004d)

Nota: 170 lande (92%) van die wêreldbevolking. Data van 36 lande verwys na 2000 en 10 na 1999.

Van die 155 lande wat data vir 2001 (2000) rapporteer het, het 37 steeds inname ratio's onder 95%, wat aandui dat ten minste 1 uit 20 kinders nooit skool begin nie (UNESCO, 2004c). Met hierdie ontstellende statistiek moet die herhalingskoers en uitvalkoers ook in ag geneem word, wat dan 'n selfs meer ontstellende beeld skep. Figuur 2.4 toon dat slegs een derde van die lande wat statistiek rapporteer het, 'n inskrywingskoers van meer as 95% van kinders toon.

Die uitdaging van toereikende onderwysvoorsiening vir alle inwoners van die land behoort gevolglik nog 'n prominente posisie te beklee op die prioriteitslyste van menige lande, en veral vir die minder ontwikkelde lande/streke. Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat onderwysvoorsieners (regerings) van alle lande (ontwikkelde en ontwikkelende) moet kennis neem van internasionale tendense aangaande demografiese realiteite om sodoende die eie onderwysstelsel se posisie te verstaan en om prestasies en uitdagings aangaande demografiese eise van onderwysstelsels in konteks te begryp en te benader.

## **2.5 INVLOED VAN DEMOGRAFIE OP DIE ONDERWYSSTELSEL**

Volgens Richard (1981:275) het demografie 'n vanselfsprekende en onmiddellike invloed op die ontwikkeling van nasionale ekonomieë, die arbeidsmark en die hele sosiale sisteem. Demografiese patrone het ook belangrike implikasies vir die ontwikkeling van onderwysstelsels, wat derhalwe beduidende aanpassings vereis deur diegene wat betrokke is by beleidsformulering, veral betreffende die toekenning van finansiële hulpbronne en die werwing van onderwyspersoneel.

Bogenoemde stelling word gestaaf deur die demografiese impak op onderwysstelsels van die vroegste tye. Coolahan (1981:3) voer aan dat die laat

agtiende- en vroeë neëntiende eeu gekenmerk is deur 'n vinnige pols van bekommernis vir baie individue, groepe en regerings in verskeie Europese lande ten opsigte van onderwys. Die Europese samelewing het groot politieke, sosiale, ekonomiese en demografiese veranderings ondergaan: dit het die invloed van gebeure soos die industriële revolusie, toename in bevolkingsgetalle en verhoogde verstedeliking ervaar. Op die gebied van onderwys was die grootste enkele uitdaging die voorsiening van massa onderwys en die belangrike vertrekpunt was die betrokkenheid van die staat as die agent van onderwysvoorsiening. 'n Voorbeeld van die vroegste demografiese impak op onderwysstelsels kan ook in die Ierse onderwysstelsel gevind word.

**Tabel 2.4: Groei van die nasionale onderwysstelsel van Ierland, 1831-1870**

<b>Jaar</b>	<b>Parlementêre toelaag (£)</b>	<b>Aantal skole verbind met onderwysraad</b>	<b>Aantal leerders op onderwysrolle</b>
1833	25 000	789	107 042
1840	50 000	1 978	232 560
1850	125 000	4 547	511 239
1860	294 000	5 632	804 000

Bron: Coolahan, 1981.

Tabel 2.4 toon die meteoriese styging in die getal leerders (651%), getal skole (614%) en die staatstoelae (1076%) oor 'n tydperk van slegs 27 jaar. Hierdie demografiese gebeure het 'n grootskaalse invloed gehad op die benadering van onderwys in Ierland. 'n Voorbeeld wat hierdie invloed illustreer kan gevind word in die verandering van onderrigmetodes in die Ierse onderwysstelsel as gevolg van skielike groeiende getalle. Individuele onderrig was die norm in die vroeë

*"hedge schools"*. Hierdie metode bepaal dat die opvoeder beurtelings aandag aan die individuele leerder skenk. Die ouers het dit waardeur aangesien elke leerder individuele aandag gekry het, maar dit was baie tydrowend. Toe leerdergetalle begin toeneem het, het 'n monitor- of wedersydse metode prominent geword in Europa, Amerika en Asië. Die opvoeder self het nie direk onderrig gegee nie, maar senior leerders het jonger leerders onderrig deur middel van beproefde metodes. In 'n tyd toe baie lande die probleem van massa onderwys in die gesig gestaar het, het hierdie stelsel het byval gevind omdat dit goedkoop was en elementêre onderwysstandaarde bereik het. Met die toename in onderwysergetalle was daar 'n oorgang tot 'n derde metode wat bekend gestaan het as die gelyktydige metode. Die opvoeder self het onderrig aan leerders gegee en die monitors het as studente-assistente in die skole opgetree. Demografiese fluktuasies in die samelewing het dus al in vroeë ontwikkelende onderwysstelsels 'n invloed op die benadering tot onderwysvoorsiening in die algemeen gehad.

Een van baie voorbeelde wat in die moderne era die impak van demografie op onderwysstelsels voorstel kan gevind word in die Brasiliaanse onderwysstelsel. Alhoewel 45% van Brasilië se bevolking van skoolgaande ouderdom (7 tot 14 jaar) is, is daar 2 miljoen tieners wat nie deel is van die preprimêre en primêre skoolvlakke nie. In die sekondêre skoolvlakke word die getal geraam op 3 miljoen (World Bank: 2004a). Die afgelope 25 jaar is daar dramatiese vooruitgang gemaak in leerderinskrywings in Brasilië. In 1964 was daar 10 miljoen leerders in die onderwysstelsel en in 1990 37,6 miljoen; maar ten spyte hiervan is steeds minder as 40% van sekondêre skoolgaande ouderdom in skole ingeskryf. Een van die grootste onderwysuitdagings van Brasilië is skoolbywoning. Baie redes word hiervoor aangevoer, soos dat baie leerders van arm families begin werk vanaf die ouderdom van 10 jaar; dat daar nie voldoende plekke in skole is nie; dat daar 'n hoë druipekoers is; en dat kinders in sekere gemeenskappe aan ondervoeding ly, wat hulle aanpassing in die skoolomgewing bemoeilik (World Bank: 2004b). Voorgenoemde voorbeeld van Brasilië toon aan

hoe demografie as determinant van die onderwysstelsel daartoe lei dat nasionale regerings wêreldwyd gekonfronteer word deur die uitdagings om in onderwys te voorsien.

Die invloed van demografie op die onderwysstelsel word vervolgens bespreek aan die hand van die verskillende komponente, naamlik onderwysstelselbeleid, onderwysstelseladministrasie, onderwyskundige struktuur en ondersteuningsdienste.

### **2.5.1 Invloed van demografie op onderwysstelselbeleid**

Die invloed van demografie op onderwysstelselbeleid (vergelyk 2.2.3.1) manifesteer uitdagend in terme van beleidsaanpassings en -beplanning. Gemeenskappe is onderworpe aan samelewingseise, soos byvoorbeeld ekonomiese gebeure, verstedeliking, migrasie, MIV/Vigs, globalisering ensovoorts wat demografie ingrypend beïnvloed. Die oomblik wanneer geboorte- en sterftesyfers fluktueer, moet die onderwysstelselbeleid heroorweeg of aangepas word om aan die pedagogiese eise van die teikengroep te voldoen.

Hierdie studie vereis dat die verskillende elemente van demografie van nader beskou word ten einde die aard en omvang van die impak van demografie op die onderwysstelsel te begryp. Voorbeelde van onder andere bevolkingsgrootte, bevolkingsgroei, bevolkingsverspreiding, ouderdomspiramides en bevolkingsmobiliteit en die gevolglike impak daarvan op die verskillende komponente van onderwysstelsels is toepaslik.

Volgens Kosinski en Prothero (1975) vind migrasie plaas wanneer 'n individu besluit dat dit gewens is om te trek eerder as om te bly en waar die moeilikhede van trek oorskadu word deur die verwagte belonings van die besluit. Hierdie stelling vergestalt die kenmerke van migrasie in die Derdewêreldse lande.

Beweging vind plaas in reaksie op die omstandighede waaraan die individu aan blootgestel is (beide aktueel en potensieel) tuis en weg van die huis. Die probleme, geleentheid en veranderings wat met die ontwikkelingsproses assosieer word is die hoof motivering vir beweging in Derdewêreldse lande. Die stelling wys ook dat migrasie voorafgegaan word deur 'n proses van besluitneming waarin die voordele en nadele noukeurig opgeweeg word (Parnwell, 1993:71). Ongelykhede in die patroon en proses van ontwikkeling word beskou as die agtergrond waarteen 'n groot deel van migrasie van die Derde Wêreld beskou kan word (Parnwell, 1993:73). Coombs (1985: 73) poneer dat die beweging van mense voortdurend verrykende opvoedkundige implikasies sal hê. Wanneer 'n familie trek en na 'n nuwe en onbekende plek beweeg, met 'n ander sosio-ekonomiese en kulturele omgewing, word al die lede van die familie onmiddellik met 'n reeks nuwe leerbehoefte gekonfronteer. Die interne en buitelandse invloed in Wes-Europa, Noord-Amerika, Australië en Nieu-Seeland het die sosiale chemie van die lande se stede verander en het moeilike uitdagings vir die skole veroorsaak. Die grootste impak was op die leerbehoefte van alle betrokkenes, leerders, volwassenes, immigrante en oorspronklike burgers. Almal moes leer om aan te pas by die nuwe multikulturele omgewing, nuwe soort werke, nuwe soorte skole en 'n nuwe soort leefstyl. Baie immigrante moes 'n nuwe taal aanleer om hulleself effektief in die nuwe omgewing te handhaaf. Diegene wie se lewens onder diktatoriale regimes begin het, kan in 'n demokratiese omgewing politieke leerbehoefte hê, wat net so belangrik soos kulturele- en beroepsbehoefte is (Coombs, 1985: 48). Hierdie demografiese aspek (migrasie) het dus heelwat opvoedkundige implikasies en soms 'n totale beleidshersiening tot gevolg. Kurrikula, medium van onderrig, heropleiding van opvoeders, klasgrootte en befondsing is maar enkele elemente van die onderwysstelsel wat in heroorweging geneem moet word as gevolg van migrasie.

Nog 'n klassieke voorbeeld van positiewe bevolkingsgroei en die invloed daarvan op die onderwysstelselbeleid kan gevind word in Meksiko se beleidsaanpassings gedurende die twintigste eeu. Die ontwikkeling van die openbare gesondheid-

stelsel, in samewerking met die toenemende industrialiserende ekonomie met jaarlikse groeikoerse van 6%, was kritieke ontwikkelings in die bevolkingskuif, wat gelei het tot hoë groeikoerse tussen die 1950's en die 1980's (Kent *et al.*, 2002:152). Die ouderdomstruktuur van die bevolking was deurentyd grootliks verteenwoordigend van kinders en jongmense, wat gevolglik konstante druk op die onderwysstelsel en gesondheidstelsel verteenwoordig het (Kent *et al.*, 2002: 153). Onderstaande tabel onderstreep die toenemende tendens in die jong bevolking van Meksiko in die tweede helfte van die vorige eeu. Hierdie tendens het veroorsaak dat byna die helfte van die bevolking teen 1970 onder 25 jaar was.

**Tabel 2.5: Demografiese struktuur per ouderdomsgroep van Meksiko 1970-1990**

<b>Totale populasie in miljoene</b>						
	<b>1970</b>		<b>1980</b>		<b>1990</b>	
<b>Ouderdomsgroep</b>	<b>Bevolking</b>	<b>% van Totaal</b>	<b>Bevolking</b>	<b>% van Totaal</b>	<b>Bevolking</b>	<b>% van Totaal</b>
0-4 jaar	8,16	17%	9,35	14%	10,19	13%
5-14 jaar	14,11	29%	19,37	29%	20,95	26%
15-24 jaar	9,08	19%	13,8	21%	17,49	22%
25-49 jaar	11,92	25%	17,08	26%	22,84	28%
50 & ouer	4,96	10%	7,25	11%	9,78	12%
<b>Totale Bevolking</b>	<b>48,23</b>	<b>100%</b>	<b>66,85</b>	<b>100%</b>	<b>81,25</b>	<b>100%</b>

Bron: Kent *et al.*, 2002:153.

Kent *et al.* (2002:154) verduidelik dat die getal kinders van skoolgaande ouderdom het oor die afgelope generasie (1970) toegeneem met 50% tot meer as 20 miljoen (wat gelykstaande is aan die totale bevolking van Meksiko in 1940 en die totale huidige bevolking van Nederland). Uit tabel 2.5 is dit duidelik dat jongmense in die ouderdomsgroep wat korreleer met hoër onderwys, verdubbel

het tot 18 miljoen gedurende hierdie periode. Gevolglik was die realiteite van Meksiko se onderwys vir baie dekades dié van konstante uitbreiding: die bou van nuwe skole en die aanstel van nuwe onderwysers het by beleidmakers voorkeur geniet bo kwessies van kwaliteit en effektiwiteit. Teen die einde van die twintigste eeu was 'n ander tendens in die Meksikaanse ouderdomstruktuur egter te bespeur: geboortekoerse en algehele groeikoerse het verlaag en die lewensverwagting was hoër; die ekonomie het ook geïnternasionaliseer. Die leiers en beleide van die onderwysstelsel word verplig om aan te pas by hierdie diepgaande skuiwe, wat 'n totaal nuwe paradigma in opvoedkundige denke tot gevolg het. In die lig van die aansienlike gewig van die sistematiese traagheid van die vorige era, hou hierdie uitdaging komplekse probleme voor vir die opvoedkundige beleidmakers wat 'n nuwe tipe visie moet ontwikkel.

'n Kenmerk van vestiging as 'n aspek van demografie in die Meksikaanse onderwysstelselbeleid is dat die patroon van verstedeliking baie ongelyk is in Meksiko. 18 Miljoen mense woon in die metropolitaanse gebied van die hoofstad, terwyl die tweede grootste stad, Monterrey, minder as 'n derde so groot is (Kent *et al.*, 2002: 155). Hierdie demografiese opset het ook die ontwikkeling van die onderwysstelsel gevorm, wat hoofsaaklik die stedelike Meksikaan bevoordeel het. Aantoonbare pogings is gemaak deur beleidmakers om iets te doen aan die swak opvoedkundige dienste van die platteland. Die kwessie van ongelyke sosio-ekonomiese toestande in plattelandse dele van Meksiko – veral in die afgeleë en bergagtige gemeenskappe – hou enorme probleme in vir die onderwysstelselbeleid. Arm kinders in talle plattelandse gemeenskappe met 'n lae vlak van skoling sal vir 'n geruime tyd die fokus van beleide bly (Kent *et al.*, 2002:155), aangesien die totale bevolking van Meksiko en die bevolkinggroei in 2003 geraam word op 102,3 miljoen en 1,4% onderskeidelik (World Bank, 2004c).

In drie van die ses missiestellings van Meksiko se onderwysstelselbeleid word voorgenoemde demografiese uitdagings direk hanteer, omdat demografie die

onderwysstelselbeleid uitdagend beïnvloed. Die volgende spesifieke doelwitte is ter sprake:

- *“Every individual has the right to education” (Kent et al., 2002:174).* Die groot getalle in die Meksikaanse onderwysstelsel word deur bogenoemde doel aangeraak, asook die fluktuierende ouderdomstruktuur van die Meksikaanse bevolking.
- *“All state provided education is free, but the state is also obliged to promote and assist all levels and types of education, including post-secondary education, research and development, and cultural dissemination” (Kent et al., 2002:174).* Aangesien Meksiko se ouderdomstruktuur in die toekoms gaan verander, moet die onderwysstelselbeleid voorsiening maak vir die verwagte druk wat op die hoër onderwysektor gaan volg. Die stabilisering wat gaan plaasvind op die jong deel (> 25 jaar) van die bevolking en die behoefte vir kwaliteitsonderwys in die vorm van navorsing, word in bogenoemde missiestelling van die onderwysbeleid van Meksiko aangespreek.
- *“The state is responsible for exercising a compensatory role in order to eliminate extreme inequity in all regions.”* Die ekonomiese samelewingsfaktor (industrialisasie) het die vestigingspatroon van Meksiko grotendeels bepaal. Die grootskaalse verstedeliking het die uitdaging van gelyke onderwysvoorsiening na die oppervlak van die Meksikaanse onderwysstelselbeleid gebring. Demografie, maar spesifiek vestiging het die onderwysstelselbeleid van Meksiko aansienlik beïnvloed.

Demografiese fluktuasies (bevolkingsontploffings) word beskou as sterk kragte wat op die onderwysstelsel invloed uitoefen. Die mate van die na-oorlogse bevolkingsontploffing was grootliks onderskat deur dié wat in die 1960's ambisieuse onderwysuitbreiding vir die volgende twee dekades vir die ontwikkelende streke bereken het. Die onderwysstelsels in hierdie streke het dit moeilik gevind om die bestaande skooldeelname koerse instand te hou in die

konteks van die vinnig groeiende skoolgaande bevolkings, en dit was nog moeiliker om die gestelde skooldeelname teikens te behaal (Coombs, 1985: 13). Daarteenoor het die ontploffing in die getalle jongmense wat industriële lande se onderwysstelsels in die 1950's en 1960's dig bevolk het, onverwags afgeplat rondom die middel 1970's, aanvanklik in die primêre vlakke en later ook in die sekondêre en tersiêre vlakke. Hierdie demografiese ommeswaai het 'n verandering teweeg gebring in die vroeëre populêre druk vir opvoedkundige uitbreiding wat onderwysbeleide in die industriële lande vir meer as 20 jaar gedomineer het. In beginsel het dit hierdie onderwysstelsels 'n kans gebied om asem te skep en hulle fokus te verskuif van kwantitatiewe uitbreiding na kwalitatiewe verbetering (Coombs, 1985: 13).

Lande van die Europese Unie het in die tagtigerjare beleidsaanspassings oorweeg en toegepas as gevolg van die demografiese veranderings in Wes-Europa. Volgens Richard (1981: 276) kan die huidige demografiese afname in die geboortekoers van die Lidlande gesien word as 'n historiese waterskeiding om twee redes. Eerstens was die meeste momentum om onderwysvoorsiening uit te brei afkomstig van die demografiese ontploffing wat veroorsaak is deur die na-oorlogse *baby boom*: hierdie tipe druk was onderliggend aan alle ontwikkelings op alle vlakke van die onderwysstelsels in Wes-Europa gedurende die 1960's en die 1970's. Tweedens bied die afname van demografiese druk 'n nuwe soort uitdaging om die kwaliteit van onderwysvoorsiening te behou en waar moontlik om dit te verbeter. In die na-oorlogse periode was skooluitbreiding hoog op die agenda van die Wes-Europese lande. Die latere krimpings van die bevolkingsgetalle het die uitdaging van 'n nuwe soort beplanning na vore gebring. Om die gelykwaardige verspreiding en rasionele toekenning van skaars hulpbronne te verseker, vereis 'n baie groter mate van vooruitbeplanning oor 'n langer periode. Die uitdaging in die verandering van die benadering van beplanning vanaf kwantitatiewe na kwalitatiewe aspekte lê in die kapasiteit van die lidlande om ekonomies daarin te kan slaag om ten spyte van dalende inskrywings te beplan vir opvoedkundige advies (Richard, 1981: 276). Indien

vooruitskattings van toekomstige geboortesiflers gebaseer is op die land se vlak van voortuitgang, sowel as die beleide wat nasionaal en plaaslik gevolg word, is dit moontlik om die behoefte vir ten minste veertien jaar vorentoe, of tot die einde van die verpligte onderwysfase, op die basis van huidige geboortesiflers te doen. Volgens Richard (1981:277) veroorsaak demografiese verandering nie uniforme effekte dwarsoor die hele onderwysstelsel nie. Dit veroorsaak eerder opeenvolgende golwe soos die ouderdomsgroepe deur die primêre fase na die sekondêre fase en later na die hoër onderwysfase vorder. Daarom is dit moontlik dat sekere lande se primêre skool getalle afneem en die sekondêre onderwysgetalle konstant bly op 'n hoë vlak. Hierdie vergestaltung van demografie op 'n onderwysstelsel beïnvloed derhalwe die onderwysstelselbeleide verskillend ten opsigte van ouderdom, skoolfase, onderwysstreek en onderwysergetalle.

In die lig van bogenoemde voorbeeld van demografiese fluktuasies wat die onderwysstelsel (onderwysstelselbeleid) uitdaag geld die volgende idees:

- 'n herdefiniëring van prioriteite in onderwys in antwoord op die demografiese veranderings,
- variasie en 'n groter mate van veranderende besluitneming,
- die strewe na balans tussen die onmiddellike verwagtings van die teikengroep en die ooreengekome parameters van beleide deur belanghebbendes,
- die instandhouding van die voorsieningstandaarde en die neerlê van kurrikulumriglyne,
- die vermoë om insiklikheid instand te hou om die behoefte vir innovasie te akkommodeer ten opsigte van die veranderende sosiale, ekonomiese en industriële situasie en
- 'n groter omsigtigheid in die uitvoering en implementering van regeringsbeleid in onderwys.

Tomlinson (1981: 373) wys daarop dat Cheshire in Engeland, se geboortekoers dieselfde was as die nasionale tendens van 1948 tot 1979. Teen 1974 is die Cheshire onderwysstreek gekonfronteer met dalende geboortegetalle, wat later 'n volle effek in die primêre- en sekondêre skole sou hê. Terwyl die algemene skoolbevolking afgeneem het, het sekere areas in Engeland egter stygende geboortesyfers getoon en veral die Runcorn New Town area. Betreffende onderwysstelselbeleid, het dit dus nodig geword om van die geboortekoers ten opsigte van 'n spesifieke area te praat eerder as van die land in geheel. 'n Duidelike aanduiding is daarom dat demografie dus nie slegs nasionaal of in die geval van Suid-Afrika, provinsiaal waargeneem moet word in beleidsbepaling nie, maar ook ten opsigte van 'n spesifieke streek.

Die sewentigerjare se demografiese gebeure in Ierland het interessante gevolge vir die onderwysstelselbeleid gehad. Die demografiese tendense is gekenmerk deur 'n afname in plattelandse bevolking, 'n hoë maar relatiewe afhanklikheidskoers, 'n verlaging in die ouderdom van huwelikstoetreding en 'n dalende vrugbaarheidskoers (Buachalla, 1982: 72). As gevolg hiervan was twee aspekte van besondere belang vir die effektiewe onderwysbeplanning. Eerstens bepaal die grootte van die jeugdige bevolking en die kwantitatiewe verhouding daarvan tot die aktiewe bevolking die dimensies van die onderwysbehoefte en tweedens die patrone van geografiese vestiging wat kenmerkend van die bevolking is, die mate van homogeniteit in onderwysvoorsiening en die moontlikhede wat bereik kan word binne die gegewe hulpbronbeperkings. Die kwalitatiewe aspekte van die onderrigproses van Ierland word ook direk hierdeur bepaal. Hierdie demografiese uitdagings vir die onderwysstelselbeleid van Ierland het gelei tot 'n heroorweging van demografiese bestuur en onderwysstelselbeplanning en in reaksie hierop het twee beleidsdokumente in 1980 die lig gesien, naamlik die *White Paper on Educational Development* en die *Action Programme for Education in the 80's*. Voorgenoemde bespreking van demografiese eise aan die Ierse onderwysstelsel fokus op die

*Education in the 80's.* Voorgenoemde bespreking van demografiese eise aan die Ierse onderwysstelsel fokus op die bevolkingsrealiteite van die 1980's. Hierdie realiteite is egter tydsgebonde aangesien die huidige (2005) bevolkingsgroeikoers van Ierland op 1,16% geraam word en die netto migrasiekoers op 4,93 per 1000 mense (World Fact Book, 2005), wat aantoon dat nuwe demografiese eise tans geld en dat die 1980's se aanpassings heroorweeg moet word.

Periodiese veranderings in geboortekoerse is nie die enigste demografiese fluktuasies wat deur beleidmakers in ag geneem moet word nie, maar ook die variërende mates van interne en eksterne migrasie. In Albanië neem geboortekoerse af, burgers emigreer teen onbekende koerse (wettig of onwettig) na ander lande en dorpsbewoners beweeg uit die bergagtige gebiede na semi-stedelike gebiede (Linn, 2004:83). Bevolkingsveranderings van hierdie omvang noodsaak gereelde skattings van die populasie ten opsigte van ligging en ouderdomstruktuur asook interne en eksterne migrasie patrone indien regerings die onderwys infrastruktuur nagenoeg in lyn wil hou met bevolkingsgetalle en geografiese verspreidings. As gevolg van voorgenoemde demografiese fluktuasies staar die ESA-lande ook beleidsverandering in die gesig aangaande die huidige opvoedergetalle. Linn (2004:84) voer aan dat die regerings subsidies van onderwyseropleiding kolleges in lyn gebring moet word met die geprojekteerde vraag en aanbod van opvoeders oor 'n tydperk van tien jaar. Hierdie aksie sal verseker dat fondse wat beskikbaar is vir voordiensopleiding kan koop wat die bevolking nodig het. Deur nie meer opvoeders op te lei as wat nodig is nie, word politieke druk daarom ook verminder op regerings om oortollige opvoeders te huur of aan te stel. Die herstrukturering van die onderwysmag as 'n kleiner, voltydse, beter betaalde onderwysmag vereis 'n gesofistikeerde politieke strategie, soos die inwin van inligting en analyses van byvoorbeeld verwagte uittredes van die beroep, skattings van die koste van afliggings, vroeë uittrede pakkette en modelle om die wederkerige kostes van 'n kleiner, beter betaalde onderwysmag te bepaal (Linn, 2004:84). Die afname in

2005), dwing beleidmakers tot die heroorweging van onderwysprioriteite asook die instelling van nuwe beleidsdoelwitte, byvoorbeeld:

- Redelike afleggings of vroeë uittrede pakette vir oortollige personeel.
- Die heroplei van opvoeders vir ander professionele dienste in die konteks van 'n goeie herontplooingsprogram.
- Die infassering van breër kompetisie vir die voorsiening van goedere en nie-onderwysdienste.
- Gratis en betroubare vervoer vir leerders van plekke waar skole gesluit was na ander skole.
- Buigsaamheid vir beleidmakers op verskillende vlakke van regering in die toewysing van hulpbronne.
- Terugvoering van besparings vir herbelegging in die onderwyssektor.

Aangesien die beleidskomponent van die onderwysstelsel hoofsaaklik 'n beplannings- en rigtinggewende karakter het kan die elemente van hierdie komponent as die "meganismes" vir aanpassing en verandering beskou word. Voorgenoemde bespreking ten opsigte van die impak van demografie op die onderwysstelselbeleid beklemtoon dat die sukses van 'n onderwysstelsel grootliks lê in die vermoë van die komponent om aan te pas by demografiese fluktuasies. Die implementering van die onderwysbeleide word hoofsaaklik deur die funksionarisse van die onderwysstelseladministrasie uitgevoer. Demografie beïnvloed onderwysstelseladministrasie ingrypend, soos die volgende afdeling sal uitbeeld.

### **2.5.2 Invloed van demografie op onderwysstelseladministrasie**

Volgens Van Schalkwyk (1981: 150-151) moet alle administratiewe werksaamhede binne die onderwysbeleid plaasvind, want die onderwysstelselbeleid bepaal die "hoe" en die "wat" van wat gedoen moet word. In die lig hiervan bepaal die

aard van die onderwysstelseladministrasie in hoe 'n mate demografie/teikengroep toereikend hanteer word in die onderwysstelsel (vergelyk 2.2.3.2).

Die daling in primêre skoolgetalle en styging in sekondêre skoolgetalle wat bespeur is in die Cheshiredistrik in Engeland in die laat sewentigerjare het die administratiewe fokus van die Engelse onderwysstelsel ingrypend beïnvloed. Na konsultasie binne die Departement van Onderwys en die Cheshiredistrik se korporatiewe beplanningseenheid, is daar gedurende 1979 tot 1980 drie strategieë vir die 1980's en die tydperk daarna geformuleer vir die hantering van die veranderde leerdergetalle en besparings in uitgawes, naamlik:

- om van die geleentheid gebruik te maak om geld te bespaar deur die vermindering van besteding streng in lyn te bring met leerdergetalle, die aanvaarding van groter klasse en die sluit van heelwat primêre skole en later sekondêre skole;
- om bestaande onderwysstandaarde te behou (soos gemeet deur die kurrikulum, klasgrootte, ruimte per leerder ensovoorts) en om kleiner besparings as in voorgenoemde strategie te aanvaar;
- om van die geleentheid gebruik te maak om onderwysstandaarde te verbeter deur die behou van personeel en geboue en deur te aanvaar dat daar moontlik nie voldoen sal kan word aan ander behoeftes van die Cheshiredistrik ten opsigte van hulpbronne nie. Hierdie strategie sou die leerder-tot-opvoeder ratio verhoog. Dit sou ook die standaard van onderwys en nie-onderwys ruimte verbeter en dit sou bedoel wees om hierdie standaard vol te hou in die middel-1990's wanneer leerdergetalle soos verwag weer sou styg (Tomlinson, 1981: 377).

Hierdie organisatoriese strategieë toon duidelik die invloed van veranderende demografie op die onderwysstelseladministrasie. Die finansiële reëlings as element van die onderwysstelseladministrasie toon in hierdie geval die prominente rol daarvan om aandag te gee aan die demografiese realiteit en -eise. Ingrypende beplannings- en moniteringsimplikasies was dus hoog op die

agenda van die onderwysowerhede van die Cheshire distrik se agenda. Hierdie daling in primêre skoolgetalle het ook 'n invloed gehad op die ouderdomspiramide van die skooldistrik, die gevolg hiervan is steeds waarneembaar in die wyer Britse bevolking siende dat slegs 17,7% van die Britse bevolking in die 0-14 jaar ouderdomsgroep val. Dit het veroorsaak dat onderwysplanne gekenmerk is deur tydgebonde administratiewe strategieë. Alhoewel die Cheshiredistrik bevolkingsafnames getoon het in die vroeë tagtigs, het die bevolkingsgroeikoers gestabiliseer teen ongeveer 0,2 % (World Factbook, 2005) in die laat neëntigerjare wat vanuit 'n demografiese perspektief totaal ander administratiewe implikasies tot gevolg sou hê, veral ten opsigte van onderwysbesteding-en voorsiening. Op 'n ander administratiewe vlak, speel demografiese faktore selfs 'n rol in die bepaling van tydsindeling van 'n skooldag. Skole begin eers om nege-uur in die oggend en sluit om vier-uur in die middag as gevolg van die oorwegend koue klimaatstoestande (Goodey, 1989) in Engeland.

Die problematiek aangaande die hantering van demografie binne die onderwysstelseladministrasie word ook demonstreer deur die daling in studentegetalle in die 1980's in Kanada, VSA, Duitsland en die Verenigde Koninkryk. Hufner (1981:331) verduidelik dat omdat geboortesiferys in voorgenoemde lande gedaal het en omdat dit ongeveer 18 jaar neem voordat enige geboortestygings in die hoër onderwys inskrywings sigbaar sal word, die middel- en langtermyn projeksies hoofsaaklik pessimisties is, veral as die tradisionele studentebevolking in ag geneem word. As gevolg hiervan redeneer Hufner (1981:331-332) dat die dalende bevolking instellings van hoër onderwys dwing om op beide makro- en mikrovlak alles binne hul vermoë doen om 'n nuwe studenteteikengroep te lok. Aspekte soos bemarking, finansiële visie, koördinasie en skakelingsreëlins is hier ter sprake.

Buachalla (1982:75) wys die leemtes in die Engelse *White Paper on Educational Development* van die 1980's uit en beklemtoon die afwesigheid van administratiewe beplanning vir die demografiese eise van die era. Volgens die outeur was daar nie 'n poging om hervormings- en uitbreidingsmaatreëls in verband te bring met die finansiële implikasies vir die onderwysstelseladministrasie nie. Buachalla (1982:75) is van mening dat die afwesigheid van onderwysbesteding bevreemte moet word in die lig van die demografiese fluktuasies wat sigbaar was in Engeland. In 'n dekade waar inskrywingsrolle en besteding per student geprojekteer is om skerp te styg, was die afwesigheid van onderwysbesteding verrassend en het dit die bruikbaarheid van die Witskrif as 'n effektiewe beplanningsdokument verlaag (Buachalla, 1982: 76). Buachalla (1982: 78) onderstreep die demografiese impak op onderwysstelseladministrasie deur te fokus op die administratiewe hervormings van Engeland se onderwysstelsel. In 'n onderwysstelsel wat gedomineer word deur strukture en organisatoriese kenmerke van die vorige eeu, sal onaanvaarbare strukture net soveel bydra tot krisis omstandighede as wisselende spanning tussen vraag en aanbod. Die strukturele aspekte van die stelsel sou dringende ondersoek benodig soos die volgende:

- Die desentralisering van die stelsel tot streek-plaaslike eenhede.
- Die afskaffing van skoolbefondsingskemas wat gebaseer is op 'n "kop-toelae" beginsel waarvolgens 'n leerder se opvoedkundige geleentheid afhang van die grootte van die skool wat bygewoon word.
- Die behoefte vir 'n nuwe basiese skool wat die ouderdomsreeks dek ná die minimale skoolverlatingsouderdom en wat die elementêre skool en die junior siklus van die tweede skoolvlak kombineer.

'n Beleid wat aandag skenk aan hierdie en soortgelyke strukturele kwessies is meer geneig om die langtermyn onderwyskrisis te hanteer of op te los as enige ekonomiese groei of skielike verandering in demografiese patrone. Dis duidelik dat demografiese fluktuasies die strukturele deeglikheid en soliditeit van die

onderwysstelseladministrasie uitdaag en druk plaas op die funksionering van die funksionariese, finansiële reëlins en kommunikasielyne.

Die stabilisering en daling van geboortekoerse in die Lidlande van die Europese Unie het radikale maatreëls van veral rasionalisering tot gevolg gehad op die onderwysstelseladministrasie. Richard (1981: 283) beskou die maatreël van rasionalisasie wat op institusionele vlak uitgevoer word as baie meer kontroversieel. Hier kan twee tipes onderskei word: eerstens die samesmelting van skole om eenhede te vorm wat voldoende grootte bied om lewensvatbare opvoedkundige infrastruktuur te ondersteun en tweedens veranderings in die ure van onderwysers se klas kontakure. In België het sekere sekondêre skole saamgesmelt om lopende koste te verminder. Die outeur lig ook die aspek uit van nouer finansiële kontrole en strenger toegepaste beperkings op besteding (Richard, 1981: 284). Richard (1981: 285) som die demografiese impak op onderwysstelseladministrasie op as sou daar 'n behoefte wees in gedesentraliseerde onderwysstelsels om standarde te monitor en om die effektiewe aanwending van hulpbronne te handhaaf. In die geval van gesentraliseerde onderwysstelsels sal stelsels van evaluering en monitering al hoe meer die verantwoordelikheid aanvaar om te sien hoe ver plaaslike behoeftes hanteer kan word binne die beperkings wat gestipuleer is deur die nasionale administrasie. Die impak van demografiese verandering op onderwysstelsels in die Europese Gemeenskap was om toenemende uiteenlopendheid in die tydsberekening en die mate van die afname in getalle uit te lig. Daar is ook aansienlike verskille tussen lidlande in die mate van herstel teen die einde van die eeu. Die gemeenskaplike faktor is egter dat alle Lidlande veranderende demografiese patrone toon van skoolbevolkings en dat almal kwaliteit in die onderwysstelsels moet toon. Die essensiële en gemeenskaplike kenmerke wat in hierdie strategie kwaliteit moet behou is onder andere:

- die behoefte om buigsaamheid te behou om die behoeftes van innovasie te hou in die lig van 'n veranderende sosiale ekonomiese en industriële situasie;
- die behoefte om die administratiewe strukture wat voorheen betrokke was by óf gesentraliseerde beheer óf gedesentraliseerde beheer oor onderwys te heroorweeg;
- die behoefte om meer samewerkingsbande tussen sentrale administratiewe, streeks- en munisipale gesag te ontwikkel en veral dié bande wat diegene bymekaarbring wat verantwoordelik is vir die evaluering en monitering op alle vlakke, insluitende skoolbesture, vakbonde, onderwyspersoneel en die plaaslike gemeenskap.

Die outeur is van mening dat pogings wat gaan fokus op die verwagte radikale veranderings van die 1980's en die 1990's spesiale aandag sal moet vestig op buigsame innovering en ook op die maniere hoe dit geëvalueer sal word.

Die administratiewe uitdagings wat demografie op die onderwysstelsel-administrasie van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel plaas manifesteer uiteenlopend. Liebenberg (2004) en Singh (2004) berig dat as gevolg van oorvol klasse in die KwaZulu-Natal provinsie maak sommige skoolhoofde hulle skuldig aan bedrog in 'n poging om die eise wat demografie aan die administrasie van die skole stel te probeer hanteer. Sommige hoofde van skole in stedelike gebiede pleeg bedrog deur voor te gee dat hulle meer leerlinge het as wat werklik die geval is sodat hulle kan aanspraak maak op meer onderwysers.

Die migrasie van leerders na en binne Gauteng plaas enorme druk op die administratiewe komponent van die Gautengonderwysstelsel. Rademeyer (2004) berig dat volgens mnr. Ignatius Jacobs, Gautengse LUR vir Onderwys, Gauteng nie bykomende klaskamers of skole nodig het nie – ondanks die feit dat meer as 60 000 leerlinge in 2003 en nog 2000 sedert die begin van die 2004-

skooljaar na plek in skole in die provinsie gesoek het. As al die leë klaskamers in die bestaande skole benut word, is bykomende skole of klaskamers volgens Jacobs, soos aangehaal deur Rademeyer (2004), nie nodig nie. Skole met leë of ongebruikte fasiliteite word genader deur die Gautengse Departement van Onderwys om óf hierdie fasiliteite beskikbaar te stel óf om van enkelmedium na parallelmedium oor te skakel. Migrasie as element van demografie plaas dus enorme druk op die toereikende administrasie van die Gautengse Departement van Onderwys.

Finansiële reëlins as element van die onderwysstelseladministrasie het in 2003 in veral die Gautengse parallelmediumskole onder die vergrootglas gekom. Eybers (2003) berig dat 'n voorlegging oor 22 Gautengse parallelmediumskole aan Jacobs, dié provinsie se LUR vir onderwys, oorhandig is. Die voorlegging hou voor dat die skole verarm weens die groot toename in leerlinge van arm gemeenskappe wie se ouers nie die skoolgeld kan bekostig nie. Bowendien kry dié skole heelwat kleiner subsidies as enige van die ander skole omdat toelaes toegeken word volgens 'n armoede-indeks, bereken volgens die gebied waar die skool geleë is. Die skole is dikwels nie in arm gebiede geleë nie, maar 'n groot aantal van hul leerlinge kom uit arm gebiede en kan nie skoolgeld bekostig nie.

Mango (2004) beweer dat die administratiewe druk op die onderwysstelsel van die Limpopo Provinsie gaan vergroot as gevolg van die migrasie van opvoeders, nie net na ander provinsies nie, maar ook na die Verenigde Koninkryk en Australië. Hierdie migrasie kan deur die heroorweging van die finansiële reëlins van die onderwysstelseladministrasie aangespreek word. Drotzky (2004) plaas die klem van sy oplossings vir die demografiese uitdagings (veral migrasie) in Gauteng op administratiewe hulp vir skole. Volgens hierdie skoolhoof is hulle deur al die groeipyne van 'n nuwe parallelmediumskool nadat die leerder samestelling van die skool drasties verander het ten opsigte van taalvoorkeure as gevolg van migrasie binne die Gautengprovinsie. Die grootste verandering was dat opvoeders nou in 'n ander taal ook moes skoolhou. Almal het opleiding

en hulp nodig gehad. Hulle sou graag meer steun van die Gauteng Departement van Onderwys wou gehad het, maar het nie meer onderwysers gekry om in 'n tweede taal skool te hou nie – die beheerliggaam betaal sodat ekstra onderwysers aangestel kan word, maar dit kan nie vir altyd voortgaan nie.

Die administratiewe uitdaging wat demografie na skole bring word ook deur Malgas (2004) beklemtoon deurdat die skoolhoof van mening is dat die departement aanpassings moet maak wat die voorsiening van onderwysers betref, veral in parallelmediumskole (aangesien veranderde leerder samestelling van skole wat deur migrasie veroorsaak word meer opvoeders vereis, sodat na parallelmedium oorgeskakel kan word).

Die KwaZulu-Natal LUR vir onderwys erken dat die hantering van demografiese eise deur 'n veranderde, weldeurdagte en omvattende manier binne die onderwysstelseladministrasie moet geskied (Singh, 2004) en motiveer hierdie standpunt aan die hand van vier administratiewe inisiatiewe, naamlik verbeterde kommunikasie, evaluering en navorsing wat behoeftes en prioriteite sal identifiseer, beter koördinasie aangaande hulpbronghantering en mannekragontwikkeling. Die KwaZulu-Natalse onderwysdepartement mik dus na 'n inklusiewe benadering betreffende die belanghebbendes in die onderwysstelseladministrasie in die hantering van administratiewe effektiwiteit.

Richard (1981:282) postuleer 'n omvattende standpunt betreffende die invloed van demografie op onderwysstelseladministrasie wat as relevant beskou kan word nie slegs op die Lidlande van die Europese Unie nie, maar ook lande soos Suid-Afrika. Die outeur beweer dat demografiese verandering onder andere lei tot 'n beduidende las op onderwysbeplanning. Om die vereistes en behoeftes van die deelnemers in onderwys (leerders, ouers, openbare verteenwoordigers of onderwysers) te bekom, is 'n groter mate van deurlopende monitering en

voortuitbeplanning nodig as wat die gebruik was in 'n tyd van langdurige demografiese uitbreiding.


Die invloed van demografie op die onderwysstelseladministrasie word derhalwe deur veral twee aspekte gekenmerk, naamlik die feit dat die administratiewe struktuur 'n omvattende benadering moet openbaar wat ruimte vir innovasie bied, en die feit dat die onderwysstelseladministrasie die kapasiteit moet hê om langdurige en skielike of onvoorspelbare demografiese verandering te kan hanteer.

### **2.5.3 Invloed van demografie op die onderwyskundige struktuur**

Die onderwyskundige struktuur (vergelyk 2.2.3.3) verteenwoordig vir baie in die samelewing "alles" omtrent onderwys. Aangesien dit bestaan uit onderwys- of opleidingsvlakke, onderwys- of opleidingsinrigtings, kurrikula en differensiasie as elemente word die onderrig- en leerproses in hierdie komponent van die onderwysstelsel organiseer en uitgevoer. Demografie word gevolglik in hierdie komponent prakties hanteer en georganiseer.

Linn (2004: 77) beskou die dalende fertilitatekoers van die Europese en Sentraal Asiatiese (ESA) lande as 'n herorganiseringsfaktor vir die onderwysstelsels van die lande, veral ten opsigte van die onderwyskundige strukture van hierdie lande.

**Figuur 2.5: Totale fertilitateitskoerse vir Europa en Sentraal Asië (ESA) lande**



Bron : Linn (2004 : 77)

Figuur 2.5 wys dat die totale fertilitateitskoerse vir alle ESA-lande afgeneem het tussen 1989 en 1997, terwyl sekere lande byvoorbeeld Albanië, die Sentraal Asiatische republieke en Turkye steeds die vervangingskoerse van 2.1 kinders oorskry het. Vir die ander ESA-lande het die fertilitateitskoerse tot onder die vervangingskoerse gedaal. Volgens Linn (2004:78) is die grootte van die streek se voorskoolse ouderdomsgroep (3-6 jaar) geprojekteer om te daal met omtrent een-sewende tussen 1995 en 2020, terwyl die ouderdomsgroep in basiese onderwys (7-14 jaar) volgens verwagting sal afneem met 25% in dieselfde periode. Die ESA-lande se onderwysstelsels is dus tans groter as wat nodig is vir die leerders wat, ten minste op die korttermyn, deur die stelsel sal beweeg. Die huidige afname in geboortes kan ook die tydsberekening in geboortes reflekteer, wat 'n vertraagde eerder as permanente afname in geboortes kan beteken. Daar is 'n 40% afname in fertilitateitskoerse van Latwiese vroue tussen

beteken. Daar is 'n 40% afname in fertiliteitskoerse van Latwiese vroue tussen die ouderdomme van 20 tot 25 jaar, en dit is verantwoordelik vir die algehele afname in geboortes. Hierdie tendens kan moontlik toegeskryf word aan die eenvoudige rede dat hierdie vroue geboortes uitstel tot hul dertigerjare, soos vroue in die Westerse lande (Linn, 2004:78), maar dit kan ook 'n algemene tendens voorstel van 'n afname in bevolkingsgetalle.

Die ESA-lande het 'n toename ondervind in die toekenning van die onderwysbegrotings van die lande ten opsigte van energie-insette. Die energie insette het gestyg van minder as 5% in die vroeë neëntigerjare tot onderskeidelik 25%, 35% en 40% van die totale onderwysbegroting, afhangend van die felheid van die klimaat. Die druk van bruikbaarheidskoste op die onderwysbegroting sou na verwagting geakkommodeer word in 'n vergroting van die leerder-tot-opvoeder ratio's, maar in plaas daarvan het dit oor die dekade vir die meeste ESA-lande afgeneem. In 1989 was die gemiddelde ratio 16,2:1 en teen 1997 was dit 14,4:1. In sekere gevalle het die getal leerders afgeneem, terwyl die getal opvoeders toegeneem het, byvoorbeeld in lande soos die Tseggiese Republiek, Pole, Slowakye en Roemenië. Volgens die World Factbook (2005) is die bevolkingsgroeikoers van Roemenië -0,11% wat die toename in opvoeders teenoor leerders verduidelik. In sekere gevalle het beide opvoeder- en leerdergetalle afgeneem (byvoorbeeld Bulgarye en Joegaslawië), en in ander gevalle het beide leerder- en opvoedergetalle toegeneem byvoorbeeld Armenië, Belarus en die Russiese Federasie, waar die geskatte tendens byvoorbeeld 9,8 geboortes per 1000 mense is. (Linn, 2004: 79; World Factbook, 2005). Gevolglik moes daar in die Samarastreek in die Russiese Federasie 'n heroorweging van die begrotingsperspektief plaasvind. Tradisionele finansiering van die onderwysstelsel het die proses ondersteun, maar nie die resultate van onderwys nie; die finansiering wat na 'n individuele skool gegaan het, het naamlik steeds die geskiedenis gereflekteer eerder as wat dit op rasionele keuses gebaseer was en op die evaluering van ekonomiese uitsette gefokus het. Die Samarastreek se onderwysowerhede het besluit om te eksperimenteer met 'n "kop-belasting" waar

“die geld die leerder volg”. Die toekenning per leerder is aangepas by ‘n aantal bekende faktore wat die koste per leerder beïnvloed, soos byvoorbeeld landelike ligging (Linn, 2004:79).

Die demografiese realiteit (verlaging in geboortekoers) van die ESA-lande het groot implikasies vir die onderwyskundige strukture van die lande tot gevolg gehad. Verbeterde effektiwiteit kan aangestip word in ‘n veranderde demografiese klimaat. Die konsolidering van skole in veral die landelike gebiede is hoog op die agenda. Hierdie fokus vind egter plaas teen die agtergrond van die strewe na beter effektiwiteit, wat bereik kan word indien ‘n aantal verbandhoudende aksies sal kulmineer in substantiewe besparings en teen die agtergrond dat geld dikwels bestee moet word op maatreëls vir effektiwiteit voordat dit begin geld spaar. Gegewe hierdie agtergrond, behoort goeie databasisse gebruik te word om besluite van byvoorbeeld skoolsluitings te neem. Koste-effektiewe en kostevoordelige ontledings is nodig vir alle besluite (Linn, 2004:82). Die kwessie van die moontlike sluiting van die groter aantal klein landelike skole word dus opgeweeg teenoor die relatiewe koste van die infrastruktuur en vervoerkoste verbonde aan die konsolidering van skole. Dit kan dus goedkoper wees om die groter aantal klein skole instand te hou. Kostevoordelige analyses moet ook die gevaar van gemiddeldes in ag neem omdat die gemiddelde klasgrootte totaal misleidend kan wees.

Aangaande die bestuur van fasiliteite, stel Linn (2004:82) drie strategieë voor:

- Konsolidering van bestaande skole.
- Identifisering van die minste koste-alternatiewe vir die bestuur van veranderings in die grootte en geografiese verspreiding van die skoolgaande ouderdomsgroep.
- Verbetering van die effektiwiteit van boustandaarde vir nuwe skole.

Ter uitbreiding van hierdie strategieë wys die outeur op die noodsaaklikheid van skoolkarteringsdatabasisse. Hierdie databasisse moet die geografiese verspreiding van skole in 'n land aandui en 'n beskrywing van hierdie skole gee ten opsigte van konstruksietipe, aantal en dimensies van klaskamers, en ander vertrekke, aantal leerders per graad, die aantal en tipes nie-onderwys personeel en die aantal en tipes opvoeders. Dit moet ook die afstande tussen skole, die toestande van paaie en sensus tendense vir elke voedingsgebied aandui. Linn (2004:82) voer aan dat die effektiwiteit van die infrastruktuur verbeter kan word deur die sluiting van kleiner skole en die konsolidering van leerders in groter skole. In die Novgorod streek van die Russiese Federasie is omtrent 70% skole en 50% opvoeders byvoorbeeld gevestig in die landelike gebiede, hoewel slegs 25% van die leerders in die landelike gebiede woon. Die sluiting van skole sal lei tot die meer ekonomiese benutting en onderhouding van opvoeders en nie-onderwyspersoneel, insluitende administrateurs. Dit sal ook gewens wees indien die minder energie-effektiewe skole eerste gesluit word, met ander woorde dié wat in die swakste fisiese toestand is. Die geleentheid om voorgenoemde strategieë te gebruik word egter beïnvloed deur die besluite om minderheidstale aan te bied, die inagneming van afstande tussen bevolkingsvestigings, die beskikbaarheid van openbare vervoer, die toestand van paaie gedurende winter en die opsies vir die wegdoen met onnodige skole (Linn, 2004:83).

Effektiwiteit kan ook verhoog word deurdat afsonderlike geboue vir 'n spesifieke vlak onderwys (primêr, middel sekondêr of hoër sekondêr) aan te wend. Baie skole dek tans grade 1 tot 11, maar hierdie reëling maak nie baie effektief gebruik van gespesialiseerde fasiliteite, soos laboratoriums of vakspesifieke opvoeders nie. Hierdie strategie sal sonder twyfel meer uitvoerbaar in groter dorpe en stede wees, waar meer skole aangetref word (Linn, 2004: 83).

Die instandhouding van die infrastruktuur dwarsoor die veranderings in die grootte en geografiese verspreiding van die skoolgaande ouderdomsgroep vereis maniere om die infrastruktuur te verander met minimale koste. Gegee die

afname in geboortekoerse van -0,5 % in 2002 (World Bank, 2005d), moet regerings van die ESA-lande die fiskale voordele om skole te verkoop heroorweeg relatief tot die koste om te konsolideer, indien die leerders nie herontplooï kan word nie. Indien die getal skoolgaande leerders toeneem, kan beleidmakers klasgroottes verhoog tot 'n sekere punt, dubbel skofte instel of fasiliteite huur. Indien die toename in leerders net in die korttermyn plaasvind, kan mobiele klaskamers wat goedkoop is en binne 'n week opgerig kan word en tussen vyf en tien jaar sal hou oorweeg word. Al hierdie strategieë is goedkoper as om in permanente infrastruktuur te belê, alhoewel permanente infrastruktuur in sekere omstandighede wel meer effektief kan wees (Linn, 2004:83). Na aanleiding van die bespreking van die omstandighede van die ESA-lande is die effek van dalende geboortekoerse duidelik waarneembaar op die onderwyskundige struktuur van die lande se onderwysstelsels. Ten einde koste-effektief te wees is 'n grootskaalse heroorweging ten opsigte van die rangskikking en organisering van die elemente van die onderwyskundige struktuur nodig.

Veral in die ESA-lande plaas die afname in leerdergetalle aspekte van kurrikula en medium van onderrig onder die vergrootglas. Linn (2004:85) dui aan dat kurrikula van hierdie lande 'n groter aantal vakke insluit in elke graad as wat in ander streke die geval is. Hoewel sommige van hierdie vakke soms net vir 'n uur of twee per week aangebied word, vereis elke vak egter 'n vakspesifieke opvoeder en vakspesifieke handboeke. Die skrywer beveel aan dat regerings van die ESA-lande dit moet oorweeg om die aantal vakke te verminder, om sodoende die diepte van die leerders se leer te bevorder en te spaar op vakspesifieke opvoeders en -handboeke.

Die afname in leerdergetalle het 'n uitdagende invloed op die onderrig van minderheidstale in 'n veeltalige opset (soos die ESA-lande). Regerings steun die onderrig van minderheidstale vir aanvaarbare beleidsredes onder andere om etniese verskille te respekteer as 'n manier om sosiale vrede te verseker (daar is

niks so skadelik vir 'n land se ekonomie en onderwysstelsel as etniese oorlog (nie) en vir opvoedkundige redes (studies toon dat die skoling van 'n kind in sy/haar moedertaal opvoedkundige vooruitgang steun). Linn (2004:86) beweer dat daar ook 'n negatiewe kant aan hierdie beleid is. Tensy die minderheidstale-beleid op só 'n manier ontwerp word dat minderheidsleerders begelei word om te beweeg van hul moedertaal tot bemeestering van die nasionale taal, kan die leerders beperkte toegang tot en beweeglikheid in die werksmark in die gesig staar. Daar is ook 'n moontlikheid dat die beleid sosiale verdeeldheid in stand sal hou. Afhangende van hoe die beleid jeens minderheidstale georganiseer word, kan die getal klein oneffektiewe skole ook toeneem. Alle handboeke moet in elke taal gedruk word en dit kompliseer ook die ontplooiing van opvoeders aangesien die tale van opvoeders met die tale van die skole moet ooreenstem. Beide Rusland en Roemenië het ten minste sewe etniese groepe elk wat hoofsaaklik gekenmerk word deur verskillende tale of ten minste verskillende dialekte, wat die problematiek van voorgenoemde strategie onderstreep ( World Fact book, 2005). Vir hierdie dilemma stel Linn (2004:86) voor dat die voorbeelde van lande soos Roemenië en Hongarye gevolg word. In dié lande word die onderrig van minderheidstale in skole geïntegreer waar die algemene kurrikulum in die meerderheidstale aangebied word. Net sekere vakke word in die minderheidstale aangebied, soos in die taalperiodes van die minderheidstaalleerders.

Hodgkinson (2001) voer aan dat niks demografies eenvormig versprei is oor die VSA nie: *“Not race, not religion, not fertility, not wealth, and certainly not access to higher education.”* Die skrywer beweer dat ekonomiese gebeure die oorsaak is van die grootskaalse migrasie in die VSA en gevolglik van die onderwyskundige struktuur, maar dat dit veral die klaskamer tot 'n multikulturele onderrigforum transformeer. *“The inner suburban ring (where there is nothing between you and the city limits) will see a major increase in student diversity – more minorities, more immigrants, more students learning English as second language, and more students from poverty.”* Demografie as determinant van die

onderwysstelsel stel dus aansienlike eise aan die onderwyskundige struktuur. Die onderrigmedium as element van die onderwyskundige struktuur kom in die VSA onder skoot en verplig skoolbesture om aan te pas by die veranderende tendense in die demografie van hul onderskeie streke.


Grootskaalse kurrikulumaanpassings in veral die sekondêre skole van die Lidlande van die Europese Unie was aan die orde van die dag in die 1980's as gevolg van die stabiliserende en tentatiewe dalings in die aantal inskrywings van skole. Richard (1981: 283) noem dat alhoewel primêre skole se kurrikula relatief stabiel voorkom, dit nie die geval is met sekondêre skole nie, aangesien 'n baie wyer reeks kurrikulumopsies in sekondêre skole teenwoordig is. Dalende inskrywings en die stabilisering van onderwysergetalle het die vermoë om 'n genoegsame mate van kurrikulum spesialisasie grootliks te beperk. Richard (1981: 283) wys verder daarop dat hierdie situasie van demografiese krimpings wel voordelige nuwe-effekte vir die individuele leerder gehad het, omdat skole in die Verenigde Koninkryk hulself tot 'n "gewaarborgde minimum kurrikulum vir alle leerders" gewend het.

Die herdefinisie van prioriteite in onderwys in antwoord op die demografiese veranderings het implikasies vir die lidlande van die Europese Unie ingehou, veral vir die onderwyskundige struktuur van hierdie onderwysstelsels. Richard (1981: 284) voer aan dat die optimale klasgrootte van veral die primêre skole en die aanvaarde reeks skoolvakke van die sekondêre skole heroorweeg moes word. Lande soos Frankryk, Duitsland en Nederland het sekere nasionale regulasies verslap. Voorbeelde hiervan is onder andere, die verbetering van opvoeder-tot-leerder ratio's, voorstelle om die ouderdom van aftrede te verlaag, die groei van deelydse onderwys en die vermindering van die weeklikse onderwyslading.

Hüfner (1981:329) beskryf 'n aktuele aspek van dalende en stygende geboortesiferyers soos volg:

Die behoefte vir onderwysers, is 'n afgeleide behoefte, wat afhang van die koers van verandering in die inskrywingskoerse van leerders. Klein veranderings in die behoefte vir sekondêre of hoër onderwys kan vergrote veranderings veroorsaak in die behoefte van beleggingsinsette, naamlik onderwysers. As daar byvoorbeeld aanvaar word dat die leerder-tot-opvoeder ratio 20:1 is en daar 'n styging van 1 miljoen studente na 1,1 miljoen is, moet daar omtrent 500 nuwe onderwysers aangestel word. Indien studentegetal sou styg met 20% in plaas van 10%, sal die getal nuwe onderwysers moet styg met 100% (in plaas van 5000 onderwysers, sal nou 10 000 nodig wees). Hierdie beginsel staan bekend as die versnellende effek in die geval van toenemende geboortes of die vertragingseffek in die geval van dalende geboortesiferyers. Die onderstaande tabel som hierdie demografiese verskynsel (fluktuierende geboortesiferyers) op.

**Tabel 2.6: Versnellings- en vertragingseffek van geboortetalle op die onderwyskundige struktuur**



Bron: Hūfner, 1981: 330

Die kenmerkende migrasie van die Suid-Afrikaanse leerder oefen tans aansienlike druk uit op die onderwyskundige struktuur van verskeie provinsies se onderwysstelsels. Eybers (2004) berig dat daar in die laaste paar jaar 'n tendens is van migrasie uit ander provinsies, veral dié van die Oos-Kaap na die Wes-Kaap, asook van die plattelandse na stedelike gebiede, maar dit is onmoontlik om te voorspel watter skole geraak gaan word. As gevolg van stygende getalle moet sekondêre skole hul reeks vakke heroorweeg, want 'n groter getal leerders moet per klas geakkommodeer word. Die medium van onderrig kom onder die vergrootglas aangesien rasdesegregasie van die huidige bestel in Suid-Afrika grootskaalse migrasie teweeg gebring het in die demokratiese era. Leerders van verskillende kulturele agtergronde woon deesdae in dieselfde woongebiede en

skryf dus by dieselfde skole in. Ander verkies skole van buite hul woonbuurte. 'n Tendens van parallelmediumskole word al hoe duideliker, omdat skole met ongebruikte fasiliteite genader word om dié fasiliteite beskikbaar te stel en om dan die taalbeleid van die skool te heroorweeg. Migrasie binne die grense van Suid-Afrika is lank reeds deel van die demografiese opset in die land. Die oorsprong van migrasiewerkers in Suid-Afrika kan hoofsaaklik teruggevoer word na die ontdekking van diamante in Kimberley in 1867 en goud in die Witwatersrand in 1886. Sedertdien migreer mense vir potensiële beroepsbevrediging wat tans steeds die grootste motivering is vir migrasie in Suid-Afrika.

Die afname in geboortekoerse in die ESA-lande het 'n heroorweging van die bestaande onderwyskundige strukture teweeg gebring. 'n Totale ommeswaai ten opsigte van koste-effektiewe strategieë vir fisiese fasiliteite moes plaasvind. Aangesien minder leerders in die skole geakkommodeer word, bied dit 'n geleentheid vir hierdie lande om 'n konsoliderende plan van aksie te volg. Linn (2004:84) kom tot die gevolgtrekking dat energie besparings op onder andere die volgende maniere die onderwyskundige struktuur kan beïnvloed:

- die gebruik van multi-graad klasse;
- die vergroting van klasse;
- die gebruik van afstandonderrig vir vakspesifieke onderwys, veral in landelike gebiede;
- 'n hersiening van die skooljaar (sluiting van die skool in koudste maande);  
en
- 'n verkorte skoolweek (van ses tot vyf dae) met die behouding van die totale onderrigure deur óf onderrigure per dag te verhoog óf die skooljaar te verleng.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat demografiese fluktuasies die elemente van die onderwyskundige struktuur onder druk plaas en 'n heroorweging ten opsigte van die organisering van hierdie elemente afdwing. Wat wel 'n bepalende rol speel in die herorganisering van die elemente is die aard van die demografiese imperatiewe.

#### **2.5.4 Invloed van demografie op ondersteuningsdienste**

Demografiese veranderings het ook 'n uitdagende impak op die ondersteuningsdienste (vergelyk 2.2.3.4) as komponent van die onderwysstelsel. Verskillende ondersteuningsdienste is prominent in verskillende onderwysstelsels en op verskillende tye.

Duquette (1988:22) voer aan dat daar in elke provinsie 'n afdeling is wat verantwoordelik is vir kurrikulumdienste. Daar word ook besondere aandag daaraan geskenk om die onderwysers met raad en opleiding te ondersteun sodat die nuwe kurrikulums geïmplementeer kan word. Vir hierdie doel word nie meer net vakspesialiste as sodanig aangestel nie, maar word besondere aandag daaraan gegee om vakspesialiste te vind met die vermoëns om die implementering van die programme te koördineer en te implementeer. Ten opsigte van die onderwysmediadiens word veral gepoog om voldoende oudio- en visuele hulpmiddels aan die onderwysers te verskaf. Elk van die provinsies administreer ook 'n biblioteekdiens waardeur die fasiliteite van die provinsiale biblioteek, die openbare biblioteek en die skoolbiblioteek tot die beskikking van onderwysers en leerlinge gestel word. Die meeste onderwysdepartemente het ook sogenaamde "etniese dienste", met oudioloë, spraakterapeute en spesialiste op die gebied van spesiale onderwys. Hulle verantwoordelikheid is om te sorg dat die *Human Rights Education Program* op alle relevante terreine geïmplementeer word en om te sorg dat leerlinge uit die minderheidsgroepe tot die beste van hul vermoë presteer (Steyn, 1992).

Die Engelse onderwysstelsel ag sewe aspekte as belangrike ondersteuningsdienste vir die onderwysstelsel, naamlik die kurrikulumdiens, eksamendiens, skool-mediese diens, skoolmaaltyddiens, skoolvervoer, skool-sielkundige diens en voorligtingsdiens (Goodey, 1989:154-156). Die prominensie van hierdie dienste hang hoofsaaklik af van die onderwyspeil, beroep en inkomste van die relevante teikengroep.

Die ondersteunende dienstestruktuur staan in Nederland bekend as die versorgingstruktuur en behels 'n uitgebreide netwerk van instellings wat daarop gemik is om skole se potensiaal ten opsigte van die realisering van hul doelstellings te bereik sowel as om onderwys sistematies te ontwikkel en onderwys te verbeter. Die diensverlening vind plaas op verskeie vlakke, naamlik pedagogies, didakties, vakinhoudelik, psigologies, skoolorganisasories en 'veranderkundig' (met betrekking tot onderwysvernuwing). Die omvang van hierdie diens blyk uit die feit dat 3 413 mense in 1985 in diens van hierdie versorgingsinstellings was en dat die staatsubsidie R111 miljoen (f 162 miljoen) beloop het (Nederland, Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen, 1987:15.1). Twee tipes ondersteuningsdienste kom in Nederland voor, naamlik algemene versorgingsinstellings (skool as geheel) en spesifieke versorgingsinstellings (onderwysondersoek, toetsontwikkeling en leerplanontwikkeling) (Berkhout en Bondesio, 1992).

Met die dalende geboortekoers het die voorsiening van ondersteuningsdienste in die ESA-lande gelei tot 'n nuwe fokus ten opsigte van effektiwiteit. Volgens Linn (2004:84) kan die ESA-lande ondersteuningsdienste uit kontrakteur op 'n kompeterende basis wanneer nodig. So kan stedelike kleuterskole tenders aanvra vir mediese- en voedseldienste in plaas daarvan om verpleegsters en kokke op die personele te hê.

Ondersteuningsdienste word egter bepaal deur die aard van die behoeftes van die teikengroep. Indien migrasie as demografiese element manifesteer, word in die gebied wat inwoners bykry meer druk op ondersteuningsdienste geplaas as in die gebied wat inwoners verloor. Daar ontstaan in so 'n situasie gewoonlik nuwe leerbehoefte waarvoor die bestaande onderwysstelsel nie voorbereid is nie. Ouerkundigheidsdienste aan opvoeders (om ouers op te lei) kan in so 'n geval relevant wees, sodat die nuwe demografiese samestelling van die skoolgemeenskap uit 'n ondersteuningsperspektief betrokke kan word by die ontwikkeling van die nuwe skole.

### **2.5.5 Sintese**

Die sukses en toepaslikheid van die onderwysstelselbeleid kan gemeet word aan die toereikende hantering van demografie. Onderwysstelselbeleid is onderworpe aan groot implikasies aangaande demografie. Sedert die vroegste tye moes reëls en regulasies aangepas word om 'n veranderde teikengroep te kan akkommodeer in die onderwysstelsel (vergelyk 2.5.1). Beleidsdoelwitte word heroorweeg ten einde die tydgebonde karakter van die teikengroep in ag te neem en 'n herdefiniëring van prioriteite moet plaasvind in die lig van demografiese eise. Aangesien die onderwysstelselbeleid die rigting aandui waarin die onderwysstelsel wil beweeg, is deurlopende evaluering van die sukses van 'n onderwysstelsel noodsaaklik, veral in die lig van demografiese veranderinge. Demografie hou ook uitdagings in vir die onderwysstelseladministrasie aangesien die finansiële reëlings direk deur die prosessering van die teikengroep geraak word. Administratiewe aanpassings wat vir die verskillende demografiese imperatiewe verantwoordbaar kan wees moet gemaak word. Aangesien demografie 'n temporale karakter het, word administratiewe strategieë op 'n tydgebonde basis in die onderwysstelsel aangewend. 'n Herprioritisering van finansiële reëlings is telkens die direkte invloed van demografiese gebeure. Die mees direkte impak op die onderwysstelsel vind in die onderwyskundige struktuur plaas. Demografiese golwe onderwerp die

elemente van die onderwyskundige struktuur aan funksioneringsdruk. Effektiewe onderwysvoorsiening word uitgedaag deur die demografie van die teikengroep en stel telkens nuwe eise aan die elemente van die onderwyskundige struktuur. Ondersteuningsdienste moet aanpas by die nuwe leerbehoefte wat in die teikengroep ontstaan as gevolg van demografiese imperatiewe. Die suksesvolle funksionering van al die komponente en elemente van die onderwysstelsel kan deur die ondersteuningsdienste geoptimaliseer word.

## 2.6 SAMEVATTING

In die literatuurstudie hierbo was dit noodsaaklik om begrippe soos *vergelykende opvoedkunde* en *onderwysstelsel* te ondersoek om die aard daarvan in hierdie studie te bepaal. Die uiteenlopende menings van outeurs onderstreep die diversiteit van voorgenoemde begrippe en lei die leser tot die besef dat die studieveld van vergelykende opvoedkunde uiteraard die vakdissipline van opvoedkunde onderlê. Om die onderwysstelsel as fenomeen te ondersoek sal die navorser baat vind deur 'n studie van beide die historiese begrip van die onderwysstelsel en die huidige aard van die onderwysstelsel.

Determinante van 'n spesifieke onderwysstelsel gee aan 'n onderwysstelsel die individualiteit wat dit onderskei van 'n ander onderwysstelsel. Die literatuurondersoek na demografie as 'n determinant van die onderwysstelsel het die gedifferensieerde aard van demografie onderstreep. Hierdie wêreldwye ondersoek na die impak van demografie op onderwysstelsels het die fokus geplaas op die proaktiewe bestuur en beplanning van die vier komponente van die onderwysstelsel. Uit die literatuur blyk dit duidelik dat aanpasbaarheid en heroorweging van die huidige aard van die vier komponente (onderwysstelselbeleid-, administrasie-, onderwyskundige struktuur en-ondersteuningsdienste) deurlopend op die agenda van onderwysstelselbeplanning moet wees.

Onderwysstelselbeplanning kan slegs sinvol geskied indien die huidige aard en die demografiese imperatiewe in konteks begryp word en gebruik word om te lei tot praktykverbetering. Die meeste onderwysstelsels in die wêreld word deur talle uitdagings gekonfronteer. Sukses in onderwysstelsels kan aan heelwat aspekte gemeet word, maar die unieke demografiese imperatiewe wat werksaam is in 'n sekere onderwysstelsel bepaal die maatstawwe waaraan sukses gemeet kan word.

Die verskillende ontwikkelde en ontwikkelende streke van die wêreld toon uiteenlopende demografiese tendense. Ontwikkelende streke streef steeds na toereikende inskrywings-, uitval-, herhalings- en voltooiingskoerse. Hierdie strewe word hoofsaaklik deur die sosio-ekonomiese stand van dié lande beïnvloed. Selfs al handhaaf ontwikkelde lande bevredigende koerse ten opsigte hiervan, worstel hulle steeds met demografiese uitdagings ten opsigte van migrasie, gelykheid, differensiëring van skoolvakrigtings en multikulturele onderwys. Die voorspelbaarheid van demografiese invloede op onderwysstelsels is 'n uitdaging vir alle soorte onderwysstelsels.

In die volgende hoofstuk word die impak van demografie op die onderwysstelsel bespreek vanuit 'n provinsiale (streeks-) perspektief. Indien die opvoedkundige omvang van demografie verstaan behoort te word, is dit noodsaaklik om die impak van demografie vanuit 'n plaaslike ondersoekende- en beplanningshoek te beskou.

---

---

## HOOFSTUK 3

---

---

### DEMOGRAFIE EN ONDERWYSSTELSEL VAN NOORDWES

#### 3.1 INLEIDING

Ten einde 'n toereikende demografiese begrip van die Noordwesprovinsie te vorm is die beskouing van demografiese gegewens in die konteks van Suid-Afrikaanse demografiese tendense eers nodig.

In hierdie hoofstuk word 'n uitleg gegee van die verwante Suid-Afrikaanse demografiese data, die Noordwes Departement van Onderwys se hoofindikatore aangaande die hantering en prosessering van demografie sowel as die beskouing van demografiese data volgens die Noordwes onderwysstreke, met die oog op die blootlegging van die demografiese eise wat aan die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel gestel word. Kennis moet geneem word dat al bogenoemde ondersoeke in die lig van die blootlê van demografiese eise op plaaslike vlak geskied, asook die gevolglike onderwysvoorsieningsimplikasies.

Demografiese gegewens vir die doel van hierdie hoofstuk is onder meer verkry van die 2001-sensus wat saamgestel is deur Statistiek Suid-Afrika en wat die halfjaar skattings van 2004 insluit. Die sensussubkomitee het verklaar dat die 2001-sensus waarskynlik:

- 'n onderskatting was van die getal kinders onder die ouderdom van vyf jaar ('n algemene kenmerk van sensusse, veral in ontwikkelende lande), en
- 'n oorskatting was van die getal tieners tussen die ouderdomme van tien en twintig jaar gehad.

Voorts het skanderingsprobleme sekere geboortes in die verkeerde provinsie aangeteken. Hierdie aantal gevalle is relatief klein en behoort nie tot te veel verwringing van die data te lei vir die meeste doeleindes waarvoor hierdie data aangewend kan word nie, alhoewel dit 'n ooglopende afwyking van resultate veroorsaak wanneer daar gepoog word om die mate van interprovinsiale migrasie te skat van die persone wat gebore is sedert die vorige sensus. Die fertilitetsdata (getal kinders gebore en getal kinders wat oorleef) word ook bevraagteken (Statistiek Suid-Afrika, 2005).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar wel leemtes in die sensusdata is. Hierdie ondersoek se hoofokus is egter nie op die data waar bogenoemde probleemgevallen figureer nie. Die 2001-sensusdata word wel ook deur die meeste regeringsdepartemente gebruik om projeksies op te baseer en is derhalwe 'n goeie beeld van demografiese gegewens.

Statistiek Suid-Afrika maak ook halfjaarlikse bevolkingskattings bekend wat beskou word as die mees resente nasionale demografiese inligting tussen die amptelike sensusse. Die 2004 halfjaarlikse bevolkingskattings is ook vir hierdie studie gebruik.

Die onderwysdata is hoofsaaklik van die volgende bronne verkry:

- Die nasionale Departement van Onderwys het 'n publikasie, *Education Statistics in South Africa at a glance in 2000* die lig laat sien. Die departement beskou hierdie data as die nasionale korrekte data en dit word aangewend in die demografiese prosessering van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel.
- Die Noordwes Departement van Onderwys maak jaarliks Jaarverslae bekend met gegewens oor die hantering van demografie in die konteks van die provinsiale werklikhede. Hierdie data bepaal beide die politieke- en opvoedkundige besluite wat die provinsiale departement maak.

- Die Noordwes Departement van Onderwys doen ook jaarliks kitsopnames van leerder-, opvoeder-, skool- en personeelgetalle op die tiende skooldag van die jaar. Hierdie data word geverifieer deur 'n onafhanklike maatskappy, Deloitte en Touche, en word deur die Noordwes Departement van Onderwys as geldig en betroubaar beskou in die strategiese- en begrotingsbeplannings.

Bogenoemde databronne is die mees relevante bronne vir hierdie studie. Daar moet gelet word op die bronne wat die onderwysdepartement gebruik sodat duidelikheid gekry kan word oor wat presies vir die departement as demografiese eise beskou kan word. Vervolgens word die breë Suid-Afrikaanse demografiese inligting in oënskou geneem, sodat die provinsiale (Noordwes-) eise in perspektief begryp kan word.

### **3.2 SUID-AFRIKAANSE DEMOGRAFIESE TENDENSE**

Om die Noordwesprovinsie se demografiese data te begryp is kennis en begrip van die nasionale demografiese opset noodsaaklik. In die post-apartheid Suid-Afrikaanse bestel is nege nuwe provinsies gevorm en moet in ag geneem word dat die nasionale demografiese opset die provinsiale demografiese opset in die land sal beïnvloed.

---

In die onrusbarende era van die invloed van MIV/Vigs op die demografiese realiteit van Suid-Afrika is 'n oorsigtelike vergelyking van die nasionale bevolkingskattings met en sonder die MIV/Vigs faktor belangrik, veral ten opsigte van onderwysbeplanning.

Tabel 3.1 toon dat die Suid-Afrikaanse bevolking in 2004 op 46,6 miljoen geskat word, waarvan swartes 79,3 % mense verteenwoordig. Een-en-vyftig persent (omtrent 23,6 miljoen) van die bevolking is vroulik. Bogenoemde tabel toon egter nie die MIV/Vigs invloed op die bevolking nie. Vir onderwysstelselbestuurders van die Noordwesprovinsie is 'n bewustheid van die nasionale demografiese gegewens baie belangrik in die positionering van die provinsie se onderwysvoorsieningsprioriteite.

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004

Bevolkings- groep	Manlik	Vroulik	Totaal
	Getal	% van totale bevol- king	Getal
Swart	18 254 444	39,2	18 679 737
Kleurling	2 004 048	4,3	2 082 742
Indiër/Asiër	554 119	1,2	577 223
Wit	2 174 799	4,6	2 259 495
Totaal	22 987 410	49,3	23 599 197
	% van totale bevol- king	Getal	% van totale bevol- king
		46 586 607	50,7
		4 434 294	9,5
		1 131 342	2,4
		4 086 790	8,8
		36 934 181	79,3
			100

Tabel 3.1 Halfjaar skattings vir Suid-Afrika per bevolkingsgroep en geslag, 2004

**Tabel 3.2: Halfjaar skattings per etniese verband, ouderdom en geslag sonder inagneming van die MIV/vigs faktor vir 2004**

Ouderdom	Swart			Kleurling			Asiër			Wit			Totaal			Ouderdom
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	
0-4	2371 205	2321 553	4692 758	214 250	210 236	424 486	45 181	43 931	89 112	131 329	126 512	257 841	2761 965	2702 232	5464 197	0-4
5-9	2237 070	2195 548	4432 618	215 175	212 840	428 015	50 014	49 047	99 061	151 225	146 337	297 562	2653 484	2603 772	5257 256	5-9
10-14	2126 639	2094 097	4220 736	209 573	208 268	417 841	53 072	52 382	105 454	169 861	164 810	334 671	2559 145	2519 557	5078 702	10-14
15-19	2061 556	2040 829	4102 385	191 317	190 832	382 149	54 610	54 175	108 785	169 531	165 251	334 782	2477 014	2451 087	4928 101	15-19
20-24	1973 539	1967 426	3940 965	190 247	191 558	381 805	53 998	54 113	108 111	159 168	158 443	317 611	2376 952	2371 540	4748 492	20-24
25-29	1849 254	1855 348	3704 602	195 412	198 834	394 246	49 308	50 040	99 348	140 249	139 157	279 406	2234 223	2243 379	4477 602	25-29
30-34	1589 288	1617 585	3206 873	186 466	192 194	378 660	43 926	44 821	88 747	143 544	141 884	285 428	1963 224	1996 484	3959 708	30-34
35-39	1149 514	1176 307	2325 821	158 431	164 949	323 380	41 502	42 569	84 071	176 214	173 512	349 726	1525 661	1557 337	3082 998	35-39
40-44	985 496	1016 384	2001 880	135 600	142 196	277 796	38 278	39 737	78 015	184 808	184 510	369 318	1344 182	1382 827	2727 009	40-44
45-49	823 546	864 683	1688 229	107 934	114 774	222 708	34 371	36 124	70 495	180 672	184 258	364 930	1146 523	1199 839	2346 362	45-49
50-54	618 686	663 693	1282 379	79 890	87 684	167 574	29 918	32 348	62 266	162 813	165 168	327 981	891 307	948 893	1840 200	50-54
55-59	441 249	500 163	941 412	56 802	65 896	122 698	23 782	26 809	50 591	142 912	150 449	293 361	664 745	743 317	1408 062	55-59
60-64	318 862	391 730	710 592	38 445	47 143	85 588	16 516	19 870	36 386	110 939	121 668	232 607	484 762	580 411	1065 173	60-64
65-69	218 853	295 881	514 734	26 527	37 091	63 618	10 858	14 501	25 359	76 720	92 546	169 266	332 958	440 019	772 977	65-69
70-74	136 273	205 456	341 729	15 832	24 779	40 611	6 281	9 577	15 858	48 743	69 129	117 872	207 129	308 941	516 070	70-74
75-79	75 582	125 665	201 247	8 111	13 883	21 994	3 400	5 913	9 313	29 968	50 212	80 180	117 061	195 673	312 734	75-79
80+	54 946	104 230	159 176	6 164	11 425	17 589	2 470	4 544	7 014	28 106	56 199	84 305	91 686	176 398	268 084	80+
<b>Totaal</b>	<b>19031558</b>	<b>19436578</b>	<b>38468136</b>	<b>2036176</b>	<b>2114582</b>	<b>4150758</b>	<b>557485</b>	<b>580501</b>	<b>1137986</b>	<b>2206802</b>	<b>2290045</b>	<b>4496847</b>	<b>23832021</b>	<b>24421706</b>	<b>48253727</b>	<b>Totaal</b>

Statistiek Suid-Afrika

**Tabel 3.3: Halfjaar skattings per etniese verband, ouderdom en geslag met inagneming van die MIV/vigs faktor vir 2004**


Ouderdom	Swart			Kleurling			Asiër			Wit			Totaal			Ouderdom
	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	Manlik	Vroulik	Totaal	
0-4	2234 141	2187 428	4421 569	209 401	205 486	414 887	44 790	43 552	88 342	128 182	123 485	251 667	2616 514	2559 951	5176 465	0-4
5-9	2171 271	2130 969	4302 240	213 022	210 714	423 736	49 783	48 821	98 604	149 864	145 021	294 885	2583 940	2535 525	5119 465	5-9
10-14	2114 019	2081 692	4195 711	209 088	207 765	416 831	52 994	52 305	105 299	169 405	164 368	333 773	2545 484	2506 130	5051 614	10-14
15-19	2060 274	2038 269	4098 543	191 278	190 745	382 023	54 600	54 167	108 767	169 499	165 160	334 659	2475 651	2448 341	4923 992	15-19
20-24	1955 976	1919 996	3875 972	189 690	189 896	379 586	53 937	53 922	107 859	158 752	157 041	315 793	2358 355	2320 855	4679 210	20-24
25-29	1798 216	1732 713	3530 929	193 586	194 058	387 644	49 133	49 559	98 692	139 018	135 306	274 324	2179 953	2111 636	4291 589	25-29
30-34	1486 196	1476 569	2962 765	182 355	186 014	368 369	43 555	44 249	87 804	140 674	136 833	277 507	1852 780	1843 665	3696 445	30-34
35-39	1036 199	1079 393	2115 592	153 052	159 966	313 018	40 979	42 062	83 041	171 319	168 342	339 661	1401 549	1449 763	2851 312	35-39
40-44	878 996	953 225	1832 221	130 503	138 929	269 432	37 748	39 380	77 128	179 335	180 533	359 868	1226 582	1312 067	2538 649	40-44
45-49	742 227	827 582	1569 809	104 214	112 944	217 158	33 936	35 898	69 834	175 723	181 467	357 190	1056 100	1157 891	2213 991	45-49
50-54	568 462	644 707	1213 169	77 618	86 762	164 380	29 607	32 214	61 821	159 119	163 492	322 611	834 806	927 175	1761 981	50-54
55-59	416 094	491 463	907 547	55 697	65 469	121 166	23 611	26 742	50 353	140 644	149 508	290 152	636 046	733 172	1369 218	55-59
60-64	310 528	387 268	697 796	38 091	46 944	85 035	16 461	19 837	36 298	110 113	121 173	231 286	475 193	575 222	1050 415	60-64
65-69	216 090	293 863	509 953	26 410	36 996	63 406	10 840	14 486	25 326	76 447	92 320	168 767	329 787	437 665	767 452	65-69
70-74	135 463	204 926	340 389	15 799	24 755	40 554	6 276	9 573	15 849	48 660	69 065	117 725	206 198	308 319	514 517	70-74
75-79	75 364	125 471	200 835	8 103	13 875	21 978	3 399	5 912	9 311	29 942	50 185	80 127	116 808	195 443	312 251	75-79
80+	54 928	104 213	159 141	6 163	11 424	17 587	2 470	4 544	7 014	28 103	56 196	84 299	91 664	176 377	268 041	80+
<b>Totaal</b>	<b>1825444</b>	<b>18679737</b>	<b>36934181</b>	<b>2004048</b>	<b>2082742</b>	<b>4086790</b>	<b>544119</b>	<b>577223</b>	<b>1131342</b>	<b>2174799</b>	<b>2259495</b>	<b>4434294</b>	<b>22987410</b>	<b>23599197</b>	<b>45586607</b>	<b>Totaal</b>

Statistiek Suid-Afrika

Heelwat belangrike afleidings kan gemaak word uit bogenoemde twee tabelle. Die belangrikste feit is dat daar 'n beduidende invloed van MIV/Vigs op alle etniese groepe, alle ouderdomme en beide geslagte te bespeur is, alhoewel die voorkoms van hierdie invloed verskil ten opsigte van hierdie kategorieë. Hierdie statistiese gegewens is egter onderworpe aan die aanmeldingskoers van MIV/Vigs gevalle in die land. Akkuraatste bepalinge hiervan is swangerskappe en wanneer 'n persoon weens siekte vir MIV getoets word, ander navorsingsmetodes is almal bedenklik en toon leemtes in die akkuraatheid, maar is egter nodig vir analises.

Die Departement van Gesondheid (2005) het in 2000 'n landwye ondersoek geloods na die voorkoms van MIV en het met die volgende statistieke vorendag gekom:

**Figuur 3.1 Nasionale MIV-tendense vir bywoners van voorgeboorteklinieke in Suid-Afrika: 1990-2000**



Bron: Departement van Gesondheid, 2005.

Gebaseer op 16 548 getoetste monsters in Oktober 2000, is die nasionale skatting dat 24,5% van vroue wat hulself by die klinieke aangemeld het vir voorgeboorte MIV-positief is. Daar is egter nie 'n eksponensiële styging in die MIV voorkoms sedert 1998 nie (Departement van Gesondheid, 2005). 'n

Provinsiale blik op hierdie gegewens is van die uiterste belang vir provinsiale departemente van onderwys vir hoofsaaklik drie redes:

- die getal sodanige vroue wat werksaam is in die Departement van Onderwys;
- die moontlike oordrag van die virus van moeder na kind (wat projeksies van leerdergetalle in die komende vyf jaar kan beïnvloed); en
- die versorging van Vigs-wesies en die impak daarvan op inskrywings, akademiese vordering en voorsiening van ondersteuningsdienste vir skole in die provinsie.

**Tabel 3.4: Provinsiale MIV voorkoms vir besoekers aan voorgeboorte klinieke in Suid-Afrika: 1998-2000**

Provinsie	Geskatte (MIV+) 1998	Geskatte (MIV+) 1999	Geskatte (MIV+) 2000
KwaZulu-Natal (KZN)	32.5 (29.3-35.7)	32.5 (30.1-35.0)	35.2 (33.4-39.0)
Mpumalanga (MP)	30.0 (24.3-35.5)	27.3 (25.2-30.7)	29.7 (25.9-33.5)
Gauteng (GP)	21.5 (18.2-26.7)	23.9 (21.7-26.0)	29.4 (27.9-31.5)
Vrystaat	21.8 (20.2-25.3)	27.9 (24.7-29.8)	27.9 (24.6-31.3)
Noordwes	21.3 (18.1-23.4)	23.0 (19.7-26.3)	22.9 (20.1-25.7)
Oos-Kaap	16.9 (11.8-20.0)	18.0 (14.9-21.1)	20.2 (17.2-23.1)
Limpopo	11.5 (8.2-13.7)	11.4 (9.1-13.5)	13.2 (11.7-14.8)
Noord-Kaap	9.9 (8.4-13.4)	10.1 (6.6-13.5)	11.2 (8.5-13.5)
Wes-Kaap	1.2 (3.2-7.2)	7.1 (4.4-9.9)	8.7 (8.0-11.4)
Nasionaal	21.3 (21.2-24.3)	22.4 (21.3-23.6)	24.5 (23.4-25.8)

Bron: Departement van Gesondheid, 2005.

Tabel 3.4 toon 'n redelike korrelasie van die Noordwesprovinsie met die nasionale gemiddeldes vir die tydperk van 1998 tot 2000. Hierdie persentasie, naamlik 22,9% is egter onderworpe aan verandering as gevolg van demografiese- (soos migrasie, sien tabel 3.6) en ekonomiese veranderings wat in en rondom die provinsie kan plaasvind. Die ouderdomsgebonde voorkoms van MIV is nog 'n belangrike element om in oënskou te neem in onderwysstelselverband.

**Tabel 3.5: MIV-voorkoms per ouderdomsgroep vir besoekers aan voor-geboorteklinieke in Suid-Afrika: 1998-2000**

Ouderdom	Geskatte (MIV+) 1998	Geskatte (MIV+) 1999	Geskatte (MIV+) 2000
<20	21.0 (18.4-23.8)	16.5 (14.9-18.1)	16.1 (14.5-17.7)
20-24	26.1 (24.1-28.1)	25.6 (24.0-27.3)	29.1 (27.4-30.8)
25-29	26.9 (24.7-29.0)	26.4 (24.6-28.3)	30.6 (28.8-32.4)
30-34	19.1 (17.1-21.1)	21.7 (19.1-23.8)	23.3 (21.5-25.1)
35-39	13.4 (11.2-15.6)	16.2 (14.1-18.3)	15.8 (13.9-17.7)
40-44	10.5 (6.8-14.1)	12.0 (8.5-15.6)	10.2 (6.9-13.3)
45-49	10.2 (0.4-20.0)	7.5 (-0.77-15.9)	13.1 (2.09-24.0)

Bron: Departement van Gesondheid, 2005

Tabel 3.5 toon dat daar 'n beduidende styging oor drie jaar in MIV-voorkoms te bespeur is in die 20-34-jarige groepe, terwyl die hoogste infeksiekoers, naamlik 30,6% voorkom onder vroue in hul laat twintigs. Hierdie tendens beklemtoon weereens die potensiële invloed daarvan op die maatskaplike sfeer van jong kinders ten opsigte van skool inskrywings en kindersorg. 'n Beduidende afname is te bespeur in die groep jonger as 20 jaar, maar te meet aan die groeiende koers in die 20-24-jarige asook die 25-29-jarige groepe kan versigtig afgelei word

dat MIV-verspreiding eenvoudig net vertraag word eerder as wat dit voorkom word. Die nasionale Departement van Gesondheid (2005) maan egter teen 'n ooreenvoudige beskouing van hierdie data en is versigtig om die data van vroue te ekstrapoleer na die algemene bevolking hoofsaaklik om die volgende redes:

- Die ondersoek is slegs by openbare klinieke gedoen waar die Departement van Gesondheid toereikende beheer gehad het oor die prosedures.
- Meer as 80% van swanger vroue wat hierdie klinieke besoek, kom uit 'n lae ekonomiese agtergrond wat hoofsaaklik die swart en bruin afdelings van die Suid-Afrikaanse bevolking uitmaak.
- Daar is dus nie redelik betroubare data vir vroue uit hoër ekonomiese vlakke (wat veral wit en asiëse vroue insluit) nie, aangesien hulle hoofsaaklik private vorgeboorteklinieke besoek (wat nie aan die ondersoek deelgeneem het nie).
- Geen direkte inligting is beskikbaar vir vroue wat nie swanger is nie, of vir mans en kinders nie (Departement van Gesondheid, 2005).

Die Noordwesprovinsie is ook onderworpe aan die migrasie strome wat heers in Suid-Afrika. Hierdie demografiese imperatief of element hou groot implikasies in vir die Noordwes Departement van Onderwys.

**Tabel 3.6 Totale migrasiestrome (Gauteng, Wes-Kaap, Noordwes) 2001-2006**

Oorsprong Provinsie	Migrasie		
	Gauteng	Wes-Kaap	Noordwes
Oos-Kaap	111 629	175 466	27 984
Vrystaat	73 283	16 089	25 269
Gauteng	-	67 907	63 677
Kwazulu-Natal	157 128	29 535	9 891
Limpopo	210 636	6 482	27 529
Mpumalanga	108 942	7 164	14 332
Noord-Kaap	14 095	26 697	9 640
Noordwes	130 547	8 540	-
Wes-Kaap	39 587	-	4 496

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2005.

Naas Gauteng en die Wes-Kaap migreer die meeste mense vanaf die ander provinsies in Suid-Afrika na Noordwes volgens tabel 2.6. Hierdie tendens is grootliks as gevolg van die mynbou bedrywighede in die Bojanala munisipale streek van die provinsie. Volgens tabel 3.6 is die meeste van hierdie immigrante afkomstig van Gauteng, die Oos-Kaap en Limpopo. Aangesien die Oos-Kaap nie 'n aangrensende provinsie van Noordwes is nie ondersteun die geskatte hoeveelheid van 27 984 persone die feit dat Noordwes mense veral vir werkdoeleindes lok.

'n Bewustheid van die nasionale demografiese tendense en die impak daarvan op die Noordwesprovinsie ten opsigte van die onderwysstelsel is onontbeerlik vir goeie onderwysbeplanning en -voorsiening.

### 3.3 ONDERWYSDATA

'n Kritiese beskouing van die onderwysdata wat beskikbaar is vir ontleding is noodsaaklik in die bepaling van demografiese eise vir die Noordwes

Departement van Onderwys. Die deurlopende inagneming van die nasionale demografiese tendense verseker dat die navorsers perspektief behou betreffende die provinsiale demografiese werklikheid.

In tabel 3.7 word statistiek gegee van die Nasionale Departement van Onderwys aangaande leerder-, opvoeder- en skoolgetalle vir die Noordwesprovinsie.

**Tabel 3.7: Basiese skooldata vir die Noordwesprovinsie, 2001**

<b>Soort skool</b>	<b>Leerders</b>	<b>Opvoeders</b>	<b>Skole</b>	<b>L:O Ratio</b>	<b>L:S Ratio</b>
Openbare	883 567	28 743	2 271	30,7	389
Onafhanklike	9 577	491	40	19,5	239
<b>Totaal</b>	<b>893 144</b>	<b>29 234</b>	<b>2 311</b>	<b>30,6</b>	<b>386</b>

Bron: Departement van Onderwys (Education statistics in South Africa at a glance in 2000), 2001.

Nota 1: Data vir gewone openbare skole alleenlik. Pre-primêre, Spesiale skole, ABET sentra en openbare VOO-instellings is uitgesluit.

Nota 2: L:O = Leerder-tot-opvoederratio.

L:S = Leerder-tot-skoolratio.

Bogenoemde statistiek (tabel 3.7) skets 'n gunstige prentjie aangaande die provinsiale leerder-tot-opvoederratio (L:O). 30,7 leerders per opvoeder vertoon goed in vergelyking met die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) se voorgestelde doelwit van 1:40 vir primêre skole en 1:35 vir sekondêre skole. Die dilemma lê egter in die verspreiding van leerders, opvoeders en skole. Hindle (aangehaal deur De Vries, 2004a) wys tereg daarop dat die probleem baie ingewikkelder is as bloot die eweredige verspreiding van die land se sowat 360 000 leerkragte onder 11 574 156 leerders in byna 30 000 skole.

In die post-apartheid onderwysstelsel het die kwessie van gelyke onderwys prominent geword en dieselfde opvoeder-tot-leerderratio geld tans vir alle openbare skole. Die gelyke ontplooiing van opvoeders word bemoeilik deur 'n

reeks faktore, waaronder die ontworteling uit 'n eie skool en onderwysstreek die grootste belemmerende faktor is vir hierdie herontplooiingsproses. Die skole van die Noordwesprovinsie gaan ook gebuk onder die dilemma van die L:O-ratio. Demografiese imperatiewe speel hier die grootste rol.

'n Vergelyking van die aantal leerders, opvoeders en skole in openbare skole van die Noordwesprovinsie met die nasionale gegewens sal ook bydra tot die begrip van demografiese imperatiewe op die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel.

**Tabel 3.8: Vergelyking van leerders, opvoeders en skole in openbare skole van die Noordwesprovinsie, 1999-2001**

Leerders			Opvoeders			Skole			
	1999	2001	Netto verandering	1999	2001	Netto verandering	1999	2001	Netto verandering
A	B	(B-A)/A	C	D	(D-C)/C	E	F	(F-E)/E	
NW	946160	893144	-5.6%	31376	29234	-6.8%	2325	2311	-0.6%
NAS	12313899	11738126	-4.7%	365447	354201	-3.1%	27461	27458	0.0%

Bron: Departement van Onderwys (*Education statistics in South Africa at a glance in 2000*), 2001.

Nota: Persentasies met 'n negatiewe teken (-) stel 'n afname voor.

NW: Noordwes

NAS: Nasionaal

Tabel 3.7 toon 'n netto afname in leerder-opvoeder- en skoolgetalle oor die drie jaar van 1999 tot 2001. Dit is duidelik dat die afname in die getal opvoeders (-6,8%) 'n groter netto verskil toon as die afname in die getal leerders (-5,6%). Daarbenewens is die netto opvoederafname meer as dubbel dié van die

nasionale netto afname, wat ooglopend kritieke implikasies vir onderwysvoorsiening inhou.

Meer resente data in die Noordwes Departement van Onderwys se jaarverslag (2003/2004), aangaande veral opvoedergetalle beeld 'n kommerwekkende prentjie uit van die opvoederattrisie in die Noordwesprovinsie. Die 28 689 opvoeders in 2003, toon 'n netto afname sedert 1999(31 376) van –8,6%.

**Tabel 3.9: Redes waarom personeel die Noordwes Departement van Onderwys verlaat, 2003/2004**

<b>Termineringstipe</b>	<b>Getal</b>
Sterfte	214
Bedankings	302
Verval van kontrakte	1935
Ontslag as gevolg van operasionele veranderings	33
Kwytskelding as gevolg van siekte	85
Ontslag as gevolg van wangedrag	8
Aftrede	292
Ander	15
<b>Totaal</b>	<b>2884</b>

Bron: Noordwes Departement van Onderwys – Jaarverslag 2003/2004.

Nota: Alle personeel is ingesluit in bogenoemde data.

Hierdie tendens noodsaak 'n provinsiale ondersoek na die faktore (tabel 3.9) wat verantwoordelik is vir die opvoederattrisie veral ten opsigte van bedankings, verval van kontrakte en wangedrag in die Noordwesprovinsie. De Vries (2004a) berig dat die nasionale Minister van Onderwys onlangs haar kommer uitgespreek het omdat sowat 17 000 opvoeders jaarliks die beroep verlaat, terwyl slegs 3000

nuwes hulle vervang. Sy het gewaarsku dat die leerdergetal weer begin toeneem ná 'n drie jaar lange daling.

Die Noordwes Departement van Onderwys (2004) maak die beplande doelwitte omtrent openbare primêre skole (subprogram 2 uit 8 subprogramme) soos volg in die Jaarverslag van 2003/2004 bekend:

**Tabel 3.10: Subprogram: Openbare primêre skole, 2000-2004**

<b>Beskrywing van doelwitte en prestasie maatstaf</b>	<b>Werklike prestasie 2000/01</b>	<b>Werklike prestasie 2001/02</b>	<b>Werklike prestasie 2002/03</b>	<b>Werklike prestasie 2003/04</b>	<b>Werklike prestasie 2003/04</b>
Getal plekke voorsien in openbare primêre fase	513 528	511 356	520 853	522 000	489 444
Getal opvoeders voorsien in openbare primêre fase	16 626	15 916	16 115	16 200	16 251
Leerder : Opvoeder verhouding in openbare primêre fase	35	35	36	34	34
Getal nuwe klaskamers gebou		228	184	545	425
Getal nuwe toilette gebou		576	510	1460	1220
Persentasie van skole met water	58	58	65	69	65
Uitvalsyfer in die primêre fase	7 %	6 %	5 %	2 %	5 %

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, Jaarverslag, 2003/4.

Uit bogenoemde doelwitte en prestasie maatstawwe van die Noordwes Departement van Onderwys is dit duidelik dat die provinsie veral ten opsigte van fasiliteite 'n groot agterstand geërf het en daar moet tans deurlopend en parallel met ander doelwitte hieraan aandag geskenk word. Die hoeveelheid klaskamers en toilette wat nog gebou moet word, ten spyte van die feit dat leerdergetalle nie drasties toegeneem het nie (vergelyk tabel 3.7) bevestig dat die oorgeërfde agterstande van die Apartheid-regering steeds spook by leerders in die Noordwesprovinsie na tien jaar van demokrasie.

Die Noordwes Departement van Onderwys erken in die Jaarverslag (2003/2004) dat die onderwysstelsel sukkel om gehalte-onderwys te voorsien as gevolg van 'n tekort aan basiese infrastruktuur. Bogenoemde word geïllustreer deur die volgende statistieke:

- 5% skole het nie water op die perseel nie;
- 17% leerders het nie toiletfasiliteite op die perseel nie;
- 32% skole in die provinsie het nie elektrisiteit nie;
- 43% skole in die provinsie het nie telekommunikasie fasiliteite nie; en
- 57% skole benodig grootskaalse herstelwerk.

Die onderwysdepartement het egter die volgende voorsien:

- voltooiing van 52 van die 61 projekte;
- 12 nuwe skole is begin en 2 voltooi;
- 52 skole is van nuwe toilette voorsien;
- 19 skole is herstel na stormskade; en
- 312 skole is herstel of opgegradeer.

Uit bogenoemde bespreking is dit duidelik dat groot uitdagings die Noordwes Departement van Onderwys in die gesig staar, veral ten opsigte van begrotings


en voorsienings. Dit is dus nodig om die demografiese prosessering in die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel binne die voorsieningsrealiteite te beskou.

### **3.4 DEMOGRAFIESE ONTLEDING VAN ONDERWYSSTREKE**

Die streekspesifieke demografiese eise van die Noordwesprovinsie hou verrykende implikasies in ten opsigte van onderwysvoorsiening. Die Noordwesprovinsie is verdeel in vier distrik munisipaliteite wat ook geld as die grense van die vyf onderwysstreke (Afbakeningsraad, 2004), naamlik Bojanala-oos en Bojanala-wes (wat deel van dieselfde distrikmunisipaliteit is), die Sentrale onderwysstreek, die Suidelike onderwysstreek en die Bophirima-onderwysstreek. 'n Kritiese beskouing van die demografiese gegewens en die gevolglike implikasies vir die onderwysstelsel is nodig om die prosessering van demografie te fasiliteer.

### 3.4.1: Bojanala-onderwysstreek

Figuur 3.2: Bojanala-munisipaliteit/-onderwysstreek



Bron: Afbakenningsraad, 2004.

#### 3.4.1.1 Demografiese agtergrond

Hierdie onderwysstreek (figuur 3.2) bestaan uit vyf distrikte en grens aan die Gauteng- en Limpopo provinsies in die ooste en aan die Sentrale onderwysstreek in die weste. Die totale bevolking van hierdie streek het volgens Statistiek Suid-Afrika (2004a) se sensusdata 'n groei getoon van 1 064 616 in 1996 tot 1 185 330 in 2001.

Die ouderdomstruktuur vir die primêreskoolgroep het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, Sensus 2001):

**Tabel 3.11: Ouderdomgegewens Primêre onderwys in die Bojanala-onderwysstreek**

		<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Manlik</b>	0-4 Jaar	54 826	54 474
	5-14 Jaar	110 929	117 001
<b>Vroulik</b>	0-4 Jaar	56 207	54 330
	5-14 Jaar	112 301	117 764

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004b.

In tabel 3.11 kan gesien word dat die 0-4-jarige manlike groep 'n effense afname van slegs 352 toon, terwyl die vroulike geslag vir dieselfde ouderdomsgroep 'n groter afname van 1877 toon. Hierdie demografiese element sal 'n effek hê op die aantal inskrywings vir primêre skole in die onderwysstreek. In beide die manlike en vroulike groep van 5-14-jariges (5 463) was daar 'n beduidende toename sedert 1996.

Moedertaalsprekers van die vier prominente tale het soos volg in die onderwysstreek verander tussen 1996 en 2001 (Statistiek Suid-Afrika, Sensus 2001):

**Tabel 3.12: Prominente moedertaalsprekers in die Bojanala-onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Afrikaans</b>	64 734	78 531
<b>Setswana</b>	694 201	741 547
<b>Tshivenda</b>	6 363	9 341
<b>Xitsonga</b>	79 430	88 483

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004b.

Tabel 3.12 toon 'n toename in veral die getal Setswana sprekers in die onderwysstreek. Tesame hiermee moet tabel 3.3. wat die groot toename van 18 469 mynbou-arbeiders aantoon, noodwendig dui op 'n uitdagende invloed op die onderwysstelsel, veral ten opsigte van primêre-onderwysvoorsiening. Indien mynbou-arbeiders in 'n streek toeneem, sal veeltaligheid in die betrokke skole, sowel as die getal leerders in die primêre skoolfase ook toeneem.

Die Bojanala-streek word hoofsaak gekenmerk deur die industrieë van landbou en mynbou. Tussen 1996 en 2001 het die getalle van werknemers soos volg verander:

**Tabel 3.13: Prominente ekonomiese aktiwiteite in die Bojanala-onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Landbou</b>	24 690	21 738
<b>Mynbou</b>	61 394	79 863

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004b.

Volgens Statistiek Suid-Afrika (2003) het die werkmag soos volg verander:

**Tabel 3.14 Arbeidstatus in die Bojanala-onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Werkzaam</b>	263 011	288 054
<b>Werkloos</b>	140 565	198 096
<b>Ekonomies onaktief</b>		299 069

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004b.

Informele behuising het toegeneem van 70 655 huishoudings in 1996 tot 98 290 huishoudings in 2001 (Statistiek Suid-Afrika, Sensus 2001).

Tabel 3.14 dui hoofsaaklik op die funksionaliteit van die Skoolbefondsingsmodel. Drie hoofaspekte van hierdie data is:

- Meer skole sal in hierdie gebiede opgerig moet word of die bestaande skole sal uitgebrei moet word om die toename in leerders uit die informele behuisingssektor te akkommodeer.
- Hierdie skole sal as gevolg van die ekonomiese/arbeidstatus van die ouers in 'n befondsingskwantiel val wat die situasie regverdig.
- Nabygeleë skole se befondsingsstatus sal ook beïnvloed word en noodwendig heroorweeg moet word, indien leerders uit hierdie gebiede sou kies om ander skole as die naaste skool by te woon.

#### **3.4.1.2 Onderwysdata**

Die Bojanala-onderwysstreek word verdeel in die Bojanala-Oos en Bojanala-Wes streke. Die twee streke bestaan uit die voormalige Brits-, Mabopane-, Rustenburg- en Temba distrikte. Die leerdergetalle van graad 1 tot graad 7 in hierdie onderwysstreek het soos volg verander tussen 2000 en 2003 (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.15: Primêre skool: leerdergetalle in die Bojanala-onderwysstreek**

	<b>2000</b>	<b>2003</b>
<b>Graad 1-7</b>	182 449	208 071

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Bogenoemde getal leerders word in 428 openbare primêre skole en 132 intermediêre (grade 4-8/9) en gekombineerde (grade 1-12) skole geakkommodeer.

Om die opvoedergetalle doeltreffend te begryp, word die getalle van regeringsbetaalde opvoeders in die intermediêre- en primêre skole verskaf, met inagneming van die moontlikheid dat intermediêre skole 'n klein aantal opvoeders kan hê wat nie by grade 1 tot 7 betrokke is nie.

Die getal opvoeders wat bogenoemde skole bedien is soos volg (Noordwes Departement van Onderwys, 2003):

**Tabel 3.16: Aantal opvoeders op provinsiale begroting in die primêre fase in die Bojanala-onderwysstreek**

<b>Opvoeders van intermediêre skole</b>	1492
<b>Opvoeders van primêre skole</b>	4410
<b>Totale aantal opvoeders vir grade 1-7/8/9</b>	5902

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Die implikasies van tabel 3.16 word vervolgens in die konteks van die voorgenoemde onderwysdata bespreek.

#### **3.4.1.3 Demografiese eise van Bojanala-onderwysstreek**

Die demografiese eise van die Bojanala-onderwysstreek op die onderwysstelsel toon uiteenlopende invloede as gevolg van die gebiedsbesondere eise. Alhoewel die Noordwesprovinsie doelmatige onderwysmikpunte het, word elke streek se onderwysstelsel onderwerp aan sekere unieke determinante.

Die Bojanala-onderwysstreek word die afgelope sewe jaar (1996-2003) gekenmerk deur grootskaalse uitbreiding van die mynboubedryf, veral in die

Rustenburg distrik. Tabel 3.14 toon aan dat daar 'n 0,3% (18 469 persone) groei van arbeiders tussen 1996 en 2001 in die Bojanala streek plaasgevind het. Gevolglik word hierdie streek onderwerp aan die intog van migrasiewerke. Hierdie migrasiewerke het 'n toename van veral Tshivenda- (0,4%) en Xitsonga (0,1%) spreke (vergelyk tabel 3.12) in die gebied tot gevolg gehad vir die tydperk van 1996 tot 2001. Ooglopende eise as gevolg van bogenoemde is die beskikbaarstelling van meer primêre skole (aangesien migrasiewerke hoofsaaklik kinders in die primêre skoolbevolking sou hê) wat die veranderende taalprofiel van die onderwysstreek akkommodeer.

Aangesien die migrasiewerke in die lae-inkomstegroep van die bevolking val, sal plakkerskampbevolking toeneem en nuwe en/of meer skoolplekke sal gevolglik in hierdie gebiede voorsien moet word. Die beplanning van nuwe skole sal egter noukeurig moet geskied om die dinamiek van stedelike woonbuurte in ag te neem. Indien daar stabilisering in die groei van die Bojanala-streek sou plaasvind of myne in die toekoms sou sluit of as gevolg van tegnologiese ontwikkelings arbeiders sou aflê, sal 'n heroorweging van die onderwysstreek se voorsieningsdoel moet plaasvind. Die leeftydperk van die platinummyne in hierdie streek kan vir die toekoms die deurslaggewende faktor wees aangaande die demografiese impak op die onderwysstelsel. Dit sou dus gewens wees in die Bojanala-streek om tentatiewe doelstellings vir hierdie onderwysstreek in vooruitskouing te stel om aan die moontlike toekomstige demografiese verwickelings (veral ten opsigte van die mynbedryf) van die onderwysstreek te beantwoord. Skakeling met die Departement van Arbeid sal in hierdie geval noodsaaklik wees aangesien kennis van die leeftydperk van die myne noodsaaklik is vir die onderwysdepartement. Die beskikbaarstelling van onderwys hulpsbronne moet binne konteks en oordeelkundig geskied.

Die Bojanala-streek (veral die Rustenburgarea) is besig om te verstedelik. Die streek is ook baie naby ( $\pm 100$  km) aan die Tswane- (Pretoria-) metropool en Johannesburg geleë, wat tot gevolg kan hê dat die stedelike karakter van hierdie

onderwysstreek selfs vinniger gevorm kan word. Dit het tot gevolg dat onderwysbeplanning in die onderwysstreek grootliks moet korreleer met onderwysbeplanning vir gevestigde stedelike gebiede.

Die buitengewone groei van primêre skoolleerders in dié onderwysstreek tussen 2000 en 2003 (0,1%, 25 622 persone), kan toegeskryf word aan die impak van die groeiende mynboubedryf. 'n Groeikoers van 0,1% in twee jaar het 'n uitdagende invloed op onderwysvoorsiening. Die aantal opvoeders moet dienoreenkomstig groei, maar ook die taalvaardigheid van hierdie opvoeders om aan die nuwe taaleise van die streek te voldoen. Dit het uiteraard aanstellings- en opleidingsimplikasies vir die Bojanala-onderwysstreek. Die identifisering van unieke onderwysbehoefte sal in die onderwysstreek moet plaasvind ten einde relevante onderwys vir die konteks van die streek te verskaf.

Tabel 3.11 toon 'n stabilisering in die grootte van die 0-4 jarige ouderdomsgroep tussen 1996 en 2001. Die gevolg hiervan sal wees om in oorleg met die vooruitskouing van die groei in hierdie streek ook 'n stabiliserende onderwysvoorsieningsperspektief in die Grondslagfase van die onderwysstelsel te oorweeg. Die teenoorgestelde het egter gebeur met die 5-14 jarige ouderdomsgroep. 'n Groei van 0,05 % word hier aangeteken tussen 1996 en 2001. Dit impliseer dat daar voorsiening gemaak sal moet word vir hierdie groeiende primêre skoolbevolking en gevolglik dan ook vir die Senior- en Verdere Onderwys- en Opleidingsfases vir die impak van die groeiende getalle oor die volgende vyf tot tien jaar.

Die komponente van die onderwysstelsel wat in hierdie onderwysstreek redelik onder druk sou kom as gevolg van groeiende getalle, is onder andere die administrasie komponent, die onderwyskundige struktuur en die ondersteuningsdienste. Alhoewel dit uitdagings stel aan die effektiwiteit van die kommunikasie-lyne en die organisering van funksionariese, sal die finansiële reëlings hoofsaaklik beïnvloed word op die volgende maniere:

- Meer fondse word benodig om vir die onmiddellike meer skoolplekke te bou, infrastruktuur daar te stel, opvoeders aan te stel en leermateriaal beskikbaar te stel in die primêre fase van die skoolstelsel.
- Effektiewe bestuur van hierdie fondse en projekte op onderwysstreekvlak word vereis.
- Daar moet skakeling plaasvind met belanghebbende partye (byvoorbeeld die myne), wat die Departement van Arbeid moet insluit.
- Bestaande fasiliteite moet doeltreffend aangewend word.

Wat die onderwyskundige struktuur aanbetref is die volgende belangrik:


- Die groeiende primêre skoolbevolking is tans in hierdie streek die uitdaging en dus sal die fokus van die funksionariesse moet wees op die suksesvolle organisering van die onderrig- en leeraktiwiteite in primêre skole.
- Die behoeftebepaling ten opsigte van die mate van uitbreiding van die gewenste skoolfasies (Grondslag-, Intermediêre- of Seniorfase) is 'n kritieke uitdaging.
- Aangesien die bepaling van die medium van onderrig deur skole en skoolbeheerliggaam self behartig word, sal die beskikbaarstelling van verlangde taalopvoeders ondersoek moet word.

---

In hierdie onderwysstreek is veral die groei van getalle en die gepaardgaande taal- en uitbreidingsimplikasies van belang. Voorgenoemde moet egter beskou word in die konteks van die ander demografiese eise soos uitgelig in die voorafgaande bespreking (vergelyk 3.4.1.1).

### 3.4.2 Sentrale onderwysstreek

**Figuur 3.3: Sentrale munisipaliteit/onderwysstreek**



Bron: Afbakenningsraad, 2004.

#### 3.4.2.1 Demografiese agtergrond

Die Sentrale onderwysstreek (figuur 3.3) bestaan uit die voormalige Lichtenburg-, Mafikeng-, Zeerust- en Atamelangdistrikte, met Mafikeng as die hoofkwartier van die Sentrale onderwysstreek. Die streek grens in die noorde aan Botswana en word in die ooste, suide en weste begrens deur die vier ander onderwysstreke van die Noordwesprovinsie. Die totale populasie van hierdie streek het gestyg vanaf 691 000 in 1996 tot 763 000 in 2001 (Sensus: 2001). Die ouderdomstruktuur van die primêre skoolgaande bevolking (graad 1-7) het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.17: Ouderdomgegewens van primêreskoolgroep**

		<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Manlik</b>	0-4 Jaar	42 035	41 346
	5-14 Jaar	86 222	89 821
<b>Vroulik</b>	0-4 Jaar	42 724	41 483
	5-14 Jaar	87 478	91 047

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Tabel 3.17 toon dieselfde tendens as die geval in die Bojanala-onderwysstreek (vergeelyk tabel 3.11). Alhoewel die 0-4 jarige groepe (manlik en vroulik) 'n afname in getalle toon, is daar in die 5-4 jarige groep (manlik en vroulik) 'n klein toename in getalle.

Moedertaalsprekers van die vier prominente tale in die Sentrale onderwysstreek het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.18: Prominente moedertaalsprekers in die Sentrale onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Setswana</b>	591 932	643 849
<b>Afrikaans</b>	31 214	36 707
<b>Isixhosa</b>	27 619	31 843
<b>Sesotho</b>	18 778	24 308

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Volgens tabel 3.18 is 'n algemene toename te bespeur in die aantal persone van die prominente moedertale in hierdie streek.

Die industriële aktiwiteite van onder andere landbou, konstruksiewerke en mynbou het soos volg verander in hierdie streek (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.19: Prominente ekonomiese aktiwiteite in die Sentrale onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Landbou</b>	19 944	22 248
<b>Konstruksiewerke</b>	6 091	4 681
<b>Mynbou</b>	2 262	2 547

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Tabel 3.19 toon 'n afname in veral die aantal persone werksaam in die konstruksiewerke, en indien hierdie syfer in kombinasie met die stygende werkloosheidsyfer (10 260, Tabel 3.20) beskou word, kan 'n begrip gevorm word van die toename in informele behuising van die Sentrale streek.

Volgens Statistiek Suid-Afrika (2001) het die werkmag van hierdie streek soos volg verander:

**Tabel 3.20: Arbeidstatus in die Sentrale onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Werkzaam</b>	110 761	115 339
<b>Werkloos</b>	95 463	105 723
<b>Ekonomies onaktief</b>		241 186

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Informele behuising het toegeneem in hierdie streek van 12 371 huishoudings in 1996 tot 19 649 huishoudings in 2001 (Statistiek Suid-Afrika, 2001).

### **3.4.2.2 Onderwysdata**

Die Sentrale onderwysstreek se leerdergetalle in die graad 1-7-kategorie het soos volg verander (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.21: Primêre skool leerdergetalle in die Sentrale onderwysstreek**

	<b>2000</b>	<b>2003</b>
<b>Grade 1-7</b>	151 199	150 159

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Die getal leerders word in 449 openbare primêre skole, 108 intermediêre skole (grade 1-8/9) en 4 gekombineerde skole geakkommodeer.

Die getal opvoeders wat bogenoemde skole bedien is soos volg (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.22: Aantal opvoeders op provinsiale begroting in die Sentrale onderwysstreek**

<b>Opvoeders vir intermediêre skole</b>	973
<b>Opvoeders vir primêre skole</b>	3 205
<b>Totale aantal opvoeders vir Grade 1-7/8/9</b>	4 178

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Vervolgens word die implikasies van tabel 3.22 in die konteks van die voorgenoemde data van die Sentrale onderwysstreek bespreek.

### **3.4.2.3 Demografiese eise van die Sentrale onderwysstreek**

Die Sentrale onderwysstreek toon in die primêre skoolbevolkinggroep (0–14 jaar) 'n baie interessante tendens. Die 0–14-jarige bevolkingsgroep in die streek toon

'n afname van 0,02% tussen 1996 en 2001 (tabel 3.17), terwyl die 5-14-jarige bevolkingsgroep 'n toename van 0,04 % in dieselfde tydperk toon. Gevolglik gaan die onderwyskundige struktuur ingrypend beïnvloed word ten opsigte van die onderskeie skoolfasies van die onderwysstreek. Die uitdaging sal daarin lê om eerstens die huidige groeiende 5-14-jarige groep in primêre skole te akkommodeer en die impak daarvan op die Senior- en Verdere Onderwys en Opleidingsfase vir die res van hul skooljare, byvoorbeeld van 2003 tot 2007/8 in ag te neem. Tweedens gaan die 0-4-jarige groep wat 'n afname van 0,02 % (1996-2001) getoon het veroorsaak dat daar nie grootskaalse uitbreiding vir die volgende vier of vyf jaar in die primêre skoolfasies voorsien word nie. Dit sou egter raadsaam wees om hierdie situasie te heroorweeg na gelang van die bevolkingsgroei of -daling van die 0-4-jarige ouderdomsgroep van die onderwysstreek in die tydperk 2002-2006.

'n Beduidende toename is egter te bespeur in die vier prominente tale van die Sentrale onderwysstreek. Volgens tabel 3.18 is daar 'n gemiddelde 0,2% styging in die sprekers van die vier prominente tale (Setswana, Afrikaans, IsiXhosa, Sesotho). Hierdie toename kan in verband gebring word met die toename van 0.1% in landbou-arbeiders vir die tydperk 1996 tot 2001. Die impak hiervan sal direk manifesteer in die toenemende veeltalige aard van die plaasskole en plattelandse skole (waar landbou-arbeiders gevestig en werksaam is). Implikasies vir die finansiële reëlins en kommunikasielyne van die administratiewe komponent van die onderwysstelsel vloei voort uit hierdie tendens. Fondse sal noodgedwonge gekanaliseer moet word na hierdie skole. Dis onwaarskynlik dat plaasskole parallelmediumstatus sou oorweeg. Opvoeders in hierdie skole se pedagogiese taak met verskillende grade, soms in een klaskamer, word as uitdagend genoeg beskou. Die aanstel van meer opvoeders om aan die taaleise van hierdie skole te beantwoord sal grootliks die sukses van plaas- en plattelandse skole in die volgende vyf tot tien jaar bepaal.

Plattelandse en plaasskole is uiters afhanklik van ondersteuningsdienste om dieselfde opvoedingsuitsette as stedelike skole na te streef (Du Plessis, 2004).

Ondersteuningsdienste veral ten opsigte van taalvoorsiening, -ontwikkeling en -verryking verteenwoordig grootliks die uitdagings in hierdie skole. Die aankondiging van die Noordwes Departement van Onderwys wat die plan bekend maak om die plaasskole in die provinsie te verminder kan effektiewe onderwysvoorsiening in hierdie onderwysstreek verbeter indien die konteksgebonde onderwysbehoefte van hierdie leerders prioriteit geniet.


Werkloosheid in die Sentrale onderwysstreek het in die 1996 tot 2001 tydperk toegeneem met 0,1%. Gevolglike druk kan dus verwag word op die lae-inkomste-skoolgemeenskappe met stygende getalle. Informele behuising het toegeneem met byna 50% in die 1996 tot 2001 tydperk; derhalwe het skole in die nabye omgewing bykomende hulp nodig ten opsigte van onder andere:

- Fondse vir die opleiding van skoolbeheerliggame (wat uiteraard uit die lae-opleidingsgroep van die bevolking kom) om essensiële beheer en hulp aan hierdie skole te bied.
- Ondersteuningsdienste veral aan die leerders om ten spyte van hul sosio-ekonomiese agtergronde toereikend te kan deelneem aan die opvoedingsproses.
- Die voorsiening van basiese fisiese fasiliteite om die leerproses te laat vlot verloop.
- Die jaarlikse heroorweging van skole se kwantielplasings vir befondsing en opvoedertoedeling.

Alhoewel die Sentrale onderwysstreek 'n afname toon in die graad 1-7-inskrywings van 2000 tot 2003, word hierdie verskynsel oorskadu deur ander uitdagings soos die toename in informele behuising, werkloosheid en die veeltalige aard van die bevolking van die onderwysstreek.

### 3.4.3 Suidelike onderwysstreek

Figuur 3.4: Suidelike munisipaliteit/onderwysstreek



Bron: Afbakeningsraad, 2004.

#### 3.4.3.1 Demografiese agtergrond

Die Suidelike onderwysstreek (figuur 3.4) grens aan die Gauteng- en Vrystaat provinsies en bestaan uit die voormalige Potchefstroom- en Klerksdorpdistrikte. Die totale populasie van hierdie streek het gestyg vanaf 552 456 (1996) tot 599 671 (2001) volgens Statistiek Suid-Afrika (Sensus: 2001). Die ouderdomstruktuur van die skoolgaande bevolking in hierdie streek het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.23: Ouderdomsgegewens van primêreskoolgroep in die Suidelike onderwysstreek**

		<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Manlik</b>	0-4 Jaar	24 620	26 328
	5-14 Jaar	52 685	54 365
<b>Vroulik</b>	0-4 Jaar	24 669	26 386
	5-14 Jaar	53 031	54 725

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Tabel 3.23 toon 'n afname in die 0-4-jarige ouderdomsgroep, maar 'n klein toename in die 5-14-jarige groep. Die aantal Afrikaanssprekers het oor die tydperk toegeneem (vergelyk tabel 3.24), terwyl die ander prominente taalsprekers afgeneem het. Die grootste afname (11%) is te bespeur in die Setswana taalgroep.

Moedertaalsprekers van die vier prominente tale het soos volg verander in die Suidelike streek (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.24: Prominente moedertaalsprekers in die Suidelike onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Afrikaans</b>	112 375	116 197
<b>Isixhosa</b>	83 860	80 284
<b>Sesotho</b>	96 851	85 463
<b>Setswana</b>	263 799	233 558

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Die Suidelike onderwysstreek word grootliks gekenmerk deur mynbou en landbou. Die getalle van werknemers het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.25: Prominente ekonomiese aktiwiteite in die Suidelike onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Landbou</b>	19 488	18 057
<b>Mynbou</b>	49 456	32 755

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Mynbou-aktiwiteite toon 'n duidelike afname in die Suidelike onderwysstreek. 16 701 persone het die mynbou bedryf verlaat wat 'n groot werkloosheidsyfer (tabel 3.16) van 100 106 persone in die Suidelike streek tot gevolg gehad het, wat 'n besondere hoë persentasie van 54,5% verteenwoordig.

Die werkmag in hierdie streek het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.26: Arbeidstatus in die Suidelike onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Werkzaam</b>	172 539	155 608
<b>Werkloos</b>	64 783	100 106
<b>Ekonomies onaktief</b>		156 658

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Informele behuising het toegeneem vanaf 44 887 huishoudings in 1996 tot 44 947 huishoudings in 2001 (Statistiek Suid-Afrika, 2001).

### 3.4.3.2 Onderwysdata

Die Suidelike onderwysstreek se opvoedergetalle het soos volg verander gedurende die tydperk 2000-2003 (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.27: Primêreskoolleerdergetalle in die Suidelike onderwysstreek**

	2000	2003
<b>Grade 1-7</b>	89 751	101 538

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Bogenoemde leerders word in 230 openbare primêre skole, 35 intermediêre skole (grade 1-8/9) en 18 gekombineerde skole geakkommodeer.

Die getal opvoeders wat bogenoemde skole bedien is soos volg (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.28: Aantal opvoeders op provinsiale begroting in die primêre fase in die Suidelike onderwysstreek**

<b>Opvoeders in Intermediêre skole</b>	298
<b>Opvoeders in Primêre skole</b>	1 948
<b>Totale aantal opvoeders vir Grade 1- 7/8/9</b>	2 246

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Die implikasies van tabel 3.28 word vervolgens bespreek in die konteks van die voorgenoemde data van die Suidelike onderwysstreek.

### 3.4.3.3 Demografiese eise van die Suidelike onderwysstreek

Die Suidelike onderwysstreek toon 'n matige toename in getalle van beide die 0-14-jarige bevolkingsgroep en die 5-14-jarige bevolkingsgroep. Hierdie matige toename hou nie baie groot implikasies vir die onderwysstelsel in nie, alhoewel

dit in kombinasie met ander demografiese gebeure meer uitdagend sal manifesteer.

Die Suidelike onderwysstreek is die afgelope tien jaar (tabel 3.25) gekenmerk deur die sluit van myne. Persone betrokke by mynbou het met 0,4% afgeneem, werkloosheid het gestyg met 0,5% (35 323 persone) in dieselfde tydperk (1996 tot 2001). Dit verduidelik die beduidende afname van IsiXhosa-, Sesotho- en Setswana sprekers in hierdie onderwysstreek (sien tabel 3.24).

Die ooglopende gevolg van bogenoemde gebeure sal hoofsaaklik manifesteer in die ekonomiese agtergronde van die skoolbevolking. Skole in die gemeenskappe waar die ouers tipies as mynwerkers werksaam was, sal die grootste impak van hierdie gebeure beleef. In die Suidelike onderwysstreek was dus 'n grootskaalse verstedelikingstendens te bespeur. Die direkte gevolg hiervan was die groeiende informele behuisingsgebiede. Skole in plakkerskampe ondervind dat leerders eenvoudig nie kan bydra tot die skool se ekonomiese welstand nie. Volgens 'n Skoolhoof (Mokgasi, 2004) is die opvoeder-tot-leerder-ratio 1:40 in die Grondslagfase van die skool, waar dit onderskeidelik 1:50 in graad 1 en 1:54 in graad 2 is. Hierdie skool se opvoeder-tot-leerder-ratio verteenwoordig grootliks die heil van skole in informele nedersettings in die Suidelike onderwysstreek. Betreffende die administrasie komponent van die onderwysstelsel dui skole aan dat die finansiële reëlings in heroorweging geneem moet word om die volgende redes:

- Die befondsingsmodel hanteer nie die bestaande ekonomiese agterstande in die spesifieke skole genoegsaam nie.
- Die posvoorsieningsformule is nie toepaslik vir die spesifieke omstandighede van die skool nie. Meer opvoeders is nodig as wat die posvoorsieningsformule bepaal, omdat groot klasse tot opvoedkundige agterstande lei (Mokgasi, 2004).

Die onderwyskundige struktuur ondervind ook druk omdat veral fasiliteite nie korrek in ag geneem word in die gradering van skole nie (Phakedi, 2004). In


sekere skole moet verskillende grade klaskamers deel, alhoewel daar byvoorbeeld genoeg opvoeders is. Phakedi (2004) bepleit 'n totale heroorweging van die status van skole wat in plakkerskampgebiede en omgewings geleë is as gevolg van die veranderende aard van die bevolkings van die informele nedersettings.

Vanaf 2000 tot 2003 was daar 'n toename van 0,1% (11 787) leerders in grade 1 tot 7 (tabel 3.17). Volgens die kitsopname van 2003 (Noordwes Departement van Onderwys) lei die aantal graad 1-7-leerders en regeringsbetaalde opvoeders (op 'n maksimum bereken tot grade 8 en 9 wat onwaarskynlik is vir primêre skole) tot 'n ratio van 1: 45.

Demografie in die Suidelike onderwysstreek bring dus uitdagings na die onderwysstelsel wat hoofsaaklik op beide beleids- en administratiewe vlak lê. Die veranderende aard van demografie daag hoofsaaklik die onderwysbeleid uit en manifesteer uitdagend op skoolvlak.

### 3.4.4. Bophirima-onderwysstreek

Figuur 3.5: Bophirima-munisipaliteit/-onderwysstreek



Bron: Afbakeningsraad, 2004.

Figuur 3.5 dui die munisipale grense van die Bophirima munisipale streek aan, wat ook dien as die grense van die Bophirima-onderwysstreek.

#### 3.4.4.1 Demografiese agtergrond

Hierdie onderwysstreek vorm die westelike deel van die Noordwesprovinsie en bestaan uit die vorige Mothibistad – en Vryburgdistrikte. Die streek grens aan Botswana in die noorde en die Noordkaap en Vrystaatprovinsies in die weste en ooste onderskeidelik. Die totale populasie van die onderwysstreek het toegeneem van 425 318 inwoners in 1996 tot 439 674 inwoners in 2001

(Statistiek Suid-Afrika, 2001). Die ouderdomstruktuur van die primêre-skoolgaande ouderdom het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.29: Ouderdomgegewens van primêreskoolgroep in die Bophirima-onderwysstreek**

		<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Manlik</b>	0-4 Jaar	27 876	24 896
	5-14 Jaar	56 923	56 000
<b>Vroulik</b>	0-4 Jaar	27 821	25 154
	5-14 Jaar	57 269	56 127

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Die getalle van die 0-4 jaar en 5-14 jaar ouderdomsgroepe toon vir beide manlik en vroulik 'n afname. Hierdie tendens is slegs kenmerkend van die Bophirima-onderwysstreek.

Die moedertaalsprekers van die Bophirima-onderwysstreek het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.30: Prominente moedertaalsprekers in die Bophirima-onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Afrikaans</b>	31 184	30 896
<b>Isixhosa</b>	6 975	8 579
<b>Sesotho</b>	6 128	8 537
<b>Setswana</b>	372 442	381 791

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Die getalle van die Afrikaanssprekendes het vir die tydperk 1996 – 2001 'n afname getoon, terwyl daar 'n toename te bespeur was in die Xhosa-, Sotho- en Tswanasprekers.

Die landbou- en mynboubedryf in hierdie streek toon afnames ten opsigte van getalle soos volg (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.31: Prominente ekonomiese aktiwiteite in die Bophirima-  
onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Landbou</b>	18 872	15 838
<b>Mynbou</b>	2 554	3 060

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

In bogenoemde tabel kan gesien word dat daar 'n afname te bespeur is in die landbou aktiwiteite van die streek wat hoofsaaklik aan meganisasie toegeskryf kan word. Werkloosheid in die Bophirima-onderwysstreek het egter met slegs 1 657 persone toegeneem, wat kan dui op migrasie na ander streke of ander provinsies.

Die werkmag van hierdie streek het soos volg verander (Statistiek Suid-Afrika, 2001):

**Tabel 3.32: Arbeidstatus in die Bophirima-onderwysstreek**

	<b>1996</b>	<b>2001</b>
<b>Werkzaam</b>	61 168	58 589
<b>Werkloos</b>	53 291	54 948
<b>Ekonomies onaktief</b>		141 229

Bron: Statistiek Suid-Afrika, 2004.

Informele behuising in die Bophirima-onderwysstreek het toegeneem vanaf 8 951 huishoudings in 1996 tot 10 790 huishoudings in 2001 (Statistiek Suid-Afrika, 2001).

#### **3.4.4.2 Onderwysdata**

Primêre leerdergetalle van die Bophiriwa-onderwysstreek het soos volg verander in die 2000-2003 tydperk (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.33: Primêreskoolleerdergetalle in die Bophirima-onderwysstreek**

	<b>2000</b>	<b>2003</b>
<b>Grade 1-7</b>	82 566	95 596

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Die Primêre leerders word in 306 openbare primêre skole en 86 intermediêre skole akkommodeer. Geen gekombineerde skole is in hierdie streek nie.

Die getal van opvoeders wat die bogenoemde skole bedien is soos volg (Noordwes Departement van Onderwys, 2004):

**Tabel 3.34: Aantal opvoeders op provinsiale begroting in die primêre fase in die Bojanalastreek**

<b>Opvoeders in intermediêre skole</b>	585
<b>Opvoeders in openbare primêre skole</b>	1 974
<b>Totale getal opvoeders van grade 1-7/8/9</b>	2 559

Bron: Noordwes Departement van Onderwys, 2004.

Die implikasies van tabel 3.34 word vervolgens in konteks bespreek met die voorgenoemde data van die Bophirima-onderwysstreek.

#### **3.4.4.3 Demografiese eise van die Bophirima-onderwysstreek**

Hierdie onderwysstreek het hoofsaaklik 'n landelike karakter en behalwe die Vryburg- en Schweizer-Renekedistrikte word die onderwysstreek gekenmerk deur 'n plattelandse leefstyl.

Tabel 3.29 toon 'n geringe afname in die 0-4-jarige bevolking tussen die jare 1996 en 2001. Hierdie tendens kan toegeskryf word aan die ontvolking van die platteland en korreleer met tabel 3.32 wat 'n afname in die arbeiders van die Landboubedryf aantoon. Hierdie demografiese gebeure kan tot gevolg hê dat die onderwysstelsel nie noodwendig grootskaalse druk sal ervaar ten opsigte van groot getalle leerders nie, maar die voorsiening van onderwys in plattelandse streke bring derhalwe druk na die onderwysstelsel in terme van die gevolglike migrasie aspek.

As gevolg van die plattelandse aard van die onderwysstreek sal 'n groter persentasie plaasskole aangetref word. Plaasskole bring uiteraard unieke uitdagings na die onderwysstelsel. Aangaande beleid ervaar plaasskole dit onregverdig om dieselfde onderwys uitsette van plaasskole te verwag met ander konteksspesifieke omstandighede as dorp- en stedelike skole. Die heroorweging van die Posvoorsieningsmodel om opvoeders te vermeerder is noodsaaklik. Plaasskoolhoofde gee hoofsaaklik heeldag klas en die skole kwalifiseer nie vir ander beamptes nie. Die rol van beheerliggame moet op beleidsvlak onder die vergrootglas kom, aangesien hierdie beheerliggame nie altyd die kapasiteit besit om doelgerig by te dra tot die beheer wat oor skole uitgeoefen moet word nie. Hierdie skole het gewoonlik ook nie die ekonomiese kapasiteit om beheerliggaamaanstellings te maak nie. ABET voorsiening is 'n groot uitdaging omdat plaasouers leemtes toon in basiese geletterdheidsvaardighede wat 'n groot impak het op hul bydraes tot plaasskoolontwikkeling en- instandhouding.

Op administratiewe vlak sukkel plaasskole aangesien daar uitdagings ontstaan omtrent die fisiese afstande wat onderneem word deur beide leerders en opvoeders. Voorsiening van vervoer is dus essensieel. Opvoeders het selde tyd om indiensopleidingskursusse by te woon, aangesien hulle vanaf die plaas/skool na die sentrums moet reis. Die rol van departementele funksionariese onder andere kringinspekteurs en vakadviseurs, word as ontoereikend ervaar in die plaasskool areas. Die skakeling tussen verskillende staatsdepartemente (byvoorbeeld maatskaplike ontwikkeling, gesondheid, veiligheid en sekuriteit, plaaslike owerhede, ensovoorts) met die departement van onderwys kan die demografiese eise van veral hierdie onderwysstreek meer toereikend aanspreek (Du Plessis, 2004).

Du Plessis (2004) verduidelik dat plaasskole meestal met die sosio-ekonomiese aspekte van leerders worstel. Hierdie leerders het nie geboortesertifikate nie, kwalifiseer dus nie vir staatstoelae nie en beleef groot armoede. Die plaasgesinne se strewe na oorlewing dwing hulle om tussen plase te migreer en kontinuïteit ontbreek grootliks in die opvoeding van hierdie leerders. Die afstande wat leerders aflê na en van die skool het 'n groot impak op hoe plaasskole onderwysvoorsiening ervaar. Sekondêre skole, met koshuise wat sekere plaasareas kan bedien, ontbreek en primêre skool leerders is dus meestal nie blootgestel aan die voortsetting van sekondêreskoolopvoeding nie.

Aangaande die onderwyskundige struktuur veroorsaak migrasie tussen plase dat leerdergetalle van jaar tot jaar nie voorspel kan word nie. Die instelling van die minimumloon van plaasarbeiders en die Grondhervormings Wet (3/1996a) het grootskaalse migrasie veroorsaak tussen plase. Baie arbeiders is as gevolg hiervan ontslaan en migrasie van leerders was die gevolg (Du Plessis, 2004). Tabel 3.33 toon aan dat 'n groei van 0,2% (13 030 persone) in die Graad een tot sewe groep tussen 2000 en 2003 in die Bophirima-onderwysstreek plaasgevind het. Hierdie groei het uitdagings ten opsigte van meer primêre skool opvoeders, klaskamers en in sekere gebiede, skole tot gevolg gehad. Die 2003 opvoeder-

tot-leerder-ratio van die onderwysstreek was 1:37, maar is waarskynlik hoër aangesien alle graad 8 en- 9 opvoeders wat moontlik by primêre skole betrokke is ingesluit is in die berekening van die ratio.

### **3.5 PROVINSIALE DEMOGRAFIESE ASPEKTE**

Die identifisering van demografiese eise ten opsigte van die onderwysstelsel strek verder as 'n onderwysstreekgebonde ondersoek. Die omvattende en veranderende aard van demografie, noodsaak 'n algemene evaluering van die impak van demografie op die Noordwesprovinsie. Beide nasionale en provinsiale onderwysbeleide en onderwysaspekte speel 'n rol in die Noordwesprovinsie se profiel van demografiese eise.

#### **3.5.1 Opvoeder-tot-leerderratio-dilemma in die Noordwesprovinsie**

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996) identifiseer die gewenste opvoeder-tot-leerder-ratio in primêre skole as 1:40. Die getal 40 word ook as die maksimum klasgrootte aanvaar in die Posvoorsieningsformule (Suid-Afrika, 2002) vir grade 1-9.

Skole ondervind probleme met die huidige formule wat opvoederposte aan skole toedeel. Alhoewel die formule heelwat faktore in ag neem, maak dit nie altyd voorsiening vir die werklike demografiese gebeurlikhede by 'n skool nie. Skole dui aan dat hulle na "*crowd control*" begin beweeg.

Die formule vir grade 1-9 sien soos volg daar uit (SA, 2002:7):

$$(w = c / m / 1 \times f),$$

waar,  $c = 40$  (ideale maksimum klasgrootte),

$m =$  maksimum klasgrootte per graad,

$1 =$  periode per lading,

$f =$  befondsingsvlak

Skole ondervind in die praktyk dat die voorgestelde ideale maksimum klasgrootte (c), nie in skole manifesteer nie. Dit beïnvloed dus die berekende gewig per leerder wat 'n impak het op die toegedeelde opvoedergetal. Indien sekere skole nie opvoeders aanstel in beheerliggaamposte nie, is hulle nie instaat om aan die pedagogiese eise van die skool te voldoen nie. Inisiatiewe wat in hierdie verband ondersoek kan word, is onder andere:

- Die huidige jaar se demografiese omstandighede kan nie altyd akkuraat genoeg bepalers wees vir die volgende skooljaar se opvoeder postoedeling nie. Die Wysigingswet van Opvoederaanstellings (Suid-Afrika, 2002) bepaal dat skole hul veranderde posisie in die huidige jaar moet kommunikeer en dat die provinsiale Departement van Onderwys voor of op 30 September die aangepaste postoekenning, vir die volgende skooljaar, aan die skool moet doen.
- Daar word ondervind dat die getal leerders in vakstrome van jaar tot jaar verskil en dat die formule (gebaseer op die vorige jaar se data) dan ontoepaslik is. Skole word telkens aan die begin van 'n nuwe skooljaar verras met leerdergetalle.
- Sekondêre skole voer aan dat verpligte vakke/leerareas, byvoorbeeld tale, wiskunde en biologie swaarder gewigte moet dra, aangesien hierdie vakke 'n ander opvoedkundige impak op die skoolrooster het en op die periodelading van opvoeders wat dit aanbied.
- 'n Ondersoek moet geloods word na 'n meer konteksgebaseerde formule wat moontlik per skoolfase (bv. Grondslagfase, Intermediêre fase, Senior fase ensovoorts) toegepas kan word, aangesien pedagogiese vereistes verskil van fase tot fase asook die c-waarde betref (soos in die huidige formule).
- Sekondêreskoolgemeenskappe ondervind 'n aanvraag na meer spesialiseringsskole wat haalbaar in sekere gemeenskappe is. So 'n

inisiatief sal ook die wegingsprobleem van vakke/leerareas en opvoeder-tot-leerder-ratio's direk hanteer.

- As gevolg van die fluktuierende demografiese realiteit, is skoolgemeenskappe dit eens dat 'n meganisme moet bestaan wat gemeenskaps- of streektendense ten opsigte van migrasie kan bepaal.
- Skoolhoofde is dit eens dat daar insae vanaf die skoolbestuur moet wees om die toepaslikheid en effektiwiteit van postoedeling in die praktyk te verbeter.
- Parallelmediumskole ondervind dat die huidige formule nie die aanvraag van opvoeders voldoende hanteer nie. Alhoewel verskillende tale in verskillende klaskamers onderrig moet word, kan hierdie skole nie sonder beheeriggaamaangestelde opvoeders funksioneer nie.

Skole ondervind dus 'n leemte in die bepaling van unieke behoeftes aangaande opvoedertoedeling wat belangrik geag word in die effektiewe bestuur van die pedagogiese proses.

### **3.5.2 Moedertaalopvoeders**

Die veeltalige aard van die Noordwesprovinsie (vergelyk tabelle 3.12 en 3.30) bring uitdagings mee ten opsigte van veeltalige opvoeders vir die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel. As gevolg van die mynboubedryf in die Noordwesprovinsie het groot getalle trekwerkers hulself tot hierdie bedryf en provinsie gewend. Hierdie werkers is afkomstig van regoor Suid-Afrika. Tale soos Sesotho, isiXhosa, Tshivenda, ensovoorts kom algemeen in die Noordwesprovinsie voor en dit word gereflekteer in die dilemma van die skole. Moeketsi (2004) voer aan dat die veeltalige aard van skole administratiewe uitdagings vir die skool inhou, wat liefers deur die onderwysdepartement as 'n onderwysstelselprobleem hanteer moet word. Skole sukkel om opvoeders van

die verskillende tale aan te stel en voer aan dat onderwyseropleiding tekort skiet in die voorsiening van gepaste opvoeders vir spesifieke areas in die provinsie.

### **3.5.3 Beleidsontleding: Norme en standaarde vir skoolbefondsing (SA Skolewet 84 van 1996)**

#### **3.5.3.1 *Analisering van beleide aangaande voorsiening van onderwys***

Die analisering van die onderwysbeleide wat die prosessering van demografie in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel rig behoort lig te werp op die problematiek van demografiese uitdagings waarmee ook die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel te kampe het.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel was vir dekades gekenmerk deur kunsmatige wanbalanse wat op grond van etniese grense instand gehou is ten opsigte van onderwysbefondsing en –voorsiening; daarom lui die voorwoord tot die nuwe Suid-Afrikaanse Skolewet (84 /1996b) soos volg:

*“...this country requires a new national system for schools which will redress past injustices in educational provision, provide an education of progressively high quality for all learners and in so doing lay a strong foundation for the development of all our people’s talents an capabilities....”*

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) is die primêre doel van die wet om ‘n uniforme stelsel te voorsien vir die organisasie, beheer en befondsing van skole. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) bepaal ook voorts die verpligte bywoon van skool vir leerders tussen die ouderdomme van sewe en vyftien (of tot voltooiing van graad 9). Dit staan bekend as die verpligte of Algemene Onderwysfase. Elke provinsiale LUR (Lid van die Uitvoerende Raad) moet voldoende skoolplekke vir elke kind in die verpligte fase bied. Indien dit nie kan gebeur nie, moet die LUR so gou as moontlik die situasie regstel.

'n Verdere belangrike aspek van die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) bepaal dat 'n ander belangrike verantwoordelikheid van die staat die befondsing van skole is. Hierdie basiese beginsel vloei voort uit die grondwetlike waarborg van gelykheid en erkenning van die reg tot regstelling. Die SA Skolewet (84/1996b) voorsien dat:

*“The state must fund public schools from public revenue on an equitable basis in order to ensure the proper exercise of the rights of learners to education and the redress of past inequalities in educational provision.”*

Hierdie beginsel begrond dus die nasionale norme en minimum standaarde vir openbare skoolbefondsing. Die nasionale Ministerie van Onderwys se personeelbeleid vir skole behels die volgende sleutelbeginsels;

- “ (a) schools must be supplied with an adequate number of educator and non-educator personnel*
- (b) such staff members must be equitably distributed according to the pedagogical requirements of the schools, and*
- (c) the cost of personnel establishments must also be sustainable within provincial budgets.”*

Bogenoemde sleutelbeginsels se sukses sal dus hoofsaaklik bepaal word deur die akkurate bepaling van die skole se ekonomiese agtergronde, sterk- en swakpunte ten opsigte van bestuur van skole en die deurlopende monitering van die behoeftes ten einde te neig na die verlangde/ gewenste begrotingsituasie. Tans rus die onus op skole self om spesifieke behoeftes aan die provinsiale onderwysdepartemente bekend te maak en bestaan daar nie 'n forum waardeur skoolhoofde kollektief begrotingskwessies kan aanspreek en gesamentlik beleidsaspekte kan benader nie.

Nie-onderwys personeel op skoolvlak wat oneweredig manifesteer veral in voorheen benadeelde skole en klein skole het oor dekades bygedra tot groot onderwystekortkominge in skole wat arm gemeenskappe dien. Die eweredige

voorsiening van nie-onderwys personeel hou 'n groot uitdaging vir die provinsiale onderwysdepartement in wat slegs met tyd uitfaseer kan word. Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) doen aan die hand dat hierdie uitdaging in konsultasie met provinsiale onderwysdepartemente, ander staatsdepartemente en werkersunies aangepak moet word. Die behoeftebepaling van die aanstel van nie-onderwyspersoneel lê grootliks by skole self en 'n ontkenning hiervan kan skole steeds in 'n ontmagtigende situasie hou ten opsigte van die behoefte aan nie-onderwys personeel.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) bepaal ook dat die nasionale Ministerie van Onderwys nie besluit oor die bedrae wat jaarliks aan provinsiale onderwysdepartemente toegeken word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die provinsiale regerings en wetgewers. Elke provinsie bepaal dus sy eie vlak van besteding op onderwys in verhouding tot sy algehele assessering van behoeftes en hulpbronne.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996b) ook bepaal dat beheerliggame van openbare skole hul bes kan doen om kwaliteit van onderwys in skole te verhoog deur fondswerwing word daardeur ook 'n groter diskrepans geskep tussen voorheen benadeelde skole en voorheen bevoordeelde skole. Die huishoudelike inkomste in die Suid-Afrikaanse samelewing is reeds hoofsaaklik gefragmenteerd op 'n etniese (ras) basis en dra daartoe by dat skole in die middelklas woonbuurte ook voorheen bevoordeelde skole is wat as gevolg van die ouers se hoër huishoudelike inkomste, ekonomiese hulpbronne en hoër onderwyspeil beter toegerus is om deur fondswerwing by te dra tot beter kwaliteit onderwys. Daarenteen is skole in die lae-inkomste woonbuurte hoofsaaklik voorheen benadeelde skole wat as gevolg van die ouers se lae huishoudelike inkomste, 'n gebrek aan ekonomiese hulpbronne en lae onderwyspeil swak toegerus is om deur fondswerwing by te dra tot beter kwaliteit onderwys.

De Vries (2004b) berig dat met die huidige beleid oor skoolgeld die onafhanklikheid en gehalte van voormalige model C-skole beskerm word deur

politici sonder dat die oorwegend swart kiesers (wat die meerderheid van die bevolking uitmaak) in ag geneem word. Betaling van skoolgeld stel wit skole steeds in staat om onderwys van gehalte te bied en hul onderwyskoste aan te vul, terwyl skole in arm gemeenskappe nie hulpbronne op dié manier kan verbeter nie. Vally (2004) bepleit die algehele skapping van skoolgeld omdat skoolgeld 'n vorm van apartheid in die hand werk wat deur klas eerder as ras bepaal word. Alhoewel ouers deur die beheerliggaam inspraak het in die skoolgeld wat hulle moet betaal, word die koste van onderwys juis afgeskuif op diegene wat dit die minste kan bekostig.

Bogenoemde uitdagings is ook deel van die dilemma waarmee die Noordwes Departement van Onderwys te kampe het (vergelyk 3.5.1).

### **3.5.3.2 *Analisering van meetinstrumente aangaande demografiese data van die teikengroep***

Vir die onderwysvoorsieningsproses is dit baie belangrik dat relevante demografiese meetinstrumente vir die onderwysstelsel gebruik word. 'n Kritiese blik op die betroubaarheid en geldigheid van die onderwysdepartement se proses van data-insameling is noodsaaklik indien daar beweeg moet word na optimale prosessering van demografie in die onderwysstelsel.

Die jaarlikse EMIS- (*Education Management and Information Service*) meetinstrument (vergelyk bylaag B) vir gewone skole word deur die onderwysdepartement as die hoofbron van inligting gebruik in die vaslé van demografiese data. Die instrument verskaf voldoende inligting van skole aan die onderwysdepartement. Die opname dek aspekte soos leerder-en opvoedergetalle, geslag, tale, buitemuurse aktiwiteite, vakke, opleidings-behoefte van personeel, finansies van skole, die fisiese toestand van skole ensomeer. Dit is 'n goeie metode om data in te win aangaande opvoeder- en leerdergetalle vir die onderwysdepartement., maar sekere aspekte omtrent

hierdie meetinstrument kan heroorweeg of verder ondersoek word, onder andere:

- Data wat ingeskryf word, word soms mondelings by leerders afgeneem in skole. In die geval van primêreskoolleerders is hierdie metode nie betroubaar genoeg nie. Primêreskoolleerders verstaan nie die vrae goed genoeg nie. Hierdie metode lewer daarom nie betroubare inligting nie.
- Daar is leemte in die meetinstrument aangaande die betroubare vasstelling van die leerders se sosio-ekonomiese agtergrond. Die vraag op bladsy 18 (vergelyk bylaag B) vra na: "*number of learners that you are aware of who are registered for a social grant*". Die woorde "*aware of*" impliseer dat 'n akkurate getal nie gevra word nie, en die opvoeder of skoolhoof kan die indruk kry dat die onderwysdepartement 'n skatting soek. Skakeling met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is noodsaaklik om hierdie data akkuraat te bepaal. Slegs die vermelding van die werklike getal leerders in die verskillende sosio-ekonomiese agtergronde, kan vir die onderwysdepartement betroubare inligting bied waarop die kwantielplasing (vergelyk 3.5.1) van skole gebaseer kan word.
- Indien leerders wel geregistreer is vir die maatskaplike toelaag, is dit ook nie 'n ware refleksie van die huishoudelike inkomste nie. Baie ander faktore kan huishoudelike inkomste bepaal.
- Daar is nie vrae aangaande die ware huishoudelike inkomste in die meetinstrument nie. Aspekte wat ontbreek in die meetinstrument is onder andere beroepe van broodwinners, onderwyspeil van broodwinners, hoeveelheid werkloses in die huisgesin en aantal afhanklikes in die huisgesin.
- Vraag nommer 4.13 op bladsy 30 van bylaag B, bied te min opsies aangaande die opleidingsbehoefte van personeel. Opleidingsbehoefte sal hoofsaaklik bepaal word deur die sosio-ekonomiese agtergrond van die leerders in 'n spesifieke skool.

- Vraag nommer 5.9 op bladsy 31 van bylaag B, bied meer opsies, maar is steeds beperkend aangaande spesifieke opleidingsbehoefes van opvoeders. Die identifisering van spesifieke opleidingsbehoefes bepaal die effektiwiteit van die meetinstrument.

Die in agneming van al bogenoemde aspekte sal die departementele demografiese meetinstrument betroubaarder en geldiger maak. Die akkurate vasstelling van leerders se sosio-ekonomiese agtergrond kan die onderwysdepartement instaat stel om toereikende beplanning en voorsiening te optimaliseer.

### **3.6 SAMEVATTING**

Die bepaling van demografiese eise in onderwysstelselverband voeg 'n nuwe dimensie toe tot toereikende onderwysvoorsiening. Die komplekse aard van demografie as eksterne determinant van die onderwysstelsel plaas groot druk op die bestaande instrumente en meganismes van die Noordwes Departement van Onderwys ten opsigte van die prosessering van demografie in die onderwysstelsel.

Die beskouing van demografie in die nasionale konteks behoort 'n provinsiale onderwysdepartement perspektief te gee ten opsigte van prioriteitsbepaling in die onderwysstelsel. Soos uitgelig in die hoofstuk moet hierdie nasionale blik gekombineer word met die provinsiale demografiese tendense.

'n Ondersoek na die beleidsimplikasies ten opsigte van demografie is van kardinale belang om 'n oriëntasie van die werklike belewenisse van skole te verkry. Dit is duidelik uit die hoofstuk dat demografiese eise die huidige beleidsraamwerk om verwerp op skoolvlak. Die posvoorsieningsformule en die Skoolbefondsingsmodel word ernstig geraak deur demografiese eise. 'n Onderwysstreek-benadering kan moontlik help om die impak van demografie op die onderwysstelsel te minimaliseer.

Uit voorafgaande bespreking kan afgelei word dat demografiese begrip binne onderwysstreekverband die naaste hoop bied ten opsigte van die nodige insig van demografie in die onderwysstelsel. Die aanpasbaarheid van die onderskeie komponente van die onderwysstelsel blyk die grootste uitdaging te wees vir die onderwysvoorsiener.

Hierdie hoofstuk het gefokus op die aard en omvang van demografie in onderwysstelselverband en die demografiese eise beklemtoon. In die volgende hoofstuk word demografiese eise aan die onderwysstelsel bespreek aan die hand van 'n empiriese ondersoek. Die belewenisse op skoolvlak word uitgelig deur die bespreking.

---

---

## HOOFSTUK 4

---

---

### EMPIRIESE NAVORSING

#### 4.1 INLEIDING

Volgens die navorsingsdoelstellings in hoofstuk 1 moet hierdie studie demografie as determinant van die onderwysstelsel blootlê, met die oog op die ontwikkeling van 'n model om demografiese eise te begryp en proaktief te benader. Hoofstukke 2 en 3 fokus op beide die aard en omvang van demografie as determinant van die onderwysstelsel en die prosesseringsimplikasies vir onderwysvoorsieners.

Uit die literatuur (vergelyk 2.4.2 tot 2.5.4) blyk dit duidelik dat die meeste onderwysstelsels wêreldwyd staatmaak op krisisbestuur van die demografiese eise op die onderskeie onderwysstelsels. 'n Toereikende ondersoek na die aard en omvang van demografie binne die onderwysstelsels ontbreek grootliks en onderwysvoorsieners (onderwysdepartement) word voortdurend gekonfronteer met "skielike" demografiese realiteite. Regerings benader die demografiese imperatiewe (vergelyk tabel 2.1) as getalle en gevolglik is die demografiese elemente nie so 'n bestuurs- en beplanningsprioriteit as wat dit behoort te wees nie. Die neiging van onderwysvoorsieners om hoofsaaklik opvoeder- en leerdergetalle slegs in die konteks van die bestaande begrotingsbeleid te benader lei noodwendig tot die ontwrigting van die begrotingsbeleidsdoelwitte in onderwysstelsels.

Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel worstel sedert 1994 met die konsolidering van die demokratiese onderwysbeleide en ervaar daarbenewens ook nog grootskaalse demografiese eise. Die onvoorspelbare bevolkingsgroei, in sekere onderwysstreke (vergelyk 2.5.2), die uitdagende en verwarrende impak van

MIV/Vigs (vergelyk 3.2) op die onderwysstelsel, die onrusbarende tendense wat betref opvoederattrisie (vergelyk 3.3), die oplos van agterstande ten opsigte van hulpbronne en fasiliteite (vergelyk 3.3) is nie slegs kenmerkend van die nasionale stand van sake nie, maar weerspieël ook grootliks die dilemma van die Noordwesprovinsie, soos uitgelig in hoofstuk 3.

Hierdie ondersoek is dus onderneem om 'n holistiese begrip van demografie as determinant van die onderwysstelsel te ontwikkel en om met gewenste inisiatiewe (soos 'n model vir prosessering van demografie en 'n demografiese voorstel) vorendag te kom ten einde onderwysstelsels wêreldwyd te pantser vir die ontnugterende demografiese uitdagings.

Hierdie hoofstuk beskryf die empiriese ontwerp van die studie waarvoor vraelyste as navorsingsmetode gekies is vir die insameling van data oor die demografiese eise op die onderwysstelsel en die manier waarop die onderwysstelsel aan die demografiese eise beantwoord (vergelyk bylaag A).

Die protokol van hierdie studie word vervolgens verduidelik, waarna die resultate en interpretering van die data bespreek word.

---

## **4.2 DIE ONDERSOEKMETODE**

Die ondersoekmetode pas by die navorsingsdoelstellings aangesien skoolhoofde, wat die rol van plaaslike bestuurders in die opvoedingsproses vervul, as respondente gebruik word om enersyds 'n geldige en betroubare beeld te verkry van die impak van demografie op die onderwysstelsel en andersyds om gewenste prosesseringsriglyne vir die hantering van demografie daar te stel.

### **4.2.1 Populasie en steekproef**

Omdat die studiepopulasie verteenwoordigend van die teikenpopulasie moet wees, is daar besin oor die mees toepaslike en verteenwoordigende wyse van

steekproefneming en is daar in hierdie navorsing van 'n gestratifiseerde ewekansige steekproef gebruik gemaak.

#### **4.2.1.1 Gestratifiseerde ewekansige steekproef**

Volgens Smit (1992:85) en Leedy en Ormrod (2001) is gestratifiseerde ewekansige steekproefneming van toepassing wanneer die studiepopulasie ongelyksoortig is met betrekking tot die studieprobleem en vooraf ingedeel moet word in 'n aantal nie-oorvleuelende groepe of strata, wat min of meer homogeen is ten opsigte van die betrokke verskynsel wat ondersoek word. Aangesien Suid-Afrikaanse primêre skole steeds die nalatenskap van die pre-demokratiese rasgebaseerde onderwysstelsel het, manifesteer demografiese imperatiewe nog grootliks verskillend ten opsigte van die spesifieke historiese agtergrond van die verskillende skole. Juis daarom is 'n verteenwoordigende gestratifiseerde steekproef (N=150) uit al die primêre skole in die Noordwesprovinsie getrek, met die volgende homogene strata in gedagte:

- die vyf onderwysstreke in die Noordwesprovinsie,
- stedelike-, dorp- en plattelandse skole,
- Afrikaans-, Engels- en Swart talige skole van die provinsie.

Tabel 4.1 dui die hoeveelheid vraelyste (uitgestuur en terugontvang) aan.

**Tabel 4.1: Steekproefgrootte en terugvoerespons**

	<b>Steekproef</b>	<b>Vraelyste terug ontvang</b>
Platteland	85	71
Dorp/Stedelik	65	33
Totaal	150	104

## **4.2.2 Administratiewe prosedure**

Toestemming vir die navorsing is verkry van die Superintendent-generaal van Onderwys van die Noordwesprovinsie (vergelyk bylaag C). Nadat daar met kringinspekteurs van die provinsie geskakel is, is opvoeders in die Noordwesprovinsie gebruik om vraelyste aan skoolhoofde volgens die gekose strata (vergelyk 4.2.1.1) te versprei. Opvoeders is eers in 'n informele werkswinkel georiënteer om die agtergrond van die studie te verstaan en ook om insig in die vrae van die vraelys te verkry om sodoende alle onduidelikhede uit die weg te ruim. Die navorser het egter opgetree as die primêre bron van inligting vir die respondente.

Nadat die vraelyste voltooi is, is dit oorhandig aan die Statistiese Konsultasie diens van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) vir statistiese ontleding.

## **4.2.3 Struktuur van die vraelys**

### **4.2.3.1 Begripsomskrywing**

Huysamen (1993, 127-142) identifiseer die volgende meetinstrumente wat gebruik kan word om verlangde inligting te verkry:

- **Gestandaardiseerde toetse**

Gestandaardiseerde toetse dui op 'n versameling take waarvan die inhoud, toepassing en nasien van die verkrygte response, dieselfde is ongeag wie dit toepas, op wie dit afgeneem word en wie dit nasien.

- **Gesommeerde of Likertskale**

Vir die doel van hierdie studie is daar van 'n vierpunt Likertskaal gebruik gemaak (vergelyk bylaag A) om die houding en menings van respondente teenoor bepaalde stellings en/of situasies te bepaal naamlik:

1	2	3	4
Geensins	Mindere mate	Redelike mate	In totaliteit

- **Vereistes waaraan 'n vraelys moet voldoen**

Volgens Ary *et al.* (1996:429) en Vockell (1993:78-87) moet die struktuur van die vraelys aan sekere vereistes voldoen, naamlik:

- Vraelyste moet voldoende inligting verskaf.
- Die vraelys moet interessant wees.
- Vrae moet sinvol saamgestel wees sodat dit so eenvoudig as moontlik ingevul kan word.
- Die vraelys moet nie te lank wees nie.
- Bondige en duidelike instruksies moet op die vraelys voorkom.
- Alle items op die vraelys sowel as die bladsye moet numeries gerangskik wees.

Volgens Wolf (1988:479) is die vraelys as meetinstrument op drie aannames gebaseer, naamlik dat die respondent:

- geletterd is en gevolglik die vrae of items kan lees en verstaan;
- oor die nodige informasie beskik ten einde die vrae of items te beantwoord;  
en
- gewillig is om die vrae of items eerlik te beantwoord.

- **Voordele van die gebruik van vraelyste as ondersoekmetode**

Voordele en nadele by die gebruik van vraelyste soos deur Vockell (1983:78-86), Gall *et al.* (1996:241, 289-291) en Neuman (1997:251-252) uitgelig is, is in aanmerking geneem in hierdie navorsing.

#### **4.2.3.2 Uitleg van vraelys**

##### **Afdeling A (Biografiese en ander relevante gegewens)**

In Afdeling A van die vraelys poog die navorser om 'n beeld te verkry van die respondente asook van die skole wat deur hierdie respondente bestuur word. Die navorser maak in hierdie afdeling voorsiening vir alle moontlikhede vir die betrokke respondente (skoolhoofde) binne die raamwerk van die doel van die ondersoek. Hierdie moontlikhede behels die volgende:

Vraag 1: Jare ervaring as skoolhoof.

Vraag 2: Hoogste akademiese kwalifikasies.

Vraag 3: Getal departementeel aangestelde opvoeders.

Vraag 4: Getal beheerliggaamaangestelde opvoeders.

Vraag 5: Getal leerders in skool.

Vraag 6: Onderwysstreek

Vraag 7: Geografiese gebied

Vraag 8: Status van onderrigmedium

Vraag 9: Medium/media van onderrig

Vraag 10: Ekonomiese gebeure in omgewing wat demografiese aard beïnvloed.

##### **Afdeling B**

Vrae in hierdie afdeling probeer die begrip en affiniteit van die skoolhoofde teenoor die hantering van demografie in onderwysstreekverband bloot lê.

- Vraag 11: Betrokkenheid van skoolhoofde by demografiese beplanning.
- Vraag 12: Bemagtiging van skoolhoofde ten opsigte van die hantering van demografie.
- Vraag 13: Bemagtiging van skoolbesture ten opsigte van die hantering van demografie.
- Vraag 14: Bemagtiging van skoolbeheerliggame ten opsigte van die hantering van demografie.
- Vraag 15: Aanwending van kundiges.
- Vraag 16: Aanwending van navorsing.
- Vraag 17: Ontwikkeling van beplanningskapasiteit van skoolbesture.
- Vraag 18: Interskool skakeling.
- Vraag 19: Interdepartementele skakeling.
- Vraag 20: Inagneming van fluktuerende aard van skoolbevolking.
- Vraag 21: Inagneming van ekonomiese gebeure.
- Vraag 22: Inagneming van sosiale/maatskaplike gebeure.
- Vraag 23: Aanwending van taakspanne/forums.
- Vraag 24: Bemagtiging van skole ten opsigte van finansiële bestuur.
- Vraag 25: Inagneming van bevolkingsgroei in beplanningsaktiwiteite.

### **Afdeling C**

In Afdeling C word gepoog om skoolhoofde se persepsies aangaande die demografiese impak op skole te bepaal.

---

#### **C1: Beleidsaspekte**

- Vraag 26: Toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op Grondslagfase.
- Vraag 27: Toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op Intermediêre fase.
- Vraag 28: Toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op Senior fase.
- Vraag 29: Effektiwiteit van die Skoolbefondsingsmodel (kwantielplasing).

- Vraag 30: Heroorweging van kwantielplasing
- Vraag 31: Inagneming van drastiese verandering in leerdergetalle.
- Vraag 32: Inagneming van bewegingsaspekte.
- Vraag 33: Inagneming van bestuurskapasiteit van beheerliggaam.
- Vraag 34: Invloei van veeltalige leerders.
- Vraag 35: Vasstelling van ekonomiese agtergrond van leerders.
- Vraag 36: Effektiwiteit van artikel 21 /nie-artikel 21-status.

**C2: Administratiewe aspekte**

- Vraag 37: Invloed van getalle op die bestuur van opvoeders.
- Vraag 38: Invloed van getalle op kurrikulumhantering.
- Vraag 39: Invloed van getalle op onderrigmedium.
- Vraag 40: Invloed van getalle op begroting van skool.
- Vraag 41: Invloed van getalle op fondswerwingsaktiwiteite.
- Vraag 42: Invloed van getalle op aanstelling van beheerliggaambetaalde opvoeders.
- Vraag 43: Invloed van getalle op bestuur van opvoeders.
- Vraag 44: Invloed van getalle op ondersteuningsdienste vir onderriggewers.
- Vraag 45: Invloed van getalle op ondersteuningsdienste vir leerders.
- Vraag 46: Invloed van getalle op onderrigaktiwiteite.
- Vraag 47: Invloed van getalle op sekuriteit van die skool.
- Vraag 48: Invloed van getalle op dissipline.
- Vraag 49: Invloed van getalle op skakeling tussen skool en Departement van Onderwys.

## **Afdeling D:**

In hierdie afdeling van die vraelys word gepoog om skoolhoofde se mening vas te lê aangaande die evaluering van hantering van demografies in die onderwysstelsel in onderwysstreekverband:

Vraag 50: Inagneming van bevolkingsgroeikoers in die hantering van demografies.

Vraag 51: Mate van akkommodering van bevolking deur skole.

Vraag 52: Mate van druk op skole ten opsigte van leerdergetalle.

Vraag 53: Invloed van migrasie tussen skole op akkommodasie-kapasiteit.

Vraag 54: Inagneming van migrasie (platteland na stede) vir beplanning.

Vraag 55: Inagneming van migrasie binne stedelike gebiede vir beplanning.

Vraag 56: Inagneming van migrasie binne plattelandse gebiede vir beplanning.

Vraag 57: Voorsiening vir multikulturele aard van skoolbevolking.

## **4.3 RESULTATE, INTERPRETERING VAN DATA EN BESPREKING**

### **4.3.1 Inleiding**

Die resultate van die empiriese ondersoek word in hierdie afdeling bespreek aan die hand van die navorsingsontwerp van afdeling 4.2. Die relevante bevindinge word daarna beskryf. Alle respondente het egter nie op elke vraag gerespondeer nie. Dit word aangetoon by elke relevante tabel.

In afdeling 4.2 is die meetinstrument en die prosedures beskryf om die data te bekom.

### 4.3.2 Interpretering van biografiese besonderhede (en ander relevante data)

In hierdie afdeling word die biografiese besonderhede van die respondente geïnterpreteer. Aspekte soos die hoeveelheid opvoeders en die soorte skole wat deur die respondente bestuur word, word ook hier hanteer.

**Tabel 4.2: Biografiese besonderhede van skoolhoofde en skole**

Item	Biografiese gegewens		f	%
1.	Jare ervaring as skoolhoof	0-5	23	22,2
		6-10	29	27,8
		11-15	26	25
		16-20	14	13,5
		Meer as 20 jaar	12	11,5
	<b>Totaal</b>		<b>104</b>	<b>100</b>
2.	Hoogste kwalifikasie	Diploma	35	33,6
		Graad	16	15,3
		Graad+Diploma	20	19,2
		Honneurs	22	21,1
		Meesters	10	9,6
		Doktor	1	0,9
*3.	Departementeel aangestelde opvoeders	Minder as 10	49	49
		11-20	31	31
		21-30	12	12
		Meer as 31	8	8
	<b>Totaal</b>		<b>100</b>	<b>100</b>
*4.	Beheerliggaamaangestelde opvoeders	0	72	69,2
		1-5	27	25,9
		6-10	1	0,9
		11-15		
	<b>Totaal</b>		<b>100</b>	<b>96</b>

Item	Biografiese gegewens		f	%
*5.	Leerders	Minder as 100	12	11,8
		101-200	10	9,9
		201-300	16	15,8
		301-400	10	9,9
		401-500	8	7,9
		501-600	12	11,8
		601-700	11	10,8
		701-800	5	4,9
		801-900	6	5,9
		901-1000	1	0,9
		1001-2000	10	9,9
		Meer as 2000		
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,5</b>
6.	Onderwysstreek	Bojanala-Oos	19	18,3
		Bojanala-Wes	21	20,2
		Sentraal	21	20,2
		Suid	19	18,3
		Bophirima	24	23
	<b>Totaal</b>		<b>104</b>	<b>100</b>
*7.	Geografiese gebied	Platteland	71	68,2
		Dorp/Stedelik	30	28,8
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>97</b>
*8.	Tipe onderrigmedium	Enkelmedium	45	44,1
		Dubbelmedium	54	52,9
		Parallelmedium	3	2,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,9</b>
9.	Medium van onderrig	Afrikaans	3	2,8
		Engels	46	44,3
		Tswana	11	10,6
		Afrikaans+Engels	2	1,9
		Tswana+Engels	42	40,4
	<b>Totaal</b>		<b>104</b>	<b>100</b>
10.	Ekonomiese gebeure met invloed op demografie	Toename in boerdery	53	66,2
		Afname in boerdery	27	33,7

\* Die totale steekproef het nie op die vraag gerepondeer nie.

*Vraag 1:* Uit tabel 4.2 blyk dit dat 75% van die respondente tussen 0 en 15 jaar ervaring as skoolhoof het en blootstelling het ten opsigte van die nuwe (post-demokratiese) onderwysbeleide. Hierdie skoolhoofde het dus 'n aantal jare gehad om as bestuurder die uitwerking van die nuwe onderwysbeleide op skoolvlak te ervaar, te interpreteer en te evalueer teen die demografiese realiteite van hierdie skole. Daarbenewens het 50% van die skoolhoofde blootstelling gehad aan beide pre- en post-demokratiese onderwysbeleide in die posisie van skoolhoof.

*Vraag 2:* Die kwalifikasieprofiel van die respondente is redelik eweredig versprei tussen die kategorieë en 33,7% van die respondente beskik oor 'n onderwysdiploma as hoogste kwalifikasie.

*Vraag 3:* 49% van die skole het minder as 10 departementeel aangestelde opvoeders, wat aandui dat die skole nie meer as 300 leerders het nie. Slegs 8% van die skole het meer as 31 departementeel aangestelde opvoeders van die betrokke skole met meer as 800 leerders. Vier van die respondente het nie op die vraag geantwoord nie.

*Vraag 4:* Uit Tabel 4.2 is dit duidelik dat die meeste skole, 72%, nie beheerliggaamaangestelde opvoeders het nie. Dit dui op die feit dat hierdie skole nie genoeg fondse het om salarisse self te kan betaal nie. 27% van die skole het tussen 1 en 5 sulke opvoeders en slegs een skool het tussen 6 en 10 sulke opvoeders. Hierdie statistiek toon duidelik dat slegs 'n baie klein persentasie skole enigsins beheerliggaamaangestelde opvoeders kan bekostig.

Vier skole het nie op die vraag geantwoord nie.

*Vraag 5:* Ten opsigte van die getal leerders aan skole is dit interessant om te merk dat die grootte van skole (getal leerders) redelik wissel en dat die grootte van skole baie wisselend is. Hierdie tendens kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die nuwe onderwysbeleide wat bepaal dat alle skole toegang moet bied ongeag leerders se agtergrond (ras). Die nuwe onderwysbeleide staan ook nie

die instandhouding van ineffektiewe skole voor nie. Drie respondente het nie op die vraag geantwoord nie.

*Vraag 6:* Tabel 4.2 toon dat die vyf onderwysstreek van die Noordwesprovinsie redelik verteenwoordig was in die steekproef. Vier respondente het nie op die vraag geantwoord nie, moontlik omdat hulle nie uitsluitel het oor die nuwe onderwysstreek se indelings sedert 2004 nie.

*Vraag 7:* 70,3% van die skole het aangedui dat hulle in 'n plattelandse omgewing gevestig is, terwyl slegs 29,7% aangedui het dat hulle in 'n dorp of stedelike gebied gevestig is. Drie respondente het die vraag nie beantwoord nie en is moontlik onseker hoe om die geografiese streek waarin die skool geleë is te beskryf.

*Vraag 8:* Ten opsigte van die tipe status van die onderrigmedium van die betrokke skole het 44,1% aangedui dat 'n enkelmedium van onderrig geld. 52,9% van die skole val in die kategorie van dubbelmedium. Dit beskryf duidelik die migrasie wat tussen skole plaasvind. Leerders oefen dus hul reg uit om skole van hul keuse by te woon, wat soms kan lei tot dubbelmedium onderrig. Slegs 2,9% van die skole het aangedui dat parallelmedium die status van die onderrigtaal is. Dit dui op die feit dat baie min skole al vir 'n lang tyd leerders van verskillende tale toelaat. Twee skole het nie op die vraag geantwoord nie.

*Vraag 9:* Volgens tabel 4.2 is 'n baie klein persentasie, 2,8%, van die skole Afrikaanstalig en 1,9% Afrikaans- en Engelstalig. Engelse skole beslaan die grootste persentasie (44,3%) van die steekproef met die Engels-Tswana-kombinasie die tweede grootste persentasie, naamlik 40,4%. Tswanasprekende skole maak net 10,6% van die steekproef uit. Engels en Tswana kan dus as die prominentste voertale van skole in die steekproef aanvaar word.

*Vraag 10:* In reaksie op vraag 10 het 66,2% van skoolhoofde aangedui dat 'n toename in boerdery aktiwiteite 'n invloed op demografiese veranderinge in die onderwysstreek uitoefen. 'n Beduidende persentasie skoolhoofde (33,7%) het

ook aangedui dat 'n afname in boerdery-aktiwiteite 'n invloed op die demografiese verandering van die onderwysstreek het.

Uit die biografiese data kan afgelei word dat die respondente redelik verteenwoordigend van die Noordwesprovinsie was, wat ook redelik verteenwoordigende demografiese aspekte van skole in die provinsie uitgebeeld het. Verskillende groottes skole (vergelyk vraag 5), streke (vergelyk vrae 6 en 7) en tale (vergelyk vrae 8 en 9) word redelik verteenwoordig in die data.

#### 4.3.3 Interpretering van data uit Afdeling B wat verband hou met die leiding en bestuur aan skoolhoofde ten opsigte van die hantering van demografie in streekverband

**Tabel 4.3: Mate van leiding en bestuur ten opsigte van die hantering van demografie vir skoolbesture**

Item			f	%
*11.	Is skoolhoofde betrokke by demografiese beplanning in die onderwysstreek?	Onvoldoende	33	31,7
		Onaanvaarbare mate	15	14,4
		Aanvaarbare mate	43	41,3
		Groot mate	10	9,6
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>97</b>
*12.	Word skoolhoofde bemaatig ten opsigte van die hantering van demografie in u onderwysstreek?	Onvoldoende	34	33,3
		Onaanvaarbare mate	14	13,7
		Aanvaarbare mate	48	47,0
		Groot mate	6	5,8
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>

Item			f	%
*13.	Word skoolbesture bemagtig ten opsigte van die hantering van demografie in u onderwysstreek?	Onvoldoende	42	41,5
		Onaanvaarbare mate	17	16,8
		Aanvaarbare mate	37	36,6
		Groot mate	5	4,9
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*14.	Word skoolbeheerliggaam bemagtig ten opsigte van die hantering van demografie in die onderwysstreek?	Onvoldoende	52	51,4
		Onaanvaarbare mate	17	16,8
		Aanvaarbare mate	27	26,7
		Groot mate	5	4,9
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*24.	Word skole bemagtig ten opsigte van finansiële bestuur in u onderwysstreek?	Onvoldoende	19	18,8
		Onaanvaarbare mate	9	8,9
		Aanvaarbare mate	56	55,4
		Groot mate	17	16,8
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,9</b>

\*Die totale steekproef het nie op dié vrae gerespondeer nie.

Vraag 11: Respondente het aangedui dat die betrokkenheid van skoolhoofde by demografiese beplanning heeltemal ontoereikend plaasvind. 32,7% meen dat hierdie betrokkenheid onvoldoende is, terwyl 'n verdere 14,8% aandui dat die betrokkenheid as onaanvaarbaar ervaar word. Leiding ten opsigte van betrokkenheid deur die onderwysdepartement stel dus nie skoolhoofde tevrede nie (vergeelyk 3.5.1). Skoolhoofde kan gevolglik neig om self demografiese veranderings te hanteer op 'n manier wat nie gewens is vir die administrasie van

die streek of provinsie nie (vergelyk 2.5.2). Drie respondente het nie die vraag beantwoord nie.

*Vraag 12:* Die bemagtiging van skoolhoofde om die demografiese impak op skole te hanteer word as meer belowend ervaar, aangesien 47,0% van die respondente dit as aanvaarbaar beskou. 'n Moontlike verklaring hiervoor is die feit dat die onderwysdepartement wel probeer om gereelde werkswinkels te hou om op skoolhoofde se knelpunte te fokus. Daar is steeds 'n beduidende persentasie (33,3%) wat hierdie bemagtiging as onvoldoende beskou (vergelyk 3.5.1). Slegs 'n baie klein persentasie (5,8%) meen dat hierdie bemagtiging in 'n groot mate plaasvind.

*Vraag 13:* Die bemagtiging van skoolbesture word oorweldigend as onvoldoende (41,5%) en onaanvaarbaar (16,8%) deur die respondente ervaar. Weereens is die persentasie wat die bemagtiging van skoolbesture in 'n groot mate ervaar baie klein (4,9%). Ten spyte van die onderwysdepartement se pogings aangaande bemagtiging, word ander lede van skoolbesture heel moontlik nie toereikend aan die werkswinkels blootgestel nie (vergelyk 3.5.1).

*Vraag 14:* Skoolbeheerliggame word in hierdie aspek van bemagtiging vir die hantering van demografie as onvoldoende ervaar deur meer as die helfte van die respondente (51,4%). 'n Verdere 16,8% beskou die bemagtiging as onaanvaarbaar. Slegs 26,7% van die respondente beskou die bemagtiging van beheerliggame as aanvaarbaar. Daar is dus nog 'n groot uitdaging in die ontwikkeling van die kapasiteit van beheerliggame ten opsigte van die hantering van demografie en samewerkingsbande op streeks- en munisipale vlak (vergelyk 2.5.2 en 3.5.1).

*Vraag 24:* Die bemagtiging van skole vir finansiële bestuur word belowend ervaar deur die meeste respondente. 55,4% van die respondente dui aan dat finansiële bemagtiging van skole aanvaarbaar geskied in die onderwysstreek. Slegs 8,9%

ervaar dit as onaanvaarbaar, terwyl 18,8% hierdie bemagtiging as onvoldoende ervaar. Skole is dus nog nie heeltemal tevrede met die doeltreffendheid van die artikel-21 of nie-artikel-21-status nie (vergelyk 3.5.3.1).

**Tabel 4.4: Mate van leiding en bestuur ten opsigte van die hantering van demografie met betrekking tot streekbeplanning**

Item			F	%
*15.	Word van kundiges (bv. strategiese beplanners) gebruik gemaak in u onderwysstreek om demografiese eise te help hanteer?	Onvoldoende	42	41,1
		Onaanvaarbare mate	32	31,4
		Aanvaarbare mate	26	25,4
		Groot mate	2	1,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*16.	Word van navorsingsinisiatiewe gebruik gemaak vir doeltreffende hantering van demografie in u onderwysstreek se skole?	Onvoldoende	40	39,2
		Onaanvaarbare mate	40	39,2
		Aanvaarbare mate	21	20,5
		Groot mate	1	0,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>

Item			f	%
*17.	Word beplanningskapasiteit van skoolbesture in u onderwysstreek ontwikkel om demografiese uitdagings effektief te hanteer?	Onvoldoende	32	31,3
		Onaanvaarbare mate	23	22,5
		Aanvaarbare mate	38	37,2
		Groot mate	9	8,8
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*18.	Vind interskoolskakeling plaas om demografiese eise die hoof te bied in u onderwysstreek?	Onvoldoende	42	41,1
		Onaanvaarbare mate	26	25,4
		Aanvaarbare mate	33	32,4
		Groot mate	1	0,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*19.	Vind skakeling plaas met ander staatsdepartemente om demografie in u onderwysstreek omvattend te hanteer?	Onvoldoende	36	34,6
		Onaanvaarbare mate	24	23,0
		Aanvaarbare mate	33	31,7
		Groot mate	9	8,7
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>97,9</b>
*20.	Word die fluktuierende aard van die skoolbevolking in ag geneem in die bestuur van demografie in u onderwysstreek?	Onvoldoende	28	27,4
		Onaanvaarbare mate	22	21,5
		Aanvaarbare mate	43	42,1
		Groot mate	9	8,8
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>

Item			f	%
*21.	Word ekonomiese gebeure in u onderwysstreek in ag geneem in die demografiese bestuur van skole?	Onvoldoende	26	25,4
		Onaanvaarbare mate	37	36,2
		Aanvaarbare mate	34	33,3
		Groot mate	5	4,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*22.	Word sosiale/maatskaplike gebeure in u onderwysstreek in ag geneem in die demografiese bestuur van die skole?	Onvoldoende	26	25,4
		Onaanvaarbare mate	25	24,5
		Aanvaarbare mate	48	47,0
		Groot mate	3	2,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*23.	Word van taakspanne/forums gebruik gemaak om 'n harmonie te bewerkstellig in die hantering van demografie in skole in u onderwysstreek?	Onvoldoende	36	34,6
		Onaanvaarbare mate	28	26,9
		Aanvaarbare mate	29	27,8
		Groot mate	8	7,7
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>97</b>
*24.	Word bevolkingsgroei/-daling in hierdie onderwysstreek in ag geneem in beplanningsaktiwiteite deur die Departement van Onderwys?	Onvoldoende	21	20,2
		Onaanvaarbare mate	22	21,2
		Aanvaarbare mate	39	37,5
		Groot mate	19	18,2
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>97,1</b>

\* Die totale steekproef het nie op die vraag gerepondeer nie.

*Vraag 15:* Die meeste respondente (41,1%) is onder die indruk dat daar onvoldoende gebruik gemaak word van kundiges in hul onderwysstreek om demografiese eise te help hanteer. Verder het 31,3% aangedui dat die gebruik van kundiges in 'n onaanvaarbare mate plaasvind, aangesien demografiese uitdagings nog gereeld beplanning by die skool beïnvloed. Slegs 25,4% is onder die indruk dat kundiges in 'n aanvaarbare mate aangewend word. 'n Baie klein persentasie respondente (1,9%) dink dat kundiges in 'n groot mate aangewend word en dat 'n poging tot omvattende vooruitbeplanning nodig is (vergelyk 2.5.2 en 3.5.1).

*Vraag 16:* Respondente dui aan dat navorsingsinisiatiewe 'n groot leemte is in die hantering van die demografie van die onderwysstreek, deurdat 39,2% dit as onvoldoende beskou en 39,2% dit in 'n onaanvaarbare mate ervaar. 20,5% dink navorsing word in 'n aanvaarbare mate aangewend en 0,9% dink dit word in 'n groot mate aangewend. Dié klein persentasie bevestig dat skoolhoofde nog ontevrede is oor die toereikendheid van navorsing op hierdie gebied. Die aanwending van navorsingsinisiatiewe bied daarom vir die onderwysdepartement 'n redelike uitdaging.

*Vraag 17:* Ten opsigte van die ontwikkeling van beplanningskapasiteit van skoolbesture ten opsigte van die hantering van demografie, voel 31,3% dat dit onvoldoende plaasvind, terwyl 'n verdere 22,5% dit in 'n onaanvaarbare mate ervaar. 'n Beduidende 37,2% dink dat hierdie ontwikkeling in 'n aanvaarbare mate plaasvind. Slegs 8,8% is onder die indruk dat die ontwikkeling in 'n groot mate plaasvind. Skoolhoofde beskou dus die ontwikkeling van beplanningskapasiteit van skoolbesture as 'n prioriteit vir toereikende hantering van demografie.

*Vraag 18:* Die meerderheid respondente (41,1%) meen dat interskool skakeling onvoldoende plaasvind om demografiese eise die hoof te bied. Dit beklemtoon ook die indruk van skoolhoofde dat interskoolskakeling belangrik geag moet word vir die hantering van demografie op plaaslike vlak. 25,4% het aangedui dat dit in

'n onaanvaarbare mate plaasvind. Verder het 32,5% aangedui dat interskool-skakeling in 'n aanvaarbare mate plaasvind. Slegs (0,9%) het aangedui dat interskoolskakeling in 'n groot mate plaasvind, wat die behoefte aan hierdie inisiatief vir skole beklemtoon (vergelyk 2.5.1 en 2.5.2).

*Vraag 19:* Die grootste persentasie (35,2%) respondente het aangedui dat skakeling met ander staatsdepartemente onvoldoende plaasvind. 'n Verdere 23,5% het aangedui dat hierdie skakeling in 'n onaanvaarbare mate plaasvind, terwyl 32,5% die mening huldig dat hierdie skakeling aanvaarbaar plaasvind. Slegs 8,8% is onder die indruk dat die skakeling in 'n groot mate plaasvind. 'n Moontlike verklaring vir hierdie swak skakeling is die uiteenlopende benadering tot uitdagings van die teikengroep (vergelyk 3.5.2 en 3.4.4.3).

*Vraag 20:* 27,4% van die respondente het aangedui dat die fluktuerende aard van die skoolbevolking onvoldoende in ag geneem word in demografiese bestuur in die onderwysstreek. Skole is dus in sekere areas en op 'n sekere tydstip nie heeltemal paraat vir die demografiese groei waarmee skoolbesture konfronteer word nie. 21,5% is onder die indruk dat dit in 'n onaanvaarbare mate plaasvind. 'n Beduidende persentasie respondente (42,1%) is onder die indruk dat die fluktuerende aard van die skoolbevolking in 'n aanvaarbare mate in ag geneem word. 8,8% van die respondente het aangedui dat hierdie inagneming in 'n groot mate geskied. Dit beklemtoon die feit dat demografiese gegewens in ag geneem moet word by onderwysbeplanning (vergelyk 2.5, 2.5.3 en tabel 2.11).

*Vraag 21:* 25,4% van die respondente het aangedui dat ekonomiese gebeure onvoldoende in ag geneem word in die demografiese bestuur van skole. 'n Beduidende 36,2% het aangedui dat dit in 'n onaanvaarbare mate plaasvind. 33,3% is onder die indruk dat ekonomiese gebeure in 'n aanvaarbare mate in ag geneem word, terwyl 4,9% dink dat dit in 'n groot gedoen word. Dus is 61,6% van die respondente van mening dat ekonomiese gebeure definitief meer in ag geneem moet word in die demografiese bestuur van skole. Dit stem ooreen met

die bespreking in paragrawe 2.5.2, 3.4.1.3 en 3.5.3.1 wat uitdagings aangaande ekonomiese gebeure waaraan die teikengroep blootgestel is beklemtoon.

*Vraag 22:* Ten opsigte van die inagneming van die maatskaplike gebeure in die onderwysstreek, dui 25,4% van die respondente aan dat dit onvoldoende geskied. 24,5% van die respondente meen die inagneming geskied in 'n onaanvaarbare mate. 'n Beduidende persentasie (47,0%) beleef hierdie inagneming van maatskaplike gebeure as aanvaarbaar, terwyl slegs 2,9% dit in 'n groot mate ervaar. Die oorgrote meerderheid (49,9%) is dus van mening dat die inagneming van die maatskaplike gebeure in die onderwysstreek van kernbelang is in die hantering van demografie. Hierdie sentiment word in paragrawe 2.5, 3.4.4.3 en 3.5.3.1, sowel as figuur 2.7 beklemtoon.

*Vraag 23:* Die meerderheid respondente (35,6%) is onder die indruk dat daar onvoldoende van taakspanne gebruik gemaak word om harmonie te bewerkstellig in die hantering van demografie in skole. 'n Verdere 27,7% meen dat dit in 'n onaanvaarbare mate plaasvind, terwyl 28,7% dit in 'n aanvaarbare mate ervaar. Slegs 7,9% van die respondente meen dat daar in 'n groot mate van taakspanne gebruik gemaak word in hierdie verband. Hierdie siening word bevestig in paragrawe 2.5.2 en 2.5.4 wat dui op die leemtes in veral die administratiewe aspekte van die hantering van demografie in die onderwysstelsel.

*Vraag 24:* Dit blyk dat 20,7% van die respondente meen dat bevolkingsgroei of -daling onvoldoende in ag geneem word vir beplanningsaktiwiteite deur die Departement van Onderwys. 21,7% van die respondente meen dat dit in 'n onaanvaarbare mate in ag geneem word, terwyl 38,6% aandui dat dit in 'n aanvaarbare mate geskied. 18,8% van die respondente meen dat bevolkingsgroei- of daling in 'n groot mate geskied. Die 42,4% van die respondente se siening wat hierdie mate van inagneming as ontoereikend beskou, stem ooreen met die besprekings in paragrawe 2.5.1, 2.5.2, 2.5.3, 3.4 en tabel 2.10. Hierdie

aspek bly steeds een van die grootste demografiese uitdagings vir onderwysbeplanners.

#### 4.3.4 Die interpretering van data uit Afdeling C handel ten opsigte van die beleidsimpak (C1) op die hantering van demografie by skole en die administratiewe hantering (C2) van demografie in skole

##### C1: Beleidsondersoek

Hierdie afdeling fokus op die Posvoorsieningsmodel en die Skoolbefondsingsmodel ten opsigte van demografiese eise by skole.

**Tabel 4.5 Demografiese impak in skoolverband: Beleidsfokus**

Item			F	%
*26.	Die toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op die Grondslagfase van u skool.	Swak	11	10,5
		Onbevredigend	27	25,9
		Bevredigend	47	45,1
		Goed	6	5,7
	<b>Totaal</b>		<b>91</b>	<b>87,2</b>
*27.	Die toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op die Intermediêre fase van u skool.	Swak	14	13,5
		Onbevredigend	35	33,6
		Bevredigend	40	38,5
		Goed	4	3,8
	<b>Totaal</b>		<b>93</b>	<b>89,4</b>

Item		F	%	
*28.	Die toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op die Senior fase van u skool.	Swak	8	7,7
		Onbevredigend	31	29,8
		Bevredigend	46	44,2
		Goed	3	2,8
	<b>Totaal</b>		<b>88</b>	<b>84,5</b>
*29.	Die effektiwiteit van die Skoolbefondsingsmodel (Kwantielplasing) op u skool.	Swak	20	19,8
		Onbevredigend	34	33,7
		Bevredigend	32	31,7
		Goed	15	14,6
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*30.	Die heroorweging van die skool se kwantielplasing indien getalle dit vereis.	Swak	31	30,6
		Onbevredigend	35	34,6
		Bevredigend	29	28,7
		Goed	6	5,9
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*31.	Die inagneming van drastiese toename of afname in leerdergetalle van jaar tot jaar vir die bepaling van skoolbefondsing.	Swak	26	25,4
		Onbevredigend	40	39,2
		Bevredigend	33	32,3
		Goed	3	2,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*32.	Die inagneming van bewegings (migrasie) aspekte van die skoolgemeenskap vir die bepaling van skoolbefondsing.	Swak	15	14,7
		Onbevredigend	56	54,9
		Bevredigend	28	27,3
		Goed	3	2,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>

Item		F	%	
*33.	Die inagneming van die bestuurskapasiteit van die beheerliggaam vir die bepaling van skoolbefondsing.	Swak	21	20,7
		Onbevredigend	26	25,7
		Bevredigend	46	45,5
		Goed	8	7,9
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*34.	Die inagneming van veeltalige leerders se invloed in die skool vir die bepaling van skoolbefondsing.	Swak	46	45,5
		Onbevredigend	23	22,7
		Bevredigend	27	26,7
		Goed	5	4,9
	<b>Totaal</b>		<b>101</b>	<b>99,8</b>
*35.	Die vasstelling van die leerders se ekonomiese agtergronde vir die kwantielplasing van die skool.	Swak	33	32,3
		Onbevredigend	31	30,3
		Bevredigend	37	36,3
		Goed	1	0,9
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,8</b>
*36.	Die effektiwiteit van die skool se artikel-21/nie-artikel-21-status vir hierdie skool.	Swak	19	18,6
		Onbevredigend	28	27,4
		Bevredigend	45	44,1
		Goed	10	9,8
	<b>Totaal</b>		<b>102</b>	<b>99,9</b>

\* Die totale steekproef het nie op die vraag gerepondeer nie.

Vraag 26: Die toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel word as swak ervaar deur 10,5% van die respondente, terwyl 'n verdere 25,9% van die respondente aandui dat dit onbevredigend is. 54,1% van die respondente ervaar hierdie toepaslikheid bevredigend terwyl slegs 5,7% dit as goed ervaar in die Grondslagfase van skole. Die Grondslagfase van skole bied dus duidelik groot uitdagings aangaande die akkommodering van vroeë skooltoetreders (vergelyk demografiese agtergrond van onderwysstreek van die Noordwesprovinsie, paragrawe 3.4.1.1 tot 3.4.4.1). Die Grondslagfase kan ook as die rigtinggewende

fase van die skool beskou word aangaande getalle van leerders en daarom bied dit administratiewe uitdagings soos aangetoon in 3.5.1.

*Vraag 27:* Ten opsigte van toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op die intermediêre fase van die skool, meen 13,5% van die respondente dat dit swak is. 33,6% beskou hierdie toepaslikheid as onbevredigend. Dit blyk dat 38,5% meen die toepaslikheid is bevredigend en slegs 3,8% meen dit is goed. Die intermediêre fase het dus ook unieke uitdagings aangaande die eise wat aan die skole gestel word in die hantering van getalle. Leerders bestudeer nou meer leerareas as in die Grondslagfase en 'n hele nuwe stel bestuurs- en administratiewe eise word aan die skool gestel (vergelyk 3.5.1).

*Vraag 28:* Volgens response op vraag 28 is 7,7% van die respondente van mening dat die Posvoorsieningsmodel swak van toepassing op die Senior fase van die skool is. 'n Beduidende 29,8% van die respondente ondervind hierdie toepaslikheid as onbevredigend. 44,2% van die respondente meen die toepaslikheid is bevredigend en slegs 2,8% meen dat hierdie toepaslikheid goed is. Die skole wat die toepaslikheid as goed ervaar sal tipies skole wees wat self opvoeders kan aanstel (vergelyk 2.5.2). Die oorgrote meerderheid skole is van mening dat die posvoorsieningsmodel tekort skiet in die Senior fase. Meer leerareas is ook van toepassing op hierdie skoolfase as die Intermediêre fase (vergelyk 3.5.1).

*Vraag 29:* 19,8% van die respondente ervaar die effektiwiteit van die Skool-befondsingsmodel as swak in skoolverband. 33,7% van die respondente ervaar die effektiwiteit as onbevredigend. Die feit dat 33,7% skole ontevrede is hiermee beklemtoon die sosio-ekonomiese uitdagings in skoolgemeenskappe wat direk 'n invloed uitoefen op die finansiële bestuur van skole. 'n Persentasie van 31,7% beskou hierdie effektiwiteit as bevredigend, terwyl 14,6% dit as goed ervaar. Aangesien sekere skole as nie-artikel-21-skole funksioneer, is dit moontlik dat van hierdie skole min probleme ondervind ten opsigte van die basiese infrastruktuur, aangesien die onderwysdepartement self sorg vir die finansiële

administrasie daarvan (vergelyk 3.5.3). 'n Ander moontlikheid waarom skole tevrede is met die Skoolbefondsingsmodel is omdat sekere skole self finansiële bydraes kan maak om te voorsien in die behoeftes van die skole.

*Vraag 30:* Die heroorweging van skole se kwantielplasing word deur 30,6% van die respondente as swak ervaar soos uitgelig in die bespreking in paragraaf 3.5.3. 'n Beduidende persentasie van 34,6% ervaar dit as onbevredigend. Hierdie tendens is toe te skryf aan die onverwagse migrasie wat plaasvind tussen skole, skoolstreke en provinsies in Suid-Afrika (vergelyk 3.4.1.3 en tabel 3.6). 28,7 % ervaar hierdie oefening as bevredigend. 'n Baie klein persentasie van 5,9% ervaar hierdie heroorweging as goed.

*Vraag 31:* Slegs 2,9% van die respondente beskou die mate waarin die drastiese toename of afname in leerdergetalle in ag geneem word vir skoolbefondsing as goed. 32,3% van die respondente beskou dit as bevredigend. 'n Groot persentasie van 39,2% meen hierdie inagneming vind onbevredigend plaas (vergelyk 2.5.2 en 3.5), terwyl 25,4% dit as swak ervaar.

*Vraag 32:* 'n Groot persentasie respondente meen die inagneming van migrasieaspekte van die skoolgemeenskap vir die bepaling van skoolbefondsing is swak (14,7%) en onbevredigend (54,9%). Suid-Afrika beleef tans uitdagings aangaande migrasie (vergelyk 3.2 en tabel 3.6) wat implikasies inhou vir onderwysstelselbeplanning op onderwysstreekvlak. 'n Persentasie van 27,4% beskou hierdie inagneming as bevredigend en slegs 2,9% ervaar dit as goed. 'n Provinsie soos die Noordwes (vergelyk 3.4.1.3) is onderworpe aan unieke migrasie-druk as gevolg van die boerdery-en mynbedrywe.

*Vraag 33:* Die inagneming van die bestuurskapasiteit van beheerliggame vir skoolbefondsing word deur 20,7% as swak ervaar, terwyl 'n verdere 25,7% dit as onbevredigend ervaar. Baie skoolbeheerliggame is verteenwoordigend van ouers wat plaasarbeiders is en uit die lae inkomstegroep van die bevolking kom. Ongeletterdheid en 'n gebrek aan ekonomiese hulpbronne kan moontlik leiding

ten opsigte van die bestuurskapasiteit vereis (vergelyk 3.2.2.3 en 3.4.4.3). Die respondente wat hierdie inagneming as bevredigend ervaar verteenwoordig 45,5% van die populasie, terwyl slegs 7,9% meen dat die inagneming goed is.

*Vraag 34:* 'n Groot deel van die populasie (45,5%) meen dat die inagneming van die veeltalige leerders wat in skole vloei swak is. Skole is onderworpe aan die dilemma van óf dubbelmedium onderrig toepas óf oorskakeling na parallelmedium wat kan lei tot die inperking van ander prioriteite (vergelyk 2.5.2 en 2.5.3). Meer opvoeders is gewoonlik nodig om huidige prioriteite te behou as daar terselfdertyd oorgeskakel word na dubbel- of parallelmedium (vergelyk 2.5.2 en 3.5.2). 'n Verdere 22,7% meen dat dit onbevredigend plaasvind. 26,7% van die respondente ervaar hierdie inagneming as bevredigend, terwyl 4,9% van die respondente meen dat die inagneming goed plaasvind.

*Vraag 35:* Ten opsigte van die vasstelling van die ekonomiese agtergrond van leerders vir kwantielplasingdoeleindes, beskou 32,3% van die respondente dit as swak. Soos reeds uitgewys in vraag 32, veroorsaak migrasie dat leerders skole van hul keuse bywoon en dat gemeenskaplike sosio-ekonomiese agtergrond nie meer as barometer kan dien vir die befondsing van skole nie. Diverse sosio-ekonomiese agtergronde is aan die orde van die dag by al hoe meer skole (vergelyk 2.5.2). 30,3% van die respondente meen hierdie vasstelling is onbevredigend. Die heroorweging van skole se kwantielplasing word 'n kritieke administratiewe plig om skole sover moontlik volgens hulle werklike ekonomiese stand in te deel in die kwantiele vir befondsing en hulpbronne (vergelyk 3.5.3). Die respondente wat hierdie vasstelling as bevredigend ervaar verteenwoordig 36,2% van die populasie, terwyl slegs 0,9% van die respondente dit as goed ervaar.

*Vraag 36:* Die effektiwiteit van skole se artikel-21- of nie-artikel-21-status word as swak ervaar deur 18,6% van die respondente, terwyl 'n verdere 27,4% dit as onbevredigend ervaar (vergelyk 3.5.3). 44,1% van die respondente beskou

hierdie status as bevredigend vir die skool en slegs 9,8% van die respondente beskou die effektiwiteit van die status as goed.

## C2: Administratiewe ondersoek

Hierdie afdeling fokus spesifiek op die administratiewe implikasie vir skole as gevolg van demografiese eise.

**Tabel 4.6: Demografiese impak in skoolverband: administratiewe fokus**

Item			F	%
*37.	Beïnvloed getalle die bestuur van opvoeders by die skool?	Baie groot mate	9	8,7
		Groot mate	27	25,9
		Onbevredigende mate	51	49,0
		Bevredigende mate	11	10,6
	<b>Totaal</b>		<b>98</b>	<b>94,2</b>
*38.	Beïnvloed getalle die kurrikulumhantering van hierdie skool?	Swak	6	5,7
		Onbevredigend	17	16,3
		Bevredigend	66	63,5
		Goed	9	9,1
	<b>Totaal</b>		<b>98</b>	<b>94,6</b>
*39.	Bepaal getalle die onderrigmedium van hierdie skool?	Swak	14	13,5
		Onbevredigend	14	13,5
		Bevredigend	51	49
		Goed	19	18,3
	<b>Totaal</b>		<b>98</b>	<b>94,3</b>

Item			F	%
		Onbevredigend	20	19,2
		Bevredigend	47	45,1
		Goed	19	18,2
	<b>Totaal</b>		<b>93</b>	<b>89,2</b>
*41.	Bepaal die getalle die fondswerwingsaktiwiteite van die skool?	Swak	19	18,3
		Onbevredigend	31	29,8
		Bevredigend	38	36,5
		Goed	11	10,6
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,2</b>
*42.	Bepaal getalle die aanstelling van beheerliggaambetaalde opvoeders by die skool?	Swak	41	39,4
		Onbevredigend	21	20,2
		Bevredigend	26	25
		Goed	11	10,6
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,2</b>
*43.	Beïnvloed getalle die bestuur van opvoeders by die skool?	Baie groot mate	15	14,4
		Groot mate	24	23,1
		Onbevredigende mate	47	45,2
		Bevredigende mate	13	12,5
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,2</b>
*44.	Plaas getalle druk op ondersteuningsdienste aan die onderrig-gewer?	Swak	20	19,2
		Onbevredigend	25	24,0
		Bevredigend	49	47,1
		Goed	5	4,8
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,1</b>

Item			F	%
*45.	Plaas getalle druk op ondersteuningsdienste aan die leerder?	Swak	16	15,3
		Onbevredigend	36	34,6
		Bevredigend	42	40,4
		Goed	4	3,8
	<b>Totaal</b>		<b>98</b>	<b>94,1</b>
*46.	Plaas getalle druk op ondersteuningsdienste aan onderrig-aktiwiteite?	Swak	26	25
		Onbevredigend	28	26,9
		Bevredigend	37	35,6
		Goed	4	3,8
	<b>Totaal</b>		<b>95</b>	<b>91,3</b>
*47.	Beïnvloed getalle die sekuriteit van die skool?	Swak	10	9,6
		Onbevredigend	19	18,3
		Bevredigend	57	54,8
		Goed	10	9,6
	<b>Totaal</b>		<b>96</b>	<b>92,3</b>
*48.	Beïnvloed getalle die dissipline van die skool?	Swak	10	9,6
		Onbevredigend	20	19,2
		Bevredigend	52	50,0
		Goed	17	16,3
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,1</b>

\* Die hele steekproef het nie op die vraag gerepondeer nie.

Vraag 37: Ten opsigte van die bestuur van opvoeders meen 8,7% van die respondente dat getalle in 'n baie groot mate bepalend is. Skoolhoofde baseer die aanwending van opvoeders op die getalle leerders in verskillende grade en fases (vergelyk 3.5.1). 'n Verdere 25,9% meen dat hierdie invloed in 'n groot mate plaasvind. 49% van die respondente beskou die invloed van getalle op die bestuur van opvoeders as onbevredigend aangesien baie uitdagings ervaar word aangaande die Posvoorsieningsmodel soos uitgelig in tabel 4.5. Slegs 10,6% meen hierdie invloed vind op 'n bevredigende mate plaas.

*Vraag 38:* Slegs 5,7% van die respondente meen dat getalle in 'n baie groot mate kurrikulumhantering beïnvloed. 16,3% meen dat getalle in 'n groot mate 'n invloed het en 63,5% beskou hierdie invloed as onbevredigend. 'n Beduidende persentasie voel dus dat getalle wel druk plaas op kurrikulumhantering. Die implementering van die Hersiene Nasionale Kurrikulum verklaring (HNKV) is een aspek wat sonder twyfel groot implikasies aangaande die beheersing van die leerareas en die groot getalle in klasse meebring. Net 9,1% van die respondente meen dat die invloed van getalle op kurrikulumhantering bevredigend is.

*Vraag 39:* Ten opsigte van die onderrigmedium, meen 13,5% dat getalle dit in 'n baie groot mate bepaal. 13,5% van die respondente meen ook dat dit in 'n groot mate bepalend is vir die blote feit dat leerders keuses het aangaande medium van onderrig en ook aangesien leerders die keuse uitoefen (vergelyk 2.5.2, 3.5.1, 3.2.2.3 en 3.5.2). 49,0% is van mening dat getalle die bepaling van die onderrigmedium onbevredigend beïnvloed en 18,3% beskou hierdie invloed as bevredigend.

*Vraag 40:* Slegs 6,7% van die respondente is van mening dat getalle die begroting van die skool in 'n baie groot mate beïnvloed. 19,2% van die respondente meen dat die invloed in 'n groot mate plaasvind. 'n Beduidende persentasie (45,1%) beskou die invloed as onbevredigend, aangesien dit 'n uitdaging is vir skole om self hulpbronne aan te vul. Daar bestaan dus redelike twyfel aangaande die sukses van die huidige befondsingsbeleide (vergelyk 3.4.4.3 en 3.5.3) wat op skoolvlak negatief ervaar word. 18,2% van die respondente beskou die invloed as bevredigend.

---

*Vraag 41:* Ten opsigte van fondswerwingsaktiwiteite meen 18,3% van die respondente dat getalle dit in 'n baie groot mate beïnvloed. 29,8% van die skoolhoofde meen dat getalle dit in 'n groot mate beïnvloed. Hoe meer leerders daar by 'n skool is, hoe groter is die druk op alle hulpbronne by die skool. Instandhouding van bestaande infrastruktuur moet prioriteit geniet in die begroting van skole ten einde nie opvoedkundige doelwitte te kompromitteer nie

(vergeelyk 3.5.1). 36,5 van die populasie beskou die invloed van getalle op fondswerwing as onbevredigend, terwyl net 10,6% meen dat hierdie invloed bevredigend is.

*Vraag 42:* Die oorgrote meerderheid skoolhoofde (39,4%) is van mening dat getalle beheerliggaambetaalde aanstellings in 'n baie groot mate beïnvloed. 'n Verdere 20,2% van die skoolhoofde meen dat getalle hierdie aanstellings in 'n groot mate bepaal. Skoolhoofde dui dus duidelik aan dat die aantal leerders meestal die moontlikheid van beheerliggaambetaalde opvoeders beïnvloed. 25% van die respondente ervaar hierdie invloed as onbevredigend, wat moontlik dui op leemtes in die befondsingsmodel (vergeelyk 3.5.3) terwyl slegs 10,6% van die respondente die invloed as bevredigend ervaar.

*Vraag 43:* Ten opsigte van die invloed van getalle op die bestuur van opvoeders, dui 14,4% van die respondente aan dat dit in 'n baie groot mate gebeur. 'n Verdere 23,1% is van mening dat hierdie invloed in 'n groot mate geld. 45,2% van die respondente meen dat hierdie invloed in 'n onbevredigende mate geld, wat ooreenstem met die bespreking in paragraaf 3.5.1. 12,5% meen dat dit 'n bevredigende invloed op die bestuur van opvoeders het.

*Vraag 44:* Volgens response meen 19,2% van die respondente dat getalle in 'n baie groot mate 'n invloed uitoefen op ondersteuningsdienste aan die onderriggewer. 24% meen dat hierdie invloed in 'n groot mate geld. Die meerderheid skoolhoofde (47,1%) is van mening dat getalle 'n onbevredigende invloed op ondersteuningsdienste aan die onderriggewer uitoefen. Die bespreking in paragraaf 2.5.4 ondersteun die mening van die meeste van die respondente (90,3%) aangaande hierdie kwessie. Slegs 4,8% van die respondente meen dat hierdie invloed bevredigend geskied.

*Vraag 45:* Dit blyk dat 15,3% van die skoolhoofde van mening is dat getalle ondersteuningsdienste aan die leerders in 'n baie groot mate beïnvloed. 34,6% van die respondente meen dat hierdie invloed in 'n groot mate plaasvind. Die

meerderheid respondente (40,4%) glo dat die invloed van getalle in 'n onbevredigende mate plaasvind wat ooreenstem met die bespreking in paragrawe 2.5.3 en 2.5.4. Slegs 3,8% van die respondente meen dat hierdie invloed bevredigend is. Dit kan wees dat laasgenoemde skole nie noodwendig blootgestel is aan die komplekse reeks demografiese uitdagings van ander skole nie.

*Vraag 46:* Dit blyk dat 25% van die respondente meen dat die invloed van getalle op die ondersteuningsdienste aan die onderrigaktiwiteite in 'n baie groot mate geld. Hierdie respondente is kenmerkend van skole wat sukkel om die onderrigaktiwiteite te beheers teen die agtergrond van demografiese uitdagings. 26,9% van die respondente glo dat hierdie invloed in 'n groot mate geld. Dit blyk dus uit die response dat skole se onderrigaktiwiteite deur demografiese eise in só 'n mate beïnvloed kan word dat ondersteuning vereis kan word (vergelyk 2.5, 2.5.3 en 3.5.1). 'n Beduidende persentasie respondente (35,6%) meen dat hierdie invloed in 'n onbevredigende mate plaasvind en slegs 3,8% dui aan dat hierdie invloed bevredigend plaasvind.

*Vraag 47:* Ten opsigte van sekuriteit van skole, dui 9,6% van die respondente aan dat getalle sekuriteit in 'n baie groot mate beïnvloed. 18,3% meen dat getalle in 'n groot mate sekuriteit beïnvloed. Na aanleiding van hierdie persentasies is dit duidelik dat sekuriteit van skole in 'n mindere mate beïnvloed word as die ander opvoedkundige aspekte van skole. 54,8% van die respondente meen dat getalle sekuriteit in 'n onbevredigende mate beïnvloed, terwyl 9,6% van die respondente meen dat getalle sekuriteit in 'n bevredigende mate beïnvloed.

*Vraag 48:* Ten opsigte van dissipline, meen 9,6% van die respondente dat getalle dissipline in 'n baie groot mate beïnvloed. 19,2% van die respondente is van mening dat getalle in 'n groot mate dissipline beïnvloed. 'n Beduidende persentasie respondente (50,0%) meen dat getalle dissipline in 'n onbevredigende mate beïnvloed, wat ooreenstem met die bespreking in

paragraaf 3.5.1, terwyl 16,3% van mening is dat getalle dissipline in 'n bevredigende mate beïnvloed. Skole ondervind hoofsaaklik druk as gevolg van oorvol klasse of 'n tekort aan opvoeders wat dan dissipline kan beïnvloed (vergelyk 3.5.3).

#### 4.3.5 Interpretiering van data uit Afdeling C as verbandhoudend met die mate waartoe die Noordwes Departement van Onderwys beantwoord aan die demografiese eise van skole

Tabel 4.7: Beantwoording aan demografiese eise deur die Departement van Onderwys

Item			F	%
*50.	Word die bevolkingsgroeikoers in u streek in ag geneem vir die hantering van demografie in u onderwysstreek?	Onvoldoende	26	25,0
		Onaanvaarbare mate	22	21,1
		Aanvaarbare mate	48	46,2
		Groot mate	3	2,8
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,1</b>
*51.	Ondervind u dat die skole (in u onderwysstreek) die bevolkingsgrootte van die streek toereikend akkommodeer?	Onvoldoende	29	27,8
		Onaanvaarbare mate	26	25
		Aanvaarbare mate	28	26,9
		Groot mate	15	14,4
	<b>Totaal</b>		<b>98</b>	<b>94,1</b>

Item			F	%
*52.	Is skole in u onderwysstreek onder druk ten opsigte van die hantering van leerdergetalle?	Onvoldoende	18	17,3
		Onaanvaarbare mate	28	26,9
		Aanvaarbare mate	42	40,3
		Groot mate	9	8,6
	<b>Totaal</b>		<b>97</b>	<b>93,1</b>
*53.	Beïnvloed migrasie van leerders tussen skole die akkommodasie kapasiteit van skole in u onderwysstreek?	Onvoldoende	10	9,6
		Onaanvaarbare mate	28	26,9
		Aanvaarbare mate	41	39,4
		Groot mate	20	19,2
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,1</b>
*54	Word migrasie (vanaf die platteland na die stedelike gebiede) in ag geneem ten opsigte van beplanning in u onderwysstreek?	Onvoldoende	13	12,5
		Onaanvaarbare mate	22	21,1
		Aanvaarbare mate	56	53,8
		Groot mate	8	7,6
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95</b>
*55	Word migrasie binne die stedelike gebiede in ag geneem vir beplanning in u onderwysstreek?	Onvoldoende	11	10,6
		Onaanvaarbare mate	30	28,8
		Aanvaarbare mate	54	51,9
		Groot mate	4	3,8
	<b>Totaal</b>		<b>99</b>	<b>95,1</b>

Item		F	%	
*56	Word migrasie op die plattelandse gebiede in ag geneem ten opsigte van beplanning in u onderwysstreek ?	Onvoldoende	15	14,4
		Onaanvaarbare mate	26	25,0
		Aanvaarbare mate	42	40,3
		Groot mate	14	13,5
	<b>Totaal</b>		<b>97</b>	<b>93,2</b>

\* Die hele steekproef het nie op die vraag gerepondeer nie.

*Vraag 50:* Volgens response meen 25% van die respondente dat die bevolkingsgroeikoers onvoldoende in ag geneem word in die hantering van demografie van die streek. 21,1% van die respondente dui aan dat bevolkingsgroeikoers in 'n onaanvaarbare mate in ag geneem word (vergeelyk 2.4.2, 2.5.1, 2.5.3 en figuur 2.5). 46,2% van die respondente glo dat bevolkingsgroeikoers in 'n aanvaarbare mate in ag geneem word, terwyl slegs 2,8% van die skoolhoofde aandui dat dit in 'n groot mate in ag geneem word.

*Vraag 51:* Die meerderheid skoolhoofde, 27,8%, is van mening dat skole die bevolkingsgrootte onvoldoende akkommodeer. 'n Verdere 25% meen dat die bevolkingsgrootte in 'n onaanvaarbare mate geakkommodeer word (vergeelyk 2.5, figuur 2.3 en figuur 2.8). 26,9% van die respondente dui aan dat skole in 'n aanvaarbare mate die bevolkingsgrootte akkommodeer. Slegs 14,4% van die respondente is van mening dat skole in 'n groot mate die bevolkingsgrootte akkommodeer.

*Vraag 52:* Aangaande die druk wat skole ervaar ten opsigte van die hantering van leerdergetalle dui 17,3% aan dat hierdie druk in 'n baie groot mate ervaar word. 26,9% van die respondente is van mening dat hierdie druk in 'n groot mate ervaar word. Hierdie mening van respondente dui op die feit dat leerdergetalle verskillende soorte druk veroorsaak vir die bestuur van die onderwysstelsel, wat ooreenstem met die besprekings in paragrawe 2.5.2, 2.5.3 en 3.4. 'n

Beduidende persentasie (40,3%) ervaar hierdie druk as onaanvaarbaar, terwyl slegs 8,6% aandui dat hierdie druk aanvaarbaar is.

*Vraag 53:* Respondente (9,6%) dui aan dat die migrasie tussen skole akkommodasiekapasiteit in 'n baie groot mate beïnvloed. 26,9% van die respondente is van mening dat hierdie invloed in 'n groot mate ervaar word. Die meeste respondente (39,4%) dui aan dat hierdie migrasie akkommodasiekapasiteit in skole in 'n onaanvaarbare mate beïnvloed, terwyl 19,2% aandui dat die invloed op akkommodasiekapasiteit in 'n aanvaarbare mate ervaar word. Die implikasies vir die onderwysstelsel ten opsigte van migrasie dra by tot die prosesseringsuitdagings aangaande demografie. Direkte voorbeelde hiervan kom voor in die besprekings van paragrawe 2.5.2, 2.5.3, 3.4 en 3.5.

*Vraag 54:* Ten opsigte van die inagneming van verstedeliking in beplanning in die onderwysstreek ervaar 12,5% van die respondente dit as onvoldoende. 21,1% van die respondente meen dat hierdie inagneming in 'n onaanvaarbare mate plaasvind. Moontlike redes hiervoor kan die ontoereikende skakeling tussen provinsies en provinsiale onderwysdepartemente wees (vergelyk 2.5.2, 2.5.3, 3.2 en tabel 3.6). 53,8% van die respondente is van mening dat verstedeliking in 'n aanvaarbare mate in ag geneem word en slegs 7,6% van die respondente meen dat dit in 'n groot mate in ag geneem word.

*Vraag 55:* Aangaande migrasie van leerders binne die stedelike gebiede meen 10,6% van die respondente dat hierdie migrasie voldoende in ag geneem word. 28,8% van die respondente is van mening dat hierdie migrasie in 'n onaanvaarbare mate in ag geneem word, wat ooreenstem met die bespreking in 2.5.2, 3.4 en 3.5.1. 51,9% van die respondente beskou hierdie in ag neming as aanvaarbaar. Slegs 3,8% van die respondente meen hierdie inagneming vind in 'n groot mate plaas.

*Vraag 56:* Volgens response meen 14,4% van die skoolhoofde dat die invloed van migrasie op die platteland onvoldoende in ag geneem word ten opsigte van

beplanning in die onderwysstreek. 25,0% van die respondente meen hierdie inagneming vind in 'n onaanvaarbare mate plaas. Moontlike redes vir hierdie mening kan die oneweredige verspreiding van hulpbronne asook die totaal verskillende konteks waarin plattelandse skole funksioneer (vergeelyk 3.4.4.3). 40,3% van die respondente meen die inagneming van migrasie vind in 'n aanvaarbare mate plaas. Slegs 13,5% van die respondente is van mening dat die effek van migrasie op die plattelandse gebiede in 'n groot mate in ag geneem word.

#### **4.3.6 Cronbach alfabetroubaarheid op verskillende afdelings van die vraelys**

Tabel 4.8 toon die betroubaarheid van die verskillende afdelings van die vraelys. 'n Cronbach alfakoëffisiënt van  $> 0,5$  kan beskou word as voldoende interne betroubaarheid van die vraelys.

**Tabel 4.8: Betroubaarheid van vraelys**

<b>Vrae</b>	<b>Cronbach alfakoëffisiënt</b>
B1 – B15	0,89
C1 – C11	0,84
C2(1) – C2 (12)	0,87

*T-toets op die data: Geografiese gebiede: twee groepe geografiese gebiede (sien vraelys afdeling A, vraag 7) en vrae met betrekking tot die demografiese eise op die onderwysstelsel en hoe die onderwysstelsel daaraan beantwoord.*

Deur middel van 'n t-toets vir onafhanklike groepe is bepaal of daar statisties betekenisvolle verskille ( $p < 0,05$ ) bestaan tussen die plattelandse gebiede en die dorp/stedelike gebiede. Die variansie-analise het die volgende aangedui ten opsigte van die twee gebiede:

**Tabel 4.9: Verskille tussen plattelandse gebiede en dorps/stedelike gebiede**

Vrae	P-waarde
B1 – B15	0,28
C1(1) – C1 (11)	0,52
C2(1) – C2(12)	0,63

Tabel 4.9 dui duidelik aan dat daar geen betekenisvolle statistiese verskille bestaan ten opsigte van die geografiese gebiede (plattelands en dorp/stedelik) nie.

**Tabel 4.10: Verskille tussen die tipes onderrigmedium: Groepe: enkelmedium en parallel/dubbelmedium**

Vrae	P-waarde
B1 – B15	0,11
C1(1) – C2(12)	0,98

Tabel 4.10 toon aan dat daar geen betekenisvolle statistiese verskille bestaan tussen die status van onderrigtaal (enkelmedium en parallel-/dubbelmedium) nie.

#### **4.4 SAMEVATTING**

In hierdie hoofstuk is die resultate wat met behulp van die vraelyste van respondente verkry is, deur middel van statistiese tegnieke ontleed, geïnterpreteer en bespreek.

Die agtergrond van die ondersoekmetode (populasie en steekproef, administratiewe prosedure en struktuur van die vraelys) is in afdeling 4.2 bespreek. Die resultate, interpretering van data en bespreking is in afdeling 4.3 van die hoofstuk aangebied.

Die aktualiteit en noodsaaklikheid van die navorsingsdoelstellings (vergelyk 1.2) word veral in 4.3.6 van hierdie hoofstuk bevestig as verwys word na die betroubaarheid van die vraelys en die resultate van die t-toets wat geen betekenisvolle statistiese verskille vir die twee groepe (vergelyk tabel 4.9 en tabel 4.10) aandui nie.

In die volgende hoofstuk word 'n model (na aanleiding van hoofstukke 1-4) vir die prosessering van demografie in die onderwysstelsel voorgestel.

---

---

## HOOFSTUK 5

---

---

### MODEL VIR DEMOGRAFIESE PROSESSERING IN DIE ONDERWYSSTELSEL

#### 5.1 INLEIDING

Doelwit drie (vergelyk 1.2) van hierdie studie bepaal dat daar 'n model voorgestel word wat demografie as determinant van die onderwysstelsel beter begryp en pro-aktief benader. Uit inligting van hoofstuk 2 tot hoofstuk 4 word die implikasies wat demografie vir die onderwysstelsel inhou blootgelê. Gevolgtrekkings kan uit hierdie hoofstukke gemaak word vir die regmatigheid van 'n demografiese model wat wêreldwyd aangewend kan word vir demografiese prosessering in die onderwysstelsel (vergelyk 1.1). Om verwarring ten opsigte van verwagtings van hierdie hoofstuk uit die weg te ruim, word die begrip *model* eerstens bespreek. Die doel van die model is om die essensies aangaande demografiese prosessering uit te lig en tweedens om die riglyne vir prosessering aan te bied.

#### 5.2 DIE BEGRIP *MODEL*

Om 'n definisie te kan formuleer wat alle modelsoorte insluit, is so wyd en algemeen dat dit niksseggend word (Smit, 1998: 136-142). Tydens die samestelling van 'n model word daar volgens Mouton en Marais (1990:143) gepoog om die relasies tussen die hoofelemente in 'n proses op 'n vereenvoudigde manier uit te beeld. Jonker (1994:208) is van mening dat modelle beskou kan word as hulpkonstruksies vir navorsing, aangesien dit verskynsels wat dikwels kompleks van aard is, meer sigbaar en verstaanbaar maak deur dit tot die

wesenlike samehang te reduseer. Marais, Calitz en Van Wyk (1983:9) meen dat 'n model op 'n grafiese of skematiese wyse aangegee word. Marais *et al.* (1983:9) stel dit dat modelle nie teorieë as sodanig is nie, maar 'n hulpmiddel in die ondersoek wat kan lei tot die ontwikkeling van 'n teorie.

In die praktyk word die begrippe *model* en *teorie* dikwels as sinonieme gebruik. Daar kan algemeen aanvaar word dat daar ooreenkomste bestaan tussen modelle en teorieë, en dat daar hoogstens 'n graadverskil tussen 'n model en 'n teorie is. Modelle speel 'n belangrike rol in die skepping van nuwe teorieë (Mouton & Marais, 1990:141-142).

Volgens Kriel (1995:196) suggereer 'n model in 'n mate nuwe fokuspunte vir navorsing, omdat sekere relasies en dimensies sterk uitgelig word. Samevattend kan modelle as hulpkonstruksies beskou word wat behulpsaam kan wees by navorsing deurdat dit verskynsels meer sigbaar en meer verstaanbaar kan maak (Marais *et al.*, 1983:9).

Daar bestaan verskillende indelings van modelle, soos fisiese modelle, verbale modelle, grafiese modelle, wiskundige modelle, liniêre modelle, konseptuele modelle (Kowalski, 1988:95; 1988:4; Steiner, 1979:16); kwalitatiewe en kwantitatiewe modelle (Sugg, 1996 soos aangehaal deur Mentz, 2000:220); kognitiewe en konseptuele modelle (Jonassen, 1995).

Bellis (2000:181) is van mening dat 'n benadering uitgedruk kan word in die vorm van 'n model. Dit word gestel dat alle hoofaspekte/-dele/-elemente/-komponente van die betrokke benadering sistematies uiteengesit moet word. Dit kan ook diagrammaties voorgestel word sodat die model as 'n geheel gevisualiseer kan word.

Mentz (2000:221) meen dat 'n model die werklikheid sodanig hanteerbaar behoort te maak dat dit gereduseer kan word tot die belangrikste komponente van die werklikheid. Hierdie komponente behoort al die essensiële elemente van

die werklikheid te bevat en dit in perspektief te plaas sodat die toepassing daarvan moontlik en sinvol is.

#### *Die eienskappe van 'n model*

Volgens Mouton en Marais (1990:144) is die eienskappe van 'n effektiewe model die volgende:

- 'n Model identifiseer sentrale probleme of vraagstukke aangaande 'n verskynsel wat nagevors word.
- 'n Model verskaf verduidelikings, sketse en die middele om voorspellings te maak. 'n Model gee nog nie volledige verklarings van verskynsels nie.
- 'n Model verskaf 'n nuwe taalspel (soos moontlike nuwe definisies) waarin daar oor 'n verskynsel gepraat kan word.
- 'n Model beperk, isoleer, vereenvoudig, en sistematiseer die domein wat bestudeer word.

#### *Riglyne*

Volgens die HAT (1984) is 'n riglyn die "reël waarvolgens gewerk, gehandel moet word". Labuschagne en Eksteen (1993:708) se verklaring stem hiermee ooreen as hulle sê dat 'n riglyn 'n reël is waarvolgens gehandel moet word. De Villiers, Smuts en Eksteen (1993:428) beskryf 'n riglyn as 'n aanwysing of voorskrif.

### **5.3 MODEL VIR DIE PROSESSERING VAN DEMOGRAFIE AS DETERMINANT VAN 'N ONDERWYSSTELSEL**

#### **5.3.1 Inleiding**

Die regmatigheid van 'n demografiese model soos uitgelig in hoofstukke twee tot vier, word ondersteun deur die spesifieke aspekte wat in die model vervat word. Heelwat aspekte moet as 'n noodsaaklike deel van die model beskou word,

terwyl ander aspekte se toepassing op plaaslike kontekste kan wissel van absoluut noodsaaklik tot minder relevant. Die mate van noodsaaklikheid hang af van die algemene konteks waarin die spesifieke onderwysstelsel bestaan. Daar moet ook gelet word op die moontlikheid dat aspekte van die model as oorvleuelend mag voorkom. In sulke gevalle laat die navorser die interpretasie van die sodanige aspek oor aan die konteks of perspektief van die leser.

Die voorstelling van die model sal benader word in drie kategorieë, naamlik:

- algemene demografiese voorvereistes
- relevante demografiese imperatiewe en
- 'n strukturele onderwysstelsel benadering.

### **5.3.2 Algemene demografiese voorvereistes**

Vir 'n model om oorkoepelend as relevant beskou te word, moet die onderwysvoorsiener (die regering) die leefkonteks van die teikengroep, maar veral van die grootste bevolkingsgroep in ag neem. In sekere lande, soos byvoorbeeld Suid-Afrika, maak die grootste bevolkingsgroep 'n beduidende persentasie (vergelyk tabel 3.1) van die teikengroep uit. Demografiese prosessering in die onderwysstelsel is gedoem tot 'n mislukking indien hierdie leefkonteks nie in ag geneem word nie. Aspekte soos sosio-ekonomiese agtergrond, algemene demografiese imperatiewe (vergelyk tabel 2.1), taal of tale is hier ter sprake. Alhoewel hierdie in agneming van 'n beduidende bevolkingsgroep noodsaaklik is, is die balans met ander minderheidsgroepe ook belangrik. In lande met 'n meer homogene bevolkingsprofiel, sal die leefkonteks van so 'n bevolking in ag geneem moet word.

Spesifieke en unieke streekseise kan somtyds voorkom in sekere lande, streke of provinsies, wat spesiale aandag verg (vergelyk 2.5.2). 'n Model moet dus 'n

aanpasbare karakter hê ten einde akkommoderend en toepaslik te kan wees vir alle lande, streke of provinsies.

'n Essensiële aspek van demografiese prosessering en benadering is die kollektiwiteitskarakter van beplanning. Demografiese prosessering deur die onderwysvoorsiener moet geskied deur skakeling en in oorleg met ander staatsdepartemente (vergelyk vraag 9 van vraelys) en kundiges. Soos in hoofstukke 2 tot 4 beklemtoon is, is daar te veel ander maatskaplike en ekonomiese gebeure wat beide die onderwysstelsel en die demografiese imperatiewe beïnvloed. Demografiese prosessering kan nie afsonderlik geskied van ander invloedryke samelewingstendense nie en dus ook nie van ander beplanningsliggame (staatsdepartemente) nie.

Vir suksesvolle prosessering is die toepaslikheid van bepaling- of meetinstrumente van die allergrootste belang. Hoe akkuraat meetinstrumente data kan versamel is bepalend vir 'n toereikende beplannings- en voorsieningsproses. Aangesien demografie nie net as suiwer getalle benader kan word in die onderwysstelsel nie (vergelyk 1.1), is die akkurate meting van die omvattende demografiese imperatiewe kritiek vir toereikende demografiese prosessering in die onderwysstelsel.

Die minimalisering van veral die sensustekorte (vergelyk 3.1) sluit aan by voorgenoemde aspek, maar vorm ook 'n faktor op sy eie, aangesien die meeste staatsdepartemente beplanning en voorsiening op sensusdata baseer. Die voordeel van een onderliggende databron (soos byvoorbeeld die sensusdata) is dat daar 'n mate van eenvormigheid kan wees in beplanning en begroting van die verskillende regeringsdepartemente. 'n Gemeenskaplike visie ten opsigte van beplanning kan dus nagestreef word. Die nadeel lê egter in die moontlikheid dat as daar beduidende leemtes in die onderliggende databron is, al die verskillende departemente geaffekteer word deur gebrekkige beplanning en voorsiening. Die minimalisering van sensustekorte (wat die opname, verwerking- en

rapporteringsfases insluit) is dus noodsaaklik vir toereikende demografiese prosessering in die onderwysstelsel.

Vergelyking van kinder-/leerderstatistieke deur veral die Departement van Gesondheid, Departement van Binnelandse Sake en Departement van Onderwys is belangrik. Die onderwysvoorsiener moet bewus wees van en toegang hê tot die werklike data aangaande die aanteken van geboortes en sterftes. 'n Vergelyking van die projeksies van die betrokke regeringsdepartemente kan die moontlikheid minimaliseer dat kinders van skoolgaande ouderdom deur die "opvangsnet" van die onderwysvoorsiener sal gliip (vergelyk 2.4.2, 2.5 en figuur 2.4). 'n Bewustheid van die data kan beplannings- en begrotingsdoelwitte vir beide die kort- en langtermyn lei.

Die bepaling en bewustheid van universele en nasionale demografiese tendense (vergelyk 2.4.2, figuur 2.1 en tabel 2.2), sowel as provinsiale en streektendense (vergelyk 2.5.1) bemagtig die onderwysvoorsiener om in konteks die kwaliteit van die onderwysstelsel te verhoog.

'n Konstante assessering van die indikatore wat die sukseskoers ten opsigte van inskrywingskoerse, die voltooiing van die skoolloopbaan en slaag van grade van die onderwysstelsel aandui (vergelyk 2.4.2) is belangrik in die prosesseringsproses van demografie in die onderwysstelsel. Skoolleuensverwagting moet in samehang met die sukseskoers van die onderwysstelsel beskou word (vergelyk 2.4.2, figuur 2.2 en tabel 2.3 en 2.5). Indien dit nie gebeur nie, is die kans baie groot vir 'n wanpersepsie van 'n spesifieke tendens of koers buite die konteks van die ander tendense of koerse. 'n Bewustheid van die skoolleuensverwagtingskoers word deur die literatuur (vergelyk 2.4.2) ondersteun en 'n vyf-jaar interval beskouing kan as gewens beskou word.

Die inagneming van bestaande leerbehoefte (vergelyk 2.5.1) in sekere gemeenskappe en in 'n heterogene bevolking en in sekere bevolkingsgroepe stel die onderwysvoorsiener in staat om skoolleuensverwagting te verhoog. 'n Mate van skakeling is dus nodig tussen die onderwysvoorsiener en

onderwyseropleidingsinstellings om te verseker dat die nodige onderwysvaardighede in aggeneem word in die opleiding van opvoeders. 'n Ontplooiingstrategie van onderwysers kan in sekere spesiale omstandighede oorweeg word om aandag te gee aan die leerbehoefte van veral primêre leerders.

Enige demografiese- of onderwysmodel moet voorspellingskapasiteit hê. Dit is noodsaaklik vir die onderwysvoorsiener om in 'n bepaalde konteks strukture in werking te hê of te stel om aan die onderwysstelsel 'n voorspellingskarakter te gee ten opsigte van demografiese prosessering.

Die blootlê van algemene demografiese voorvereistes of riglyne in die prosessering van demografie in die onderwysstelsel ondersteun die universele aard van die model. Die aanwending van die algemene riglyne behoort die onderwysvoorsiener 'n oriëntasie te bied in die prosessering van demografie in die onderwysstelsel. 'n Beskouing van die relevante demografiese imperatiewe is egter ook nodig aangesien dit die model verder uitbou tot 'n effektiewe demografiese instrument.

### **5.3.3 Relevante demografiese imperatiewe**

Onderwysvoorsieners moet toegang hê tot die huidige bevolkingsgetalle, asook teikengroepgetalle ten einde onderwys effektief te beplan en te voorsien (vergelyk 2.4.2, 3.2, 3.3, 3.4 en 3.5). Die optimale funksionering van die komponente en elemente (vergelyk 2.2) van die onderwysstelsel is hierop gebaseer.

Akkurate inligting oor die bevolkingsgroei, wat spesifiek geboortes en fertiliteitskoerse insluit moet, aan die onderwysvoorsiener bekend wees (vergelyk tabel 2.2). Daarbenewens moet tentatiewe projeksies gemaak kan word wat beide nasionaal en per provinsie of streek kan geld. Die projeksies kan vyf jaar vooruit geld, terwyl tien jaar vooruit in sommige gevalle te lank kan wees. Dis belangrik

om in ag te neem dat hierdie projeksies tentatief is en onderworpe is aan ander demografiese invloede asook ander samelewingseise.

Die inagneming van die ouderdomsverspreiding van die teikengroep (vergelyk 2.5.2, 2.5.3, 3.2 en 3.4) bied aan die onderwysvoorsiener en- beplanner 'n noodsaaklike voorspellingskapasiteit in die prosesseringsaspek van demografie. Die bewustheid van die ouderdomsverspreiding kan grootskaalse leemtes ten opsigte van die finansiële reëlings vir die toekoms voorkom.

Die bewustheid van die sterftekoerse moet ook per streek beskikbaar wees. Daarbenewens moet die faktore wat sterftes veroorsaak ondersoek word en is 'n profiel van hierdie faktore nodig vir onderwysvoorsiening (vergelyk 2.5.1). 'n Bewustheid van die aantal sterftes by beide leerders en opvoeders is van kardinale belang om krisisbestuur te verhoed (vergelyk tabel 3.2).

Die inagneming van migrasiekoerse is noodsaaklik in enige onderwysstelsel. Migrasiekoerse bied die grootste uitdaging vir die prosessering van demografie in die onderwysstelsel. Daar is beide 'n akkomoderings uitdaging (aangesien onvoorsiene getalle leerders 'n streek binnekom) asook 'n leerbehoefte uitdaging (vergelyk 2.5.1, 2.5.2, 2.5.3 en tabel 3.4.13). Ondersoeke is nodig ten opsigte van die aard van migrasiepatrone in provinsies en onderwysstreke. Data aangaande watter plekke of beroepe trek of stoot hoeveel mense oor watter tydperk, is noodsaaklik om migrasie in 'n toereikende demografiese konteks te begryp. Skakeling en samewerking van veral die beroepsektor (onder andere myne en fabriek) is noodsaaklik om die begrip uit te brei.

Die bewustheid van nuptualiteit sal noodwendig lei tot die uitbrei van demografiese begrip vir prosesseringsdoeleindes. Die toetree-ouderdom tot huwelike en geboortes van babas beïnvloed die jeugbevolking van 'n gemeenskap. 'n Groter jeugbevolking sal implikasies hê vir beplanning ten opsigte van sekondêre- en tersiêre voorsiening. 'n Latere toetrede tot huwelike kan lei tot die indruk dat bevolkingsgroei koerse afneem, maar somtyds is hierdie

afname net tydelik van aard (vergelyk 2.5.1, 2.5.3 en figuur 2.5). Die vasstelling van nuptualiteitstendense dra dus by tot omvattende demografiese prosessering in die onderwysstelsel.

Die onderwyspeil, beroep en inkomste van die volwasse deel van die teikengroep het 'n direkte invloed op die netto inskrywingskoerse van die teikengroep (vergelyk figuur 2.4). Breë sosio-ekonomiese skakeling is derhalwe noodsaaklik vir die onderwysvoorsiener. Die bewustheid van die onderwyspeil, beroep en inkomste van die volwasse deel van die teikengroep bied die onderwysvoorsiener 'n agtergrond waarteen die netto inskrywingskoerse sowel as uitvalkoerse van leerders beskou kan word. Hierdie inligting vergemaklik beplanning in die onderwysstelsel.

Die akkurate aanmelding van MIV/Vigs-statistieke is van kardinale belang in die onderwysstelsel. Onverwagse en ingrypende demografiese gebeure soos MIV/Vigs moet omvattend begryp word en die ouderdomsprofiel (vergelyk tabel 3.5) moet in onderwysstelselverband ondersoek word. Ondersoeke na die akkurate vaslegging van MIV/Vigs-data hou die sleutel tot die sukses van toereikende demografiese prosessering ten opsigte van die MIV/Vigs-faktor.

Die akkurate vaslegging van alle demografiese data hou die sleutel tot toereikende demografiese prosessering. Die ontwikkeling van instrumente om data akkuraat vas te lê moet in konteks ontwikkel word. Inagneming van wat uitvoerbaar is en wat relevant is in spesifieke kontekste behoort die ontwikkeling van instrumente te lei. Plaasskole, plattelandse skole en stedelike skole se kontekste verskil uiteenlopend en elke streek is onderworpe aan verskillende samelewings- en demografiese eise.

#### **5.3.4 Strukturele onderwysstelselbenadering**

Die voorwaardes en riglyne wat volg vir die verskillende komponente (vergelyk 2.2.1) van die onderwysstelsel toon 'n oorsigtelike raamwerk van hoe die

komponente in modelvorm demografiese prosessering in die onderwysstelsel moet benader. Daar word telkens vir elke komponent eerstens 'n voorwaarde voorgestel wat dan gevolg word deur verdere riglyne vir die hantering van determinante. Hierdie voorwaardes en riglyne het 'n interaktiewe aard aangesien demografiese eise beide streekgebonde en temporaal van aard is.

#### **5.3.4.1 Onderwysstelselbeleid**

Die volgende voorwaarde word in hierdie komponent voorgestel om die demografiese benadering te rig:

- Die vermoë om insiklikheid instand te hou om die behoefte vir innovasie te akkommodeer ten opsigte van die veranderende demografiese situasie is noodsaaklik in beleidshantering. 'n Herdefiniëring van doelstellings of mikpunte sal uiteraard die beleidsaspek in hierdie komponent rig.

Verdere riglyne wat prosessering van demografie in die onderwysstelselbeleid aanvul is soos volg:

- 'n Herdefiniëring van prioriteite in onderwys in antwoord op die demografiese veranderings.
- Variasie en 'n groter mate van veranderende besluitneming.
- Die strewe na balans tussen die onmiddellike verwagting, van die teikengroep en die ooreengekome parameters van beleide deur belanghebbendes.
- Die instandhouding van voorsieningstandaarde.
- Buigzaamheid vir beleidmakers op verskillende vlakke van regering in die toewysing van hulpbronne.
- Oorweging van streekgebonde beleidsbepalings en interpretasie.

- 'n Groter omsigtigheid in die uitvoering en implementering van regeringsbeleid in onderwys.

#### **5.3.4.2 Onderwysstelseladministrasie**

Ten opsigte van onderwysstelseladministrasie word die volgende voorwaarde beskou as rigtinggewend:

- Tydgebonde administratiewe strategieë en prosesse behoort administrasie te kenmerk in die hantering van determinante. Die aanpassing en heroorweging van die finansiële reëlings behoort tydgebonde strategieë te ondersteun vir optimale doeltreffendheid van die proses.

Verdere riglyne in die prosessering van demografie in die onderwysstelseladministrasie is soos volg :

- 'n Strewe na die optimalisering van die onderwysstreekadministrasie moet die komponent van onderwysstelseladministrasie kenmerk.
- Die nastreef van 'n lewensvatbare opvoedkundige infrastruktuur (byvoorbeeld die samesmelting van onderwysfases van verskillende skole, samesmelting van skole, skole wat tydelik slegs sekere skoolfases aanbied waar dit begrotings- en opvoedkundige sin maak).
- Deurlopende bepaling van standarde en prioritisering van die elemente van die onderwysstelseladministrasie.
- Die heroorweging en aanpassing van bestaande moniterings- en beplanningsmeganismes.
- Identifisering en nodige betrokkenheid van belanghebbendes op forums vir administratiewe beplanning (byvoorbeeld skoolbesture, vakbonde, onderwyspersoneel, plaaslike gemeenskap en regeringsdepartemente).
- Heroorweging van die mate van gesentraliseerde en gedesentraliseerde beheer oor onderwys vir tydperke verbode aan ingrypende demografiese tendense.

#### **5.3.4.3 Onderwyskundige struktuur**

Die volgende voorwaardes is nodig om binne hierdie model die onderwyskundige struktuur van die onderwysstelsel te rig ten opsigte van demografiese begrip:

- Beplanning vir die hede en die toekoms moet geskied op alle fases van die onderwysvlakke voordat 'n spesifieke demografiese golf 'n fase tref (vergelyk tabel 2.3).
- Die aanpassing van die elemente van die onderwyskundige struktuur by die realiteit van die demografiese opvangsgebied is noodsaaklik vir demografiese prosessering (vergelyk 2.5.3).

Verdere riglyne wat die prosessering van demografie in die onderwyskundige struktuur aanhelp is soos volg:

- Die beskouing van demografiese imperatiewe moet in die sosiale konteks plaasvind aangesien sosiale tendense perspektief aan demografiese data bied.
- 'n Akkurate monitering van opvoeder- en leerdergetalle in sekere gebiede of streke verskil dramaties van die provinsiale en nasionale tendense. In sekere gebiede kan die getalle, posvlakke, spesialiseringsrigtings en ouderdomme van opvoeders afneem teen 'n groter of kleiner koers as byvoorbeeld inskrywings van leerders in dieselfde gebiede.
- Die oorweging van verskillende posvoorsieningsformules vir verskillende fases van die onderwysvlakke (vergelyk 3.4.1.3 en tabel 3.11) is noodsaaklik. Verskillende onderwysfases en vlakke is verteenwoordigend van verskillende ouderdomstrukture. Verder verskil hierdie ouderdomstrukture ook van streek tot streek.
- Inligtingryke databasisse (vergelyk 3.3 en tabel 3.9) moet ontwikkel word vir die verskillende elemente van die onderwyskundige struktuur. 'n Omvang-

ryke insig is nodig om die funksionering van die elemente van die onderwyskundige struktuur te optimaliseer.

#### **5.3.4.4 Ondersteuningsdienste**

Die voorwaarde wat in hierdie komponent voorgehou word as die hoofaspek van die prosessering van demografie is :

- Die identifisering van nuwe leerbehoefte van die teikengroep veral as gevolg van migrasie is kritiek (vergelyk 2.5.1) in die organisering van soorte ondersteuningsdienste in 'n provinsie of onderwysstreek. Hierdie identifisering moet aangevul word deur die passing en beplanning van die elemente van die ondersteuningsdienste.

Verdere riglyne wat belangrik geag word in hierdie prosesseringsmodel vir hierdie komponent is soos volg:


- Provinsiale koördinering van ondersteuningsdienste verhoog die effektiwiteit van dienste.
- Plattelandse en stedelike skole benodig verskillende soorte ondersteuningsdienste as gevolg van die groot verskil in demografiese opset (vergelyk 3.4.4.3).
- Verskillende soorte skole (byvoorbeeld ten opsigte van grootte, status van medium van onderrig, sosio-ekonomiese agtergrond van skoolgemeenskap, infrastruktuur in skoolgemeenskap ensovoorts) moet ondersteun word deur verskillende soorte ondersteuningsdienste.
- Effektiewe skakeling tussen ander komponente van onderwysstelsel en die ondersteuningsdienstekomponent om sinchronisasie te bewerkstellig is nodig vir optimale prosessering van demografie in die onderwysstelsel.

Ondersteuningsdienste word hoofsaaklik bepaal deur die behoeftes wat ontstaan as gevolg van demografiese veranderings in die onderskeie komponente van die

onderwysstelsel en die verfyningsrol van die dienste word daarvolgens aangepas.

Figuur 5.1 stel die samestelling van die model vir demografiese prosessering skematies voor. Die figuur fokus op drie hoofaspekte, naamlik algemene demografiese voorvereistes (wat as basis dien van demografiese prosessering), relevante demografiese imperatiewe (wat fokus op die spesifieke demografiese gebeure van 'n gegewe onderwysstreek) en 'n strukturele onderwysstelselbenadering (wat die onderwysstelselkomponente en -elemente verklaar binne die demografiese konteks).

**Figuur 5.1 'n Model vir die prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel**



**Figuur 5.1 (vervolg) 'n Model vir die prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel**

<b>STUKTURELE ONDERWYSSTELSELBENADERING</b>	
<b>Onderwysstelselbeleid</b>	<b>Onderwysstelseladministrasie</b>
<p>Voorwaarde: Inskiklikheid vir innovasie en herdefiniëring van prioriteite</p> <p>Verder riglyne:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Variasie en veranderende besluitneming</li> <li>• Balans tussen onmiddellike verwagtings en ooreengekome parameters</li> <li>• Instandhouding van voorsieningstandaarde</li> <li>• Buigsaamheid</li> <li>• Streekgebonde bepalings en interpretasie</li> <li>• Groter omsigtigheid in implementering</li> </ul>	<p>Voorwaarde: Tydgebonde administratiewe strategieë en prosesse</p> <p>Verdere riglyne:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Optimalisering van onderwysstreekadministrasie</li> <li>• Lewensvatbare opvoedkundige infrastruktuur</li> <li>• Deurlopende prioritisering van elemente</li> <li>• Heroorweging en aanpassing van moniterings- en beplanningsmeganismes</li> <li>• Betrokkenheid van belanghebbendes</li> <li>• Tydgebonde sentralisering en desentralisering</li> </ul>
<b>Onderwyskundige Struktuur</b>	<b>Ondersteuningsdienste</b>
<p>Voorwaarde: Beplanning op alle onderwysvlakke voordat demografiese golwe impakteer en aanpassing van elemente by realiteit van opvangsgebied</p> <p>Verdere riglyne:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Beskouing van demografie in sosiale konteks</li> <li>• Akkurate monitering van elemente</li> <li>• Oorweging van verskillende posvoorsieningsformules vir verskillende skoolfasies</li> <li>• Instandhouding van inligtingryke databasisse vir elemente</li> </ul>	<p>Voorwaarde: Identifisering van nuwe leerbehoefte en die passing en beplanning van elemente</p> <p>Verdere riglyne:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Provinsiale koördineringsdienste</li> <li>• Onderskeid tussen plattelandse en stedelike skole</li> <li>• Skoolgebaseerde dienste</li> <li>• Effektiewe skakeling met ander komponente</li> </ul>

Die aanwending van bogenoemde model is aanpasbaar en toon eienskappe wat dit aanwendbaar maak op nasionale, provinsiale, onderwysstreek en skoolvlak. Funkisionarisse van die onderwysstelsel behoort dus die demografiese model as 'n bemagtigingsinstrument te beskou wat die prosessering van demografie gedetailleerd sowel as omvattend kan benader.

Die toereikende implimentering van die demografiese model sal aangehelp word deur die gewenste riglyne in gedagte te hou op die verskillende administratiewe vlakke van die onderwysstelsel.

In die volgende afdeling word die voorstelle vir die prosessering van demografie aan die hand van die demografiese model bespreek. Dis belangrik vir onderwysowerhede en die funksionaris in die onderwysstelsel om 'n duidelike beeld van die voorgestelde model te hê.

#### **5.4 IMPLEMENTERING VAN DIE MODEL**

Baie aandag moet gegee word aan die hoofaspekte wat veral op skoolvlak kritieke uitdagings vir skoolhoofde of skoolbesture inhou aangaande demografiese uitdagings. Die sukses van die demografiese model sal afhang van die organisering van die funksionaris in veral die onderwysstelseladministrasie.

Volgens tabel 4.3 is skoolhoofde dit eens oor die volgende belangrike aspekte van leiding en bestuur deur die Departement van Onderwys vir skoolbesture. Onvoldoende of ontoereikende leiding en bestuur word deur skoolbesture ervaar ten opsigte van:

- Betrokkenheid van skoolhoofde by demografiese beplanning.
- Bemagtiging of opleiding van skoolhoofde aangaande die hantering van demografie.
- Bemagtiging van skoolbesture aangaande die hantering van demografie.
- Bemagtiging van beheerliggame van skole aangaande die hantering van demografie.

Die feit dat beduidende persentasies (32,6% tot 51,4%) van skoolhoofde aandui dat die bogenoemde aspekte as ontoereikend ervaar word is 'n bevestiging van die meriete vir funksionaris in die onderwysdepartement wat effektiewe onderwysbeplanning aan die hand van die voorgestelde model kan doen.

Volgens tabel 4.4 is daar beduidende leemtes in die mate van leiding en bestuur ten opsigte van die hantering van demografie met betrekking tot streekbeplanning. Die meriete vir streeksbevordering (vergelyk 5.3.2) in die hantering van demografie word bevestig in die literatuur van hierdie studie (vergelyk 2.5.1). Relevante aspekte wat volgens respondente as heeltemal onvoldoende ervaar word is onder andere:

- Die gebruik van kundiges in streekverband om demografiese eise te help hanteer.
- Die gebrek aan navorsingsinisiatiewe.
- Die gebrek aan interskoolskakeling in onderwysstreke.
- Skakeling met ander staatsdepartemente.

Die beleidsimpak op skole (vergelyk tabel 4.5) word deur skoolhoofde as onbevredigend ervaar en beduidende persentasies (tussen 22,7% en 54%) toon dat dit die geval is ten opsigte van:

- Die toepaslikheid van die Posvoorsieningsmodel op die grondslag-, intermediêre en senior fases van skole.
- Die effektiwiteit van die Skoolbefondsingsmodel aangaande heroorweging van kwantielplasing van skole, inagneming van drastiese veranderings in leerdergetalle, inagneming van migrasie aspekte, inagneming van die bestuurskapasiteit in skole, veeltaligheid van leerders, die vasstelling van ekonomiese agtergronde van leerders en die effektiwiteit van die skool se artikel-21-of nie-artikel-21-status.

Die volgende aspekte (tabel 4.6) dui sonder twyfel die impak van getalle op die administrasie van die skool aan en skoolhoofde ervaar hierdie impak in 'n groot mate:

- Bestuur van opvoeders.

- Kurrikulumhantering.
- Onderrigmedium van skool.
- Begroting van skool.
- Fondswerwingsaktiwiteite.
- Beheerliggaamaanstellings.
- Druk op ondersteuningsdienste aan onderriggewer.
- Druk op ondersteuningsdienste aan leerder.
- Druk op ondersteuningsdienste aan onderrigsaktiwiteite.
- Sekuriteit van die skool.
- Dissipline van die skool.

Bogenoemde aspekte toon dat 'n begrip van demografiese impak op die administrasie van skole die behoefte vir 'n demografiese benadering uitlig. 'n Teoretiese sowel as praktiese begrip van die hantering van demografie ten opsigte van administrasie moet deur hierdie benadering toereikend ondersoek en verklaar word.

'n Begrip van die mate waartoe die onderwysdepartement demografiese uitdagings in die Noordwesprovinsie se onderwysstelsel beantwoord (vergelyk tabel 4.7) behoort ook lig te werp op die meriete van 'n demografiese benadering. Aspekte wat hoofsaaklik as onvoldoende en onaanvaarbaar ervaar word in onderwysstreek is onder andere:

- Inagneming van die bevolkingsgroeikoers.
- Toereikende akkommodering van die bevolkingsgrootte in onderwysstreek.
- Druk ten opsigte van die hantering van leerdergetalle.
- Invloed van migrasie tussen skole in dieselfde onderwysstreek.
- Inagneming van migrasie (platteland na stedelike gebiede) ten opsigte van beplanning in onderwysstreek.

- Inagneming van migrasie binne stedelike gebiede.
- Inagneming van migrasie op platteland (byvoorbeeld tussen plase).

'n Beduidende persentasie skoolhoofde is van mening dat bogenoemde aspekte nie toereikend (onvoldoende en in onaanvaarbare mate) deur die onderwysdepartement beantwoord word nie (vergelyk tabel 4.7).

Die impak van demografie op onderwys word in afdeling 2.4 van hierdie studie bespreek. Wêreldwye onderwystendense (vergelyk 2.4.2) toon dat groot voorsieningsuitdagings in die meeste onderwysstelsels in die wêreld aan die orde van die dag is. Daar kan dus afgelei word dat 'n kundigheidsperspektief nodig is in die benadering tot die hantering van demografie in die onderwysstelsel.

## **5.5 ONDERWYSBEPLANNING AAN DIE HAND VAN DIE MODEL**

### **5.5.1 Voorstel aangaande onderwysbeplanning**

'n Voorstel is nodig wat aandui hoe die demografiese model (vergelyk 5.3 en figuur 5.1) ten opsigte van onderwysbeplanning aangewend kan word ook in die lig van afdeling 5.4. Hierdie voorstel behels die volgende aspekte:


- Die funksies van genoemde funksionaries sal veeldoelig moet wees aangesien demografie so uiteenlopend manifesteer in die onderwysstelsel. Die kritiese analise van die meetinstrumente moet 'n belangrike funksie wees, aangesien relevansie van meetinstrumente baie belangrik is in die lig van die verskil in kontekste van skole, streke en provinsies. Data-analisering het 'n bedenklike waarde indien slegs algemene interpretasies gemaak kan word, of as kontekste veralgemeen word. Konteksspesifieke meting, interpretasie en begrip is nodig vir toereikende demografiese prosessering.

- Die verskillende demografiese aspekte (vergelyk tabel 2.1) moet gemeet kan word en gedetailleerde aanbevelings moet daaromtrent gemaak kan word.
- 'n Verdere funksie is 'n skakelingsfunksie tussen belanghebbendes (skole, onderwys, streekkantore, nasionale onderwysdepartement, ander staatsdepartemente en beplannings- en befondsingskundiges). Soos verduidelik in afdeling 5.3.2 is die gewenste benadering tot demografie 'n kollektiwiteitsbenadering.
- Beleidsontleding vir skole is 'n baie relevante aspek soos aangedui in afdeling 4.3.4. Te veel leemtes heers steeds aangaande die begrip van beleidskwessies op skoolvlak. Bewyse moet versamel word wat kan lei tot effektiewe beleidsimplementering in skole.
- Die ontwikkeling en aanbied van kort kursusse aangaande onderwysbeplanning ten opsigte van die hantering van demografie, asook beleidsimplementering en -begrip binne die skoolkonteks, sou tipies 'n bydrae tot demografiese prosessering op skoolvlak kan maak.
- Spesiale of dringende demografiese eise behoort prioriteit te geniet. Voorbeelde van sulke spesiale en dringende gevalle in Suid-Afrika is die migrasie van leerders vanaf die Oos-Kaap na die Wes-Kaap en die oorbevolking van sekere skole in stedelike gebiede.

### **5.5.2 Struktuur vir die prosessering van demografiese tendense**

'n Struktuur vir die benadering van demografiese tendense aan die hand van die demografiese model (vergelyk 5.3 en figuur 5.1) in byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel word vervolgens bespreek.

**Figuur 5.2** Prosessering en toepassing van onderwysbeplanning aan die hand van demografiese tendense



Figuur 5.2 bied 'n oorsig van hoe die proses van demografiese prosessering benader kan word in die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel. Verskeie aspekte kan as belangrik geag word, onder andere;

- Daar word aanbeveel dat die Direkteur-generaal van onderwys groepe funksionarisse (kundiges) plaas in die beplanningsafdeling wat demografiese eise bestudeer en analiseer. Hul funksie is om die demografiese tendense teenwoordig in Suid-Afrika uit te spel.

- Demografiese tendense wat bruikbaar is vir die onderwys moet deurgegee word aan die betrokke funksionaris op die verskillende administratiewe vlakke van die onderwysstelsel.
- Hierdie gegewens word dan in samehang met die demografiese model (vergeelyk 5.3 en figuur 5.1) gebruik om demografiese uitdagings die hoof te bied.
- Resente en relevante bronne aangaande demografie sal die teoretiese basis bied waarop die kundiges wat betrokke is by die bestudering van demografiese tendense, demografiese eise van die onderwysstelsel benader.
- Rekenaarprogramme is onontbeerlik in die analiseringsprosesse van demografie. Akkurate opnames, statistiese verwerkings, analisering en aanbevelings is noodsaaklik in die toereikende funksionering van die demografiese benadering.

Die heroorweging van hierdie prosesseringsriglyne sal afhang van die demografiese realiteit asook die spesifieke administratiewe struktuur waarvolgens die poste van die betrokke funksionaris georden en aangewend word.

## **5.6 SAMEVATTING**

Hierdie hoofstuk het gehandel oor die begrippe *model* en *riglyne*. Verskeie menings aangaande hierdie begrippe is bespreek om sodoende die verlangde perspektief vir die leser te skep.

Die model vir die prosessering van demografie is bespreek na aanleiding van die ondersoek wat in hoofstukke 2 tot 4 gedoen is. Hierdie model bied beide 'n inligtings- en beplanningsinisiatief in die onderwysstelsel en kan aangewend word vir demografiese prosessering in alle onderwysstelsels. Die drie kategorieë (vergeelyk 5.3.1) waarvolgens die model demografiese prosessering benader,

beklemtoon die inligtings- en beplanningsrol. Hierdie kategorieë bied vir alle rolspelers, belanghebbendes en deelnemers aan die onderwysstelsel 'n greep op die demografiese eise waarmee die onderwysstelsel gekonfronteer word.

In hierdie hoofstuk is ook 'n gekonsentreerde weergawe van die meriete van die demografiese model en die samehangende benadering van die prosessering bespreek. In die volgende hoofstuk word die kritieke aspekte van die studie saamgevat. Bevindinge word konsolideer en relevante aanbevelings word gemaak om veral meer lig te werp op die wyer veld van Vergelykende Opvoedkunde aangaande hierdie studie.

---

---

## HOOFSTUK 6

---

---

### SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

#### 6.1 INLEIDING

In hierdie studie is 'n model ontwikkel om demografie as determinant van die onderwysstelsel te prosesseer. Die model fokus op algemene demografiese voorvereistes, spesifieke demografiese imperatiewe en 'n onderwysstelsel-gebaseerde benadering. Die studie het ook met 'n voorstel vorendag gekom wat riglyne uitspel om demografie in die plaaslike konteks te hanteer.

#### 6.2 SAMEVATTING

In die eerste hoofstuk is gefokus op die agtergrond en meriete van die studie. Die resultate van 'n loodsondersoek het die aktualiteit van die navorsing bevestig en die parameters van die studie bepaal. Die probleemvrae, navorsingsdoelstellings, metode van ondersoek en voorlopige hoofstukindeling is in dié hoofstuk uitgelig.

Hoofstuk 2 van die studie fokus op die verklaring van die relevante konsepte van die studie sowel as die ondersoek na *demografie* as determinant van die onderwysstelsel. 'n Teoretiese ondersoek van wat *demografie* in onderwysstelselverband beteken is onderneem en die verskillende komponente of aspekte van *demografie* is vir onderwysvoorsieningsdoeleindes uitgelig. 'n Geskikte voorbeeld van hoe *demografie* verstaan behoort te word, word ook in hoofstuk 2 voorgestel. Die wêreldwye implikasies van die demografiese tendense vir

onderwysstelsels in verskillende streke van die wêreld is ondersoek ten einde die prosessering van demografie in onderwysstelselverband toe te lig.

Wêreldwye demografiese tendense is blootgelê sodat die strewe na 'n demografiese model universele eienskappe kan insluit. Dis ook noodsaaklik dat verskillende onderwysstelsels gemeet kan word aan gemeenskaplike sowel as unieke demografiese tendense. Demografiese implikasies vir die komponente en elemente van die onderwysstelsel is ook in hoofstuk 2 uitgelig. Die benadering van onderwysvoorsieners kan 'n strukturele karakter hê aangesien die inagneming van die struktuur van die onderwysstelsel noodwendig die bewustheid van die gewenste balans ten opsigte van prioriteite in die onderwysstelsel sal beklemtoon. Slegs 'n bestudering van demografiese eise aan onderwysstelsels wêreldwyd (soos aangebied is in hoofstuk 2) kan kulmineer in 'n model wat wêreldwyd aangewend kan word vir demografiese prosessering.

Hoofstuk 3 van die studie het betrekking op die plaaslike of streeksvlak. In dié hoofstuk is die Noordwesprovinsie van Suid-Afrika gebruik om lig te werp op die hantering van demografiese eise van 'n plaaslike onderwysstelsel. Suid-Afrikaanse demografiese data word aangewend om die provinsiale (Noordwes) data in perspektief te verstaan. Die algemene demografiese gegewens is beskryf aangesien die provinsiale onderwysstelsel binne 'n spesifieke demografiese konteks funksioneer. Die onderwysdata van die Noordwesprovinsie is ook bespreek om die leser 'n onderwysstelselperspektief te bied op die demografiese eise van die provinsie. Aangesien die Noordwes Departement van Onderwys die amptelike onderwysvoorsiener van die provinsie is, het die bespreking van demografiese eise in die konteks van dié onderwysdepartement plaasgevind.

Die empiriese ondersoek is in hoofstuk 4 van die studie bespreek waar die navorsingsontwerp beskryf is. 'n Vraelys is gebruik om eerstens die demografiese uitdagings te bepaal en tweedens om vas te stel hoe die

onderwysstelsel daaraan beantwoord. Skoolhoofde van die Noordwesprovinsie is as respondente gebruik aangesien demografiese eise op skoolvlak in aggeneem moet word. Skoolhoofde tree as bestuurders op van die plaaslike demografiese imperatiewe en beleef eerstehands die eise wat demografie aan die onderwysstelsel stel.

Op grond van die literatuurstudie (hoofstuk 2), die verklaring van plaaslike demografiese eise (hoofstuk 3) en die empiriese ondersoek (hoofstuk 4) is 'n konseptuele model vir die prosessering van demografie as determinant van die onderwysstelsel in hoofstuk 5 ontwikkel. Hoofstuk 5 bied ook insig in die soort riglyne waarvolgens die model toereikend aangewend word. Die model vir demografiese prosessering in die onderwysstelsel is aan die hand van grafiese voorstellings en besprekings voorgestel. Dit kan beskou word as 'n instrument om demografiese eise in onderwysstelselverband wêreldwyd aan te spreek.

Die navorsing het ook met sekere bevindings vorendag gekom wat in die volgende paragrawe bespreek word.

## **6.3 BEVINDINGS**

### **6.3.1 Bevindings aangaande die literatuur**

Die literatuurstudie het die volgende belangrike punte na vore gebring:

- Baie uitdagings bestaan nog aangaande die akkommoderingsaspek van leerders in onderwysstelsels wêreldwyd (vergelyk 2.5). Toetredings-, deelname-, uitval- en voltooiingskoerse aan onderwysstelsels is nog nie na wense nie (vergelyk 2.4.2) en alhoewel sekere aspekte deur sekere onderwysstelsels wel beheers word bestaan en ontstaan daar steeds nuwe onverwagse demografiese eise. Die relevansie van 'n demografiese model sal dus aktueel bly, alhoewel die aard van só 'n model as temporaal beskou moet word.

- Verskillende demografiese imperatiewe (vergelyk tabel 2.1) moet in ag geneem word aangesien dit uiteenlopende eise aan onderwysstelsels stel. Op verskillende tye en in verskillende omstandighede verskil die prominensie van sekere aspekte van demografie.
- Onderwysstelsels is oor die algemeen nie slegs aan nasionale demografiese eise onderworpe nie, maar ook aan internasionale demografiese veranderings en gebeure (vergelyk 2.4) en moet dus dienooreenkomstig beplan.
- Onderwysstelselbeleid moet gereeld of deurlopend getoets word aan die demografiese werklikhede verteenwoordigend van die teikengroep op bepaalde tye. Onderwysstelselbeleid moet ook voldoen aan sekere eienskappe wat beide die primêre doelwitte van die onderwysstelsel konsolideer en ook die hoër sosiale doelwitte van 'n samelewing nastreef (vergelyk 2.5.1).
- Onderwysstelseladministrasie behoort as die implementerings-komponent van die onderwysstelsel paraat gehou te word ten einde demografiese realiteite te hanteer. Groot uitdagings aangaande die vestiging van en aanpassing tot die gewenste administratiewe prosesse vir die hantering van demografie kenmerk hierdie komponent van die onderwysstelsel (vergelyk 2.5.2).
- Die onderwyskundige struktuur word direk deur demografiese imperatiewe gekonfronteer en kan meestal slegs 'n aanpassingsrol vervul onderworpe aan die beleids- en administratiewe leiding van die onderwysstelsel. Die sewe elemente (vergelyk 2.2) van hierdie komponent noodsaak 'n meer omvattende benadering van die hantering van demografiese eise indien elke element tot sy reg moet kom (vergelyk 2.5.3 en tabel 2.3).
- Ondersteuningsdienste is ook baie direk onderworpe aan demografiese eise wat aan die onderwysstelsel gestel word. Spesifieke demografiese gebeure

lei tot die nood van sekere ondersteuningsdienste (vergelyk 2.5.4). Ondersteuningsdienste is ook baie tydgebonde en kan soos byvoorbeeld tans in Suid-Afrika, onder die vergrootglas kom met die infasering van 'n nuwe kurrikulum en die verandering in skole se status ten opsigte van medium van onderrig.

- Verskillende streke (ontwikkelde en ontwikkelende dele) van die wêreld verteenwoordig verskillende demografiese eise. Die grootste enkele faktor behalwe demografiese imperatiewe wat onderwysstelsels drasties beïnvloed is die sosio-ekonomiese realiteite van die streke (vergelyk 2.4).

### **6.3.2 Bevindings aangaande die Noordwesondersoek**

Die belangrikste bevindings van die empiriese studie is soos volg:

- Die Noordwesprovinsie is ook onderworpe aan die demografiese tendense wat 'n prominente rol speel in die res van Suid-Afrika. Die invloed van MIV/Vigs, verstedeliking, veeltaligheid, gelyke ontplooiing van opvoeders en migrasie (vergelyk 3.2 en 3.3) stel uitdagings aan die onderwysdepartement ten opsigte van onderwysvoorsiening.
- Basiese skooldata van dié provinsie toon dat die getal opvoeders vinniger afneem as die getal leerders en as die Suid-Afrikaanse gemiddelde (vergelyk tabel 3.7). Dit spel gevaar vir die Noordwes Departement van Onderwys veral vir die toekoms.
- Die Noordwes Departement van Onderwys staan ook groot agterstande in die gesig aangaande die basiese infrastruktuur van skole in die provinsie (vergelyk 3.3). 'n Balanseringsperspektief is dus ook nodig ten opsigte van die uitwis van agterstande en die voorsiening in die huidige demografiese eise.

- Die aard van demografiese eise verskil van onderwysstreek tot onderwysstreek. Alhoewel dieselfde administratiewe en bestuurstelsel in alle onderwysstreekte geld, word die uitdagings wat aan die streek gestel word hoofsaaklik gedomineer deur die sosio-ekonomiese opset in elke streek (vergelyk 3.4.1).
- Die dilemma van die opvoeder-tot-leerder-ratio van die Noordwesprovinsie toon dat 'n herbesinning nodig is ten opsigte van die relevansie van die posvoorsieningsformules (vergelyk 3.5.1). Aangesien skole onderworpe is aan unieke demografiese eise ontstaan daar unieke eise ten opsigte van die hantering van demografie by skole.
- Die veeltalige aard van die Noordwesprovinsie noodsaak 'n heroorweging van die huidige ontplooiing van opvoeders en skakeling met tersiêre instellings (vergelyk 3.5.2). Die status van die onderrigmedium van skole word hoofsaaklik beïnvloed deur die ekonomiese ontwikkelings in die provinsie.
- Demografiese eise aan die onderwysstelsel bring ook beleidsimplikasies (vergelyk 3.5.3.1) mee, waaronder die befondsing van skole. Die verskillende demografiese imperatiewe wat werkzaam in die onderwysstelsel is, veroorsaak dat befondsing ontoereikend ervaar word wat gevolglik kwaliteitonderwys kompromitteer.
- Die relevansie van die meetinstrumente wat demografie probeer vaslê in skole word ondermyn deur die demografiese verwickelinge in die Noordwesprovinsie (vergelyk 3.5.3.2). Suksesvolle hantering van demografie in die onderwysstelsel kan nie plaasvind sonder die ware onderwysdata nie.
- Die hantering van demografie binne streekverband toon groot leemtes ten opsigte van die betrokkenheid van skoolhoofde, bemagtiging van skoolhoofde en skoolbesture, die aanwending van kundiges, interdepartementele skakeling en die aanpassing van die

bestuursbenadering van die onderwysdepartement (vergelyk 4.2.6). 'n Totale herevaluering van dié situasie is nodig vir suksesvolle demografiese prosessering in streekverband.

- Daar bestaan 'n leemte om die spesifieke demografiese eise wat aan skole gestel word te hanteer (vergelyk 4.3.5). Demografiese imperatiewe (vergelyk figuur 2.1) plaas die administratiewe strukture van onderwysstreek onder druk en het 'n uitdagende invloed op skole.

## **6.4 AANBEVELINGS**

Die bevindings waartoe in hierdie navorsing gekom is lei tot die volgende aanbevelings:

- Onderwysvoorsieners moet ophou om die teikengroep slegs in getalle te definieer, aangesien die teikengroep voortdurend nuwe uitdagings na die onderwysstelsel bring.
- 'n Omvattende begrip van demografie is nodig om die ware implikasies van getalle te begryp. Alle moontlike elemente van demografie moet in ag geneem word tydens beplanning van onderwysvoorsiening.
- Onderwysvoorsieners moet skakel met ander verwante en belanghebbende departemente ten einde suksesvolle onderwysvoorsiening na te streef.
- Onderwysvoorsiening moet binne die konteks van die nasionale demografiese tendense beskou word, wat onderwysbeplanners instaat sal stel om 'n nasionale perspektief op plaaslike demografiese imperatiewe te ontwikkel.
- Leemtes in die meting van demografiese aspekte moet uitgeskakel word en meetinstrumente moet kan aanpas by die konteks en realiteite van die spesifieke teikengroep wie se data vasgelê word.

- Die onderwysstelselbeleid moet beide 'n aanpassings- en konsoliderings-karakter hê as die rigtinggewende komponent van die onderwysstelsel.
- Toetsing van die relevansie en sukses van die onderwysbeleide moet binne streekverband en op 'n tydgebonde basis plaasvind.
- Heroorweging van die administratiewe reëlings kan bydra tot die toereikende hantering van demografie, veral op provinsiale- en streekvlak waar spesifieke en tydelike demografiese eise ontstaan.
- Die suksesvolle funksionering van die elemente van die onderwysstelsel-administrasie kan slegs gewaarborg word met die ontplooiing en aanwending van hierdie elemente volgens die demografiese behoeftes van die teikengroep.
- Ondersteuningsdienste van die onderwysstelsel moet deurlopend heroorweeg word in die lig van die demografiese imperatiewe van die teikengroep.
- Die relevante demografiese imperatiewe moet uitgelig word deur onderwysbeplanners binne die land, provinsie en onderwysstreek om by te dra tot die toereikende prosessering van demografie in die onderwysstelsel.
- Die beplanning van onderwys moet 'n kollektiwiteitskarakter hê aangesien demografiese imperatiewe nie altyd deur slegs die onderwysdepartement toereikend benader sal kan word nie.
- Die onderwysvoorsiener moet die verandering van leerbehoefte in die onderwysstelsel deurlopend monitor, aangesien leerbehoefte verskillende demografiese imperatiewe tot gevolg het, wat 'n impak op die sukses van 'n onderwysstelsel het.

- Effektiewe skakelingsmeganismes tussen die elemente en komponente van die onderwysstelsel moet totstand gebring en gekonsolideer word, ten einde die suksesvolle hantering van demografie na te streef.

## **6.5 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING**

Die volgende aspekte van die onderwerp behoort verder bestudeer te word in toekomstige navorsing:

- Demografiese prosessering kan ook binne die ander agt provinsies plaasvind. Elke provinsie openbaar verskillende demografiese eienskappe.
- Die prosessering van die verskillende elemente van demografie kan in onderwysstelselverband ondersoek word om lig te werp op die eise wat aan die onderwysstelsel gestel word.
- Die ontwikkeling van kontekstspesifieke meetinstrumente per onderwysstreek kan 'n bydrae maak tot die toereikende hantering van demografie in die onderwysstelsel.
- 'n Beleidsondersoek wat gerig is op die Suid-Afrikaanse realiteit kan onderwysowerhede se insig in die hantering van demografie verbreed.
- Elke komponent van die onderwysstelsel kan ondersoek word met die oog op die aanpassing en herevaluering van die elemente van die onderwysstelsel.
- 'n Ondersoek na die meriete en aard van inligtingryke databasisse sal die vaslê van die demografiese realiteit verseker, wat weer sal bydra tot toereikende prosessering van demografie in die onderwysstelsel.
- Die toetsing van die demografiese model wat uit hierdie navorsing voortgevloei het, sal 'n bydrae lewer tot die uitbouing van vergelykende opvoedkunde.

- Die onderneming van navorsing om die ander interne- en eksterne determinante van die onderwysstelsel beter te begryp sal lei tot 'n meer toereikende hantering van onderwysuitdagings in Suid-Afrika.

## **6.6 TEN SLOTTE**

Solank as wat die teikengroep deur regerings as suiwer getalle beskou word, sal die Verenigde Nasies se Dekade (2005-2014) vir Onderwys vir Volhoubare Ontwikkeling ver tekort skiet van hierdie ideaal.

Die demografiese imperatiewe van ons tyd vereis 'n omsigtige begrip van die kwessie en 'n benadering in die onderwysstelselbeplanning- en voorsieningskonteks ten einde reg te laat geskied aan kwaliteit en kwantiteit in die onderwysstelsel. Bevolkingsverandering hou groot uitdagings in vir die onderwysstelsel en daarbenewens gee bevolkingsamestelling 'n totaal nuwe dimensie aan die begrip en proses van demografiese prosessering in die onderwysstelsel. Die bewustheid van regerings van die demografiese imperatiewe in die onderwysstelsel is bedenklik en onderwysvoorsiening begin en eindig gewoonlik met leerdergetalle en befondsing. Hierdie benadering word as kortsigtig beskou in die konteks van die kritieke uitdagings rakende onderwysvoorsiening, veral in die Derde Wêreld.

Hierdie navorsing het deur die gestelde doelwitte (vergelyk 1.2) die relevansie van die benaderings aangaande demografiese begrip en die gevolglike onderwysvoorsieningsimplikasies ondersoek. 'n Generiese model is ontwikkel om die prosessering van demografie in die onderwysstelsel binne die kontekstuele behoeftes van ons tyd toereikend te hanteer. Die strewe na basiese en hoër opvoedkundige uitsette van die onderwysstelsel is gedoem indien die fundamentele demografiese begrip van onderwysvoorsieners nie op peil is nie.

---

---

## BIBLIOGRAFIE

---

---

- ALTBACH, P.G. 1991. Trends in comparative education. *Comparative education review*, 35(3):491-507, August.
- ARCHER, M.S. 1984. Social origins of educational systems. Bristol : Sage. 234 p.
- ARNOVE, R.F. 1980. Comparative education and world systems analysis. *Comparative education review*, 24(1):48-62, February.
- ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1996. Introduction to research in education. 5<sup>th</sup> ed. Fort Worth : Harcourt Brace. 590 p.
- BARNARD, S.S. 1981. Vergelykende opvoedkunde vir onderwysstudente. Durban : Butterworth. 218 p.
- BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban : Butterworth. 287 p.
- BASSON, A. 2003. Provinsies kry hulp om onderwysgeld te bestee. *Beeld*:2, 24 Maart.
- BELLIS, I. 2000. Skills development: a practitioner's guide to SAQA, the NQF and the Skills Development Acts. Randburg : Knowledge Resources. 232 p.
- BEREDAY, G.Z.F. 1964. Comparative method in education. New York : Holt.
- BEREDAY, G.Z.F., BRICKMAN, W.W. & READ, G.H. 1960. The changing Soviet school: the Comparative Education Society field study in the U.S.S.R. Cambridge : Riverside Press.

- BERKHOUT, S.J. & BONDESIO, M.J. 1992. *Onderwysstelselkunde: perspektiewe*. Pretoria : Van Schaik. 151 p.
- BLACK, H.C. 1979. *Black's law dictionary: definitions of terms and phrases of American and English jurisprudence, ancient and modern*. 5<sup>th</sup> ed. St. Paul, Minn. : West.
- BOGUE, D.J. 1971. *Demographic techniques of fertility analysis*. Chicago, Ill. : University of Chicago Press. 116 p.
- BUACHALLA, S.O. 1982. Irish demographic issues and educational planning. *European journal of education*, 17(1):71-79.
- CAMPBELL, R.F., BRIDGES, E.M. & NYSTRAND, R.O. 1977. *Introduction to educational administration*. Boston, Mass. : Allyn & Bacon. 396 p.
- CAMPBELL, R.F., CORBALLY, J.E. & NYSTRAND, R.O. 1983. *Introduction to educational administration*. Boston, Mass. : Allyn & Bacon.
- CHAUBE, S.P. & CHAUBE, A. 1993. *Comparative education*. New Delhi : Vikas Publishing House. 582 p.
- COOLAHAN, J. 1981. *Irish education: its history and structure*. Dublin : Institute of Public Administration.
- COOMBS, P.H. 1985. *The world crisis in education: the view from the eighties*. New York : Oxford University Press. 353 p.
- COWEN, R. 1996. Last past the post: comparative education, modernity and the post modernity. *Comparative education*, 32(2):151-170.
- DE VILLIERS, M., SMUTS, J. & EKSTEEN, L.C. 1967. *Kernwoordeboek van Afrikaans*. Kaapstad : Nasou. 650 p.
- DE VRIES, A. 2004a. Waar is al die onderwysers dan? *Rapport*.27, 12 Desember.

DE VRIES, A. 2004b. Skoolgeld skei ryk en arm in SA skole. *Rapport:6*, 1 Junie.

DE WITT, J.T. 1983. Braine Holmes: 'n herwaardering van die vakkundige bydrae van een van die grootste lewende eksponente van die vergelykende opvoedkunde. *Suid-Afrikaanse tydskrif vir opvoedkunde*, 3(2):108-116p.

DOWNEY, L.W. 1988. Policy analysis in education. Calgary : Detselig Enterprises.

DROTSKY, J. 2004. Krisis in die onderwys. *Rapport:8*, 18 Januarie.

DU PLESSIS, Z. 2004. Persoonlike onderhoud. Potchefstroom, Vyfhoek Primêr. Maart.

DU PREEZ, L. 2003. Noordwes optimisties oor blinker toekoms. *Beeld:12*, 25 Februarie.

DUQUETTE, G.J. 1988. The establishment of a language assessment and development centre for minority language children with special needs. *Education Canada:22-27*, Spring.

EYBERS, J. 2003. Parallelmediumskole trek swaar. *net-Rapport:11*, 16 Maart. [Web:] [http://www.news24.com/Rapport/Content\\_display/Rapport Article Index/0,6186,752\\_1333](http://www.news24.com/Rapport/Content_display/Rapport Article Index/0,6186,752_1333) [Datum van gebruik: 17 Maart 2003].

EYBERS, J. 2004. Krisis in die onderwys. *Rapport:8*, 18 Januarie.

GALL, M.A., BORG, W.R. & GALL, J.P. 1996. Educational research: an introduction. 6<sup>th</sup> ed. White Plains, N.Y. : Longman. 788 p.

GOODEY, J.S. 1989. Die onderwysstelsel van Engeland. (In Dekker, E. & Van Schalkwyk, O.J., reds. *Moderne onderwysstelsels*. Durban : Butterworths. p. 122-162.)

HAT *kyk* Odendal, F.F., red.

- HAUSER, D. & DUNCAN, O.D. 1959. The study of population. Chicago, Ill. : University of Chicago Press.
- HODGKINSON, H. 2001. How are shifting demographics in the United States affecting the population that most concerns educators: their students? *Educational leadership*, 59(4):1-11, January.
- HOUGH, J.R. 1984. Educational policy: on international survey. London : Croom Helm.
- HOY, W.K. 1978. Educational administration: theory, research and practice. New York : Mc Graw-Hill. 302 p.
- HOY, W.K. & MISKEL, C.G. 1991. Educational administration: theory, research, practice. Caledonia : McGraw-Hill. 484 p.
- HÜFNER, K. 1981. Demography and higher education: some theoretical and empirical considerations on their interrelationships. *European journal of education*, 16(3/4):325-337.
- HUYSAMEN, G.K. 1993. Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe. Halfweghuis : Southern Boekuitgewers.
- ILON, L. 1994. Structural adjustment and education; adapting to a growing global market. *International journal of education development*, 14(2):95-108.
- JACOBS, R. 2003. Persoonlike onderhoud. Mooirivier Laerskool, Potchefstroom. 17 Maart.
- JONES, H.L. 2002. Structure and agency in education: the role of comparative education. *Comparative education review*, 38(1):5-6, February.
- JONES, P.E. 1971. Comparative education: purpose and method. Queensland : University of Queensland Press.

JONKER, M.P. 1994. 'n Bestuursinligtingstelsel vir 'n staatsondersteunde skool. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - PhD.)

KANDEL, I.L. 1933. Comparative education. London : Harrap. 922 p.

KENT, R., ALVAREZ, G. & RAMIREZ, R. 2002. The Mexican educational system: societal trends and issues for the twenty-first century. (In Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C. Education systems of émerging countries. Noordbrug : Keurkopie. p. 150-204.)

KERR, D.H. 1976. Educational policy: analysis, structure and justification. New York : Mckay.

KING, E.J. 1973. Other schools and ours. 4th ed. London : Holt, Rinehart & Winston.

KOSINSKI, L.A. & PROTHERO, R.M. 1975. People on the move: studies on internal migration. London : Methuen.

KOWALSKI, T.J. 1988. The organization and planning of adult education. Albany, N.Y. : State University of New York Press. 218 p.

KRIEL, L.L.R. 1995. 'n Model vir onderwysprofessionaliteit in 'n veranderde Suid-Afrika. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - PhD.)

LABUSCHAGNE, F.J. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse woordeboek. 8ste hers. uitg. Pretoria : Van Schaik. 1117 p.

LANE, W.R., CORWIN, R.G. & MONAHAN, W.G. 1966. Foundations of educational administration: a behavioral analysis. New York : Macmillan. 432 p.

LAUBSER, A. 2003. Provinsies kry hulp om onderwysgeld te bestee. *Beeld*:2, 24 Maart.

LEEDY, P.D. & ORMROD, J.E. 2001. Practical research, planning and design. 7<sup>th</sup> ed. Upper Saddle River, N.J. : Prentice Hall.

- LIEBENBERG, D. 2004. Spoke sit KZN-skole vol. *Beeld*, 2 Februarie.
- LINN, J. 2004. Hidden challenges to education systems in transition economies. education. Sector strategy paper for Europe and Central Asia region. [Web:] <http://lnweb18.worldbank.org/eca.nsf/O/> [Datum van gebruik: 25 Oktober 2004].
- LION, S. 2003. Persoonlike onderhoud. Promosa Sekondêr, Potchefstroom. 20 Maart.
- MALGAS, D. 2004. Krisis in die onderwys. *Rapport:8*, 18 Januarie.
- MALLINSON, V. 1957. An introduction to the study of comparative education. London : Macmillan.
- MANNGO, N.P. 2004. Underpaid teachers are in fact forgotten heroes. *City press*:22, March 28.
- MARAIS, De La R., CALITZ, L.P. & VAN WYK, C.F.M. 1983. Die integrering van onderwysmedia in lesaanbieding. Johannesburg : McGraw-Hill. 143 p.
- MARGINSON, S. & MOLLIS, M. 2001. Theories and reflexivity's of comparative education for a global millennium. *Comparative education review*, 45(4):581.
- MCGINN, N. 1994. The impact of supranational organizations on public education. *International journal of education development*, 14(3):289-298.
- MENTZ, E. 2000. Rekenaartegnologie-opleiding vir onderwysers: 'n uitkoms-gebaseerde benadering. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - PhD.)
- MOEKETSI, P. 2004. Persoonlike onderhoud. Boitshoko Secondary, Potchefstroom. Maart.
- MOKGASI, J. 2004. Persoonlike onderhoud. Dan Tloome Primary, Potchefstroom. Maart.

- MOSTERT, W.P., HOFMEYER, B.F. & OOSTHUIZEN, J.S. 1998. Demografie: 'n handboek vir die Suid-Afrikaanse student. Pretoria : RGN.
- MOUTON, J. & MARAIS, H.C. 1990. Metodologie van die geesteswetenskappe. Pretoria : RGN. 269 p.
- NEDERLAND. Ministerie van Onderwijs en Wetenschappen. 1987. Onderwijskundige ontwikkelinge in Nederland, 1984-1986. (Docinform nr. 330.) Zoetenmeer : Centrale Directie Voorlichting.
- NEUMAN, W.C. 1997. Social research methods: qualitative and quantitative approaches. Needham Heights, Mass. : Allyn & Bacon.
- NOAH, H.J. & ECKSTEIN, M.A. 1969. Toward a science of comparative education. New York : Macmillan. 270 p.
- NOORDWES (Suid-Afrika). 2003. Kitsopname van 10de skooldag. Potchefstroom : Noordwes Departement van Onderwys.
- NOORDWES (Suid-Afrika). 2004. Kitsopname van 10de skooldag. Potchefstroom : Noordwes Departement van Onderwys.
- NOORDWES (Suid-Afrika). North-West Department of Education. 2003. Annual report, 2000/2001. Mafikeng : Department of Education. [Web:] <http://www.nwpg.org.za/Education/mission.asp> [Datum van gebruik: 20 Maart 2003].
- NOORDWES (Suid-Afrika). North-West Department of Education. 2004. Annual report, 2003/2004. Mafikeng : Department of Education.
- ODENDAL, F.F., red. 1984. Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg : Perskor.
- OOSTHUIZEN, I.J. 2003. Aspects of educational law. 3rd ed. Pretoria : Van Schaik. 281 p.

- ORLOSKY, D.E., McCLEARY, L.E., SHAPIRO, A. & WEBB, L.D. 1984. Educational administration today. Columbus, Ohio : Merrill.
- PAKHEDI, M. 2004. Persoonlike onderhoud. Tsipane Primary, Potchefstroom. Maart.
- PARNWELL, M. 1993. Population movements and the Third World. London : Routledge. 158 p.
- PRESSAT, R. 1972. Demographic analysis: methods, results, applications. Chicago, Ill. : Aldine / Atherton. 498 p.
- RADEMEYER, A. 2004. Meer skole en klaskamers is nie nodig. *Beeld*, 16 Januarie.
- RAMIREZ, F.O. & BOLI-BENNETT, J. 1982. Global patterns of educational institutionalization. (*In* Altbach, P.G., Arnove, R.F. & Kelly, G.P., eds. Comparative education. New York : Macmillan. p. 15-36.)
- RICHARD, I. 1981. The impact of demographic change on education systems in the European community. *European journal of education*, 16(3/4):275-285.
- RIEKERT, S. 2003. Persoonlike onderhoud. Departement van Onderwys, Potchefstroom. 3 Maart.
- RILEY, N.E. 2003. Demography in the age of the post modern. New York : Cambridge University Press. 199 p.
- SCHNELL, G.A. & MONMONIER, M.S. 1983. The study of population: elements, patterns, processes. Columbus, Ohio. : Merrill. 371 p.
- SILVERMANN, D. 2000. Doing qualitative research: a practical handbook. London : Sage.
- SINGH, N. 2004. Quest for improved communication. *City press*, 8 February.

SMIT, J.G. 1992. Mediëringsvaardighede vir effektiewe onderwys=  
differensiëring. Potchefstroom : PU vir CHO. (Proefskrif - PhD.)

SMIT, J.J.A. 1998. Modelle in die onderrig van Fisika. *SA tydskrif vir natuurwetenskap en tegnologie*, 17(4):137-142.

SMITH, T.L. & ZOPF, P.E. 1970. Demography: principles and methods. Philadelphia, Pa. : Davis. 590 p.

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2003. Census 2000/2001/2002/2003/2004: Mid-year estimates of the population of the North West (2000/2001/2002). [Web:] <http://www.statssa.gov.za/RELEASES/NATACCNT/htm> [Datum van gebruik: 10 November 2003].

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2004. Halfjaarlikse skatting van bevolking. [Web:] <http://www.statssa.gov.za/publications/PO302/Po3022004.pdf>. [Datum van gebruik: 22 Oktober 2004].

STATISTIEK SUID-AFRIKA. 2005. Statistiese vrystelling. [Web:] <http://www.statssa.gov.za/publications/P0302/PO3022004.pdf> [Datum van gebruik: 01 Februarie 2005].

STEINER, G.A. 1979. Strategic planning: what every manager must know. London : CollierMacMillan.

STEYN, H.J. 1991. Struktuur van die onderwysstelsel. Potchefstroom : PU vir CHO. Departement Sentrale Publikasies. 97 p.

STEYN, H.J. 1992. Die struktuur van die onderwysstelsel. (*In* Berkhout, S.J.& Bondesio, M.J., reds. *Onderwysstelselkunde: perspektiewe*. Pretoria : Van Schaik. p. 47-69.)

STEYN, H.J. 2002. Die determinante van die onderwysstelsel. (*In* Steyn, H.J., Steyn, S.C., De Waal, E.A.S. & Wolhuter, C.C. 2002. *Die onderwysstelsel: struktuur en tendense*. Noordbrug : Keurkopie. p. 139-156.)

STEYN, H.J. & STEYN, S.C. & DE WAAL, E.A.S. 2001. The South African education system: core characteristics. Noordbrug : Keurkopie. 148 p.

STEYN, H.J., STEYN, S.C., DE WAAL, E.A.S. & WOLHUTER, C.C. 2002. Die onderwysstelsel: struktuur en tendense. Noordbrug : Keurkopie. 260 p.

STEYN, H.J. & WOLHUTER, C.C. 2000. The education system and probable societal trends of the twenty-first century. (In Steyn, H.J. & Wolhuter, C.C., eds. Education systems of emerging countries: challenges of the 21<sup>st</sup> century. Noordbrug : Keurkopie. p. 1-40.)

STONE, H.J.S. 1972. Struktuur en motief van die onderwysstelsel: 'n studie in die vergelykende opvoedkunde. Pretoria : UNISA. (Proefskrif - DEd.) 189 p.

